

# WEPad Saam

GRATIS

Uitgawe 70 • Desember 2021 | Januarie 2022

**PROTEK**  
Vir jou Huis en Tuin!

Insektdoders	Onkruiddoders	Swamdoders
Spesialeite	Knaagdierdoders	Kunsmis

0861 PROTEK (0861 77 88 39) | www.protek.co.za



Geseënde  
Kersfees &  
Voorspoedige  
2022

**Nuwe  
direksievoorsitter  
is boer in murg en  
been**

**Kruipvoer vir  
lammers bied  
nét voordele**

**Verstaan die  
SPEENVARK**

**Bly te alle tye  
bewus van  
veiligheid**

**VAKANSIE PRETBOEK**

Wen 'n R2 000-koopbewys by enige VKB- of NTK-handelstak en 'n boereplaas.

Naam en Van: \_\_\_\_\_  
 Ouderdom: \_\_\_\_\_  
 Dorp/Plas: \_\_\_\_\_  
 Kontak nommer: \_\_\_\_\_

**Hou die kinders besig**

**Te ruil: Sonlig vir kontant**







# ONS KLINK 'N KOPPIE...

**M**ylpale moet gevier word, so klink saam 'n koffietjie oor AgriSeker se nuutontwikkelde IT-stelsel. Dié geïntegreerde platform skep 'n papierlose omgewing waar boere se oesversekering aanlyn geskied – met 'n voetspoor vanaf die plaas tot in die boer se bankrekening.

Nog 'n nuuttjie is 'n kraakvars AgriSeker-webtuiste wat dié aanlyn bymekaarkomplek van oesversekering is. Gesels aanlyn met ons by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za) of kontak jou versekeringsmakelaar.



AgriSeker Onderskrywingsbestuurder (Edms) Bpk.  
Reg no. 2014/235270/07 is 'n Gemagtigde  
Finansiële Dienste Verskaffer: FSP no. 45767.  
Onderskryf deur Land Bank  
Insurance (SOC) Bpk.  
Reg no. 2012/115426/30.



# INHOUD



Lees nou  
**Die Pad Saam**  
aanlyn op  
[www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)  
onder die opskrif  
**Die Pad Saam**



## 31-32

### Die 7 doodsondes van kuddebestuur by kleinvee: Geldsake

**Uitgewer:**  
VKB

**Redakteur:**  
Hannelie Cronjé  
Posbus 100  
Reitz 9810  
Tel. 058 863 8223  
[hanneliec@vkb.co.za](mailto:hanneliec@vkb.co.za)

**Ontwerp en uitleg:**  
Ryno Steyn (VKB)  
Ishan van Blerk (VKB)

**Taalversorging:**  
Lize Mulder

**Druk:**  
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**  
Hannelie Cronjé (VKB)  
[hanneliec@vkb.co.za](mailto:hanneliec@vkb.co.za)  
Sel. 083 303 6117

*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by [aswem@vkb.co.za](mailto:aswem@vkb.co.za)

4	Voorwoord: Om uit die as te verrys
5	Kersboodskap aan al VKB se belanghebbers
7-8	Nuwe direksievoorsitter is boer in murg en been
10-11	Te ruil: Sonlig vir kontant
14-15	Wat is klimaatsverandering: Die feite, gevare en moontlike oplossings
16	Veldwysheid: LEEUS brul KONING
18-20	Bly te alle tye bewus van veiligheid
21	Die landboubedryf en werksbeserings: Wat 'n boer moet weet
22-23	Bayer: Gemoedsrus het 'n nuwe betekenis
24-25	Sonneblom: Wat is die ideale plantdiepte?
26	Besproeiingskoring
28-30	Suurgrond – behoorlike vermenging van kalk is 'n móét
31-32	Die 7 doodsondes van kuddebestuur by kleinvee: Geldsake
33-40	Protek: Vir jou huis en tuin
42-43	Kruipvoer vir lammers bied nét voordele
44-46	Verstaan die speenvark
48-49	Kruipvoer vir varke: Begin op jong ouderdom
51-58	Hou die kinders besig
59-60	Raak 57 lewens aan deur orgaan- en weefselskenking
61	VKB-Bieliemielie
62	VKB Milling: Ryke verlede, dinamiese hede, belowende toekoms
63-65	VKB Promosie
66	VKB NUUS
68-70	SA boer se skoffeleg staan sy man teen ingevoerde werktuie
71	Meganisasie: Gebruikte goedere

## 44-46

### Verstaan die speenvark

## 7-8

### Nuwe direksievoorsitter is boer in murg en been

### Te ruil: Sonlig vir kontant

## 10-11



Ons staan aan die einde van 2021 en as ons terugkyk, sien ons baie trane, baie kommer en tussendeur ook groot vreugdes. Die trane en kommer het deurgaans een vername rede – 'n miniskule virus wat letterlik die hele wêreld kom omkrap het.

Baie van ons het familie, vriende, kollegas of kennisse verloor weens Covid-19; party besighede se deure kan nooit weer oopmaak nie weens Covid-19; baie van die jaar se kommer het om Covid-19 en sy gevolge gedraai. In ons plaaslike gemeenskap moes ons ook 'n paar lede en kollegas groet en al is daar altyd iemand wat dieselfde werk kan doen as diegene wat nie meer met ons is nie, is daar tóg 'n leemte wat nooit deur iemand anders gevul kan word nie.

Ons het ook suksesse beleef – ons het genoeg reën gekry en ons het winste getoon – maar dis al asof die laaste twee jaar se hartseer swaarder weeg.

Maar... ons staan ook aan die begin van 'n nuwe jaar – 2022. En wie weet watter wonderlikhede hierdie nuwe jaar dalk inhou? Ons kan net in geloof en blye verwagting uitsien na die goeie wat op ons wag.

Wat my laat dink het aan hierdie geskrif van The Pacific Institute wat ek onlangs raakgelees het:

“Baie mense raak ontmoedig en gooi jou op wanneer hulle by 'n struikelblok in hul pad kom, maar hoogs suksesvolle mense weet hoe om struikelblokke in trapklippe te omskep sodat hulle kan aanhou vorentoe beweeg om hul doelwitte te bereik. Dis 'n groot gawe om die goeie in slegte situasies te vind en dit is 'n geskenk wat jy vir jouself kan gee as jy sou kies om dit as 'n gawe te sien.

“In Desember 1914 is Thomas Edison, die uitvinder van onder meer die grammofoon en die eerste praktiese, bruikbare gloeilamp, se laboratoriums in West Orange, New Jersey, feitlik heeltemal in 'n brand verwoes. In net

een nag het Edison twee miljoen dollar se toerusting en die rekords van die meeste van sy lewenstaak verloor. Die volgende oggend toe hy tussen die verbrande oorblyfsels van so baie van sy hoop en drome stap, het die 67-jarige Edison gesê: 'Daar lê groot waarde opgesluit in rampe. Al ons foute is uitgebrand. Dank Vader ons kan nou weer van nuuts af begin.'

“Of dink so daaraan: 'Dit gaan nie oor die as nie, want dit vertel die storie van wat was. Dit gaan daarvoor dat 'n mens genoeg visie moet hê om te verstaan dat die storie wat tussen die as lê, gereed staan om die droom te bou wat bo hierdie as gaan verrys.' (Craig D. Lounsbrough, 'n professionele berader)

“Die vermoë om die voordele in slegte situasies te sien sal jou in feitlik elke tipe onderneming goed te staan kom, of dit nou verkope of produksie is, kuns of die verkenning van die lugruim, jou persoonlike of professionele lewe. Soms is dit 'n moeilike ding om te doen, en soms kan dit 'n lang ruk neem om daardeur te werk, maar dit kan gedoen word. En dink net aan al die moontlikhede! Ons kan weer oor begin, met 'n skoon lei of witbord of stuk papier – hoe jy ook al daarvoor wil dink.

“Onthou, dit beteken nie jy moet maak asof goed wonderlik is wanneer dit inderdaad baie erg is nie. Maar as jy pyn en teleurstelling as deel van die lewe aanvaar, as jy dit kan sien vir wat dit is en dan aanbeweeg, as jy rampe in die gesig kan staan en dit sien vir wat dit is en dan 'n seëning daarin vind, dán sal jy die beste van slegte tye kan maak.”

Mag ons almal die gawe ontvang – of dit vir onself “aanleer” – om in die jaar wat voorlê terug te kyk op hoe ver ons deur die hartseer en teleurstellings en probleme van die jaar wat agter ons lê, gevorder het, en die seëninge raak te sien wat uit die as van die ondervindinge verrys het.

*Hannelie*

VKB wens elke lid en ook elke lid van die gemeenskap 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 2022 toe.





# Kers- boodskap aan al VKB se belanghebbers

2021 staan einde se kant toe. Nog 'n uitdagende jaar is agter die rug. 'n Jaar waarin die virus ons nog nie wou los nie en ons steeds in isolasie en agter maskers moes lewe. Die tyd gaan so vinnig verby dat 'n mens nie kan glo dat dit al bykans twee jaar is wat ons onder hierdie onsekere en abnormale omstandighede leef nie.

'n Mens kan ook amper nie dink dat dit al weer tyd is om Kersfees te vier nie. Gelukkig is Kersfees 'n wonderlike tyd in meeste van ons se lewe.

Kersfees bied vir ons 'n ruskans ná 'n lang jaar se arbeid wat vir ons geleentheid gee om te reflekteer op die afgelope jaar se voorspoed, teenspoed, suksesse en mislukkings. 'n Tyd om lesse te leer uit ons ervarings van die afgelope jaar sodat ons die nuwe jaar kan bou op die fundamente van die positiewe ervarings van die afgelope jaar.

Kersfees gee vir ons 'n wonderlike geleentheid om saam met ons familie en geliefdes te wees. Ons raak so meegevoer deur die eise van die vinnige omgewing waarin ons lewe dat ons nie meer genoeg tyd spandeer aan die mense vir wie ons lief is nie, totdat dit te laat is en daardie geleenthede vir ewig verby is. Vanjaar dink ons in besonder aan familie, kollegas en vriende wat hierdie jaar vir die eerste keer 'n Kersfees sonder 'n geliefde moet deurbring.

Mag ons in hierdie tyd ook reflekteer oor al die seëninge in ons lewe. Ons aanvaar soveel dinge as vanselfsprekend totdat dit op 'n dag nie meer so is nie. As ons om ons

rondkyk, het ons soveel om voor dankbaar te wees. Ons sal mense sien wat veel minder as ons het, maar ten spyte daarvan baie gelukkige mense is bloot omdat hulle fokus op die positiewe in hul lewe en omdat hulle inherente vrede ervaar.

Die belangrikste van alles is dat Kersfees 'n geleentheid is wat ons moet boeke wat oor ons Geestelike lewe. 'n Tyd wat ons met dankbaarheid die grootste geskenk van alle tye moet ontvang, naamlik die Ewige Lewe wat Jesus Christus deur Sy kruisdood vir elkeen van ons moontlik gemaak het.

Mag die Kersfees van 2021 vir elkeen van VKB se mense 'n ware Christus-fees en 'n baie geseënde Kersfees wees.

Kersfees beteken ook nog 'n jaar is verby. Uit 'n besigheidsoogpunt was 2021 'n uitdagende jaar, maar 'n jaar waar ons beter aangepas was by die onseker omstandighede. 'n Jaar waarin meeste van VKB se mense weereens hul allerbeste vir die maatskappy gegee het ten spyte van baie uitdagings. Daarvoor wil ons graag vir elkeen van hulle dankie sê en erkenning gee vir die besondere bydrae wat elkeen op sy of haar gebied gelewer het.

Landbouprodusente is die spil waarom ons besigheid draai. Die kernrede vir VKB se bestaan. Ons wil ook vir ons produsente baie dankie sê vir hulle lojale ondersteuning die afgelope jaar en ons gaan in die nuwe jaar poog om op alle terreine te verbeter met die diens wat ons aan julle lewer.

Ons wil ook vir die Hemelse Vader dankie sê vir die seën wat Hy oor ons besigheid en oor ons mense uitgestort het. Dit was vir baie besighede 'n uiters moeilike jaar en baie ondernemings het nie die abnormale omstandighede oorleef nie. Ons finansiële jaar is reeds ver gevorder en dit is met groot dankbaarheid dat ons vir u kan sê dat dit 'n baie goeie jaar vir VKB is.

Ek wens vir elkeen van julle en julle geliefdes net die beste wense toe vir 2022. Mag dit vir VKB en al sy belanghebbers 'n wonderlike voorspoedige jaar wees.

**Koos Janse van Rensburg**  
Besturende direkteur VKB



OLDMUTUAL



# ONS ONDERSTEUN LANDBOUERS AL MEER AS 100 JAAR

Old Mutual Insure werk al meer as 100 jaar saam met landbouers om voorsiening te maak vir die wis en die onwis. Laat ons omsien na dit wat dalk kán gebeur, terwyl jy fokus op dit wat móét.

**Kontak jou makelaar vir meer inligting oor ons Agriplus-produkoplossings, of besoek [ominsure.co.za](http://ominsure.co.za)**



**INSURE**

**DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG**

Produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure. Old Mutual Insure Limited is 'n gelisensieerde FDV en nie-lewensversekeraar.



# Nuwe direksievoorsitter is boer in murg en been



**C**oenraad Fick is pas aangewys as die nuwe voorsitter van die VKB-direksie, nadat hy sedert Augustus 2010 die ondervoorsitter was.

Met hierdie aanstelling sit hy 'n Fick-tradisie voort: Sy pa, JJ Fick (Kosie), was van 1973 tot 1985 ook 'n direksielid, maar dit was oupagrootjie JJ Fick (Koos), wat van 1921 tot 1925 en weer van 1929 tot 1952 op die direksie gedien het, wat die tradisie begin het. Met allerhande faktore wat die ekonomie en die landboubedryf tans beïnvloed, kan dit maklik die grootste uitdaging wees waarmee 'n mens nog gekonfronteer is, want daar is soveel onsekerhede. Ons lees hoe Covid-19 alle ekonomiese bedrywighede tans raak – of dit nou ons mielies is wat in Durban of in Richardsbaai op die hawe bly staan omdat die in- en uitvoere gekortwiek word deur die onluste en verwoesting wat in Julie reeds plaasgevind het, of die brande wat groot dele droogtegeteisterde gebiede in die Vrystaat lam lê, en dan die verkiesings wat tydens die skrywe hiervan nog voorgelê het. Daarom is daar baie lede wat van Coenraad verwag om amper soos 'n Moses uit die Bybelse tyd nou die “volk” deur die woestyn te lei.

Die Pad Saam het vir Coenraad 'n paar vrae gevra om te hoor hoe hy hierdie uitdagings gaan benader. As derdegeslagboer op die plaas Welkom buite Reitz, woon Coenraad vandag letterlik op sy geboortegrond.

“Ek was in die laerskool by twee plaasskole hier naby en daarna in die Hoërskool Vereeniging,” vertel hy.

“Ná skool het ek in 1979 die graad BSc Agric aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat voltooi.

“Ek wou nooit iets anders doen as om te boer nie. Dis 'n groot voorreg. Die natuur se oneindige verskeidenheid fassineer my nog altyd.”

Met 'n pa wat op VKB se direksie gedien het, sê Coenraad was hy altyd baie bewus van VKB.

“Ek het ook destyds 'n studiebeurs van VKB gehad wat ek in my eerste jare nadat ek in 1982 begin boer het, moes terugbetaal.”

In 2006 het van sy medeboere hom versoek om hom vir die VKB-direksie verkiesbaar te stel. Vandag weet ons dat hulle beslis die regte kwaliteite in Coenraad raakgesien het, want sy mede-direksielede het hom

slegs vier jaar later tot ondervoorsitter verkies.

Ten spyte van talle uitdagings waarmee die landboubedryf gekonfronteer word, is Coenraad in sy eie woorde steeds “baie positief en opgewonde” oor die toekoms van hierdie bedryf.

“Daar is beslis 'n toekoms vir die jong persoon wat vandag landbou studeer.

“Die landbou is op 'n goeie plek en gaan met die vierde industriële revolusie waarin ons tans is 'n nog meer opwindende tyd tegemoet.”

Ten opsigte van VKB se huidige werksaamhede en die pad wat gestap gaan word onder sy voorsitterskap, sê Coenraad: “Ek sal graag eerstens die planne en groei-inisiatiewe waarmee ons reeds besig is suksesvol wil sien uitspeel. Daar is nog baie werk om te voltooi. “Tweedens sal ek graag wil hê dat ons in so 'n sterk posisie kom dat ons die uitdagings en voordele van snelle veranderinge en nuwe tegnologie ten volle kan hanteer en benut.”

Op die vraag oor waar hy VKB oor vyf jaar sien, sê Coenraad: “Ek sien VKB as dié landboumaatskappy van keuse vir aandeelhouders, kliënte, werknemers en verskaffers wat die gemeenskappe en omgewing waar ons betrokke is, versterk en groei deurlopend stimuleer.”

Coenraad die gesinsman sê hy, sy vrou, Barbra met wie hy 40 jaar getroud is, hul drie seuns, twee skoon dogters en drie kleinkinders spandeer graag oor naweke tyd saam. ‘

“Hoewel ons seuns ander loopbane volg, is hulle deelyds betrokke by die boerdery.

“Drie van ons is ook passievol oor vlieg en lugvaart en ons vlieg bykans elke naweek. Verder braai ons en gaan Sondae graag saam kerk toe.

“Ons hou baie van die bosveld vir vakansie hou en spandeer heelwat tyd in Limpopo en in die wildtuin.

Ons geniet ook die see en om ons land se diversiteit te verken asook buitelandse bestemmings."

Coenraad bly ook 'n ewige student in dié opsig dat sy leesstof baie akademiese boeke insluit.

"Ek het onlangs *The future is faster than you think* van Peter H. Diamandis en *The Upside of Down* van Bruce Whitfield gelees en beide baie geniet. Tans lees ek *Fortuine* van Ebbe Domnisse. En ek lees ook graag Deon Meyer se boeke," sê hy.

Vir woorde van wysheid wat hy kies om met lesers en lede te deel, haal hy Henry Ford aan wat gesê het: "If there is any one secret of success, it lies in the ability to get the other person's point of view and see things from that person's angle as well as from your own".

Ons wens vir Coenraad alle sukses toe met sy nuwe rol in die direksie en stel ons vertrou in hom dat hy die maatskappy op goeie paaie sal lei.



# Agter elke man

Die spreekwoord sê dat daar agter elke suksesvolle man 'n vrou staan – 'n vrou wat dikwels alleen by die oueronderwyseraand opdaag, wat haar sake so moet reël dat sy die kinders kan rondry, wat soms alleen die skoolkonsert of die sportwedstryd moet bywoon, 'n vrou wat glo in haar man en hom te alle tye bystaan.

In Coenraad Fick, nuwe voorsitter van die VKB-direksie, se geval is daardie vrou Barbra. *Die Pad Saam* het by haar uitgevis hoe dit vir háár is om agter hierdie man te staan.

Barbra sê sy geniet dit "om elke dag deel te mag hê in die werksaamhede op die plaas en om die pad in geloof saam met Coenraad te stap" hoewel "droogte, hael, laat-koue op vrugte en diere wat swaarkry" vir haar die minder aangename deel is daarvan om 'n boer se vrou te wees.

Maar, sê sy, as dit weer Coenraad is, sou sy beslis weer met 'n boer getrou het. Sy erken dat sy beslis nie voor die troue heeltemal geweet het wat dit alles sal behels om 'n boer se vrou te wees nie, maar dat dit danksy die besondere vennootskap en band tussen hulle twee is dat sy dit geniet.

Sy is ten nouste betrokke by die plaasbedrywighede, want "ek is betrokke in die kantoor en ek help ook graag in die pakhuis gedurende die aartappelseisoen. Tog voel ek dit is elke vrou se keuse of sy deel wil wees van die plaasbedrywighede.

"Ek dink nie daar is veel meer miskonsepsies oor 'n boer se vrou nie, aangesien die meeste vroue deesdae hulle eie beroepe beoefen."

As sy raad kon uitdeel aan jong vroue wat in 'n verhouding met 'n boer is, sal dit wees om vir "hom lief te wees en hom te ondersteun en boonop in hom te vertrou in alles wat hy aanpak".

Barbra sê hoewel sy graag kook, kon sy "bak nog nooit heeltemal bemeester nie".

"Maar ek bederf Coenraad graag met skaapboud en patats."

Oor Coenraad se aanstelling as voorsitter van die VKB-direksie sê sy: "Ek is baie trots op hom en vol vertrou dat hy die pad vorentoe met entoesiasme en toewyding sal stap saam met VKB."





Jy mag jou tandarts een keer per jaar benodig.

## JY BENODIG 'N BOER DRIE KEER PER DAG.

Al geniet ons daagliks die resultaat van hul harde werk, is dit maklik om die belangrikheid van boere en hoe hulle ons lewens beïnvloed, te vergeet. Hulle is waarlik ons ekonomie se hartklop, want wat hulle produseer, is noodsaaklik vir die groei van Suid-Afrika. Daarom is Standard Bank die bank wat 'n plan maak vir boere, met 'n volledige banksuite wat alles insluit, van 'n oortrokke fasiliteit om werkskapitaal te finansier tot oesversekering. Want as 'n boer wen, wen ons almal. Vir meer inligting besoek [www.standardbank.co.za/agribusiness](http://www.standardbank.co.za/agribusiness)


**Standard Bank** *IT CAN BE™*

# Te ruil: Sonlig vir kontant

deur dr. Philip Theunissen

Die Verenigde Nasies se Voedsel- en Landbou-organisasie beweer dat die opmerkbare veranderinge van die aarde se klimaat wat sedert die middel van die vorige eeu waargeneem word tot 'n groot mate, indien nie uitsluitlik nie, voor die deur van menslike aktiwiteite gelê kan word. Die mens se vermoë om die planeet se landskap te verander, tesame met die voortdurende toename in die bevolking, stel die mensdom in staat om die natuurlike staat van die planeet onbedoeld en onvoorsienend maar ook onherstelbaar te verander. Kweekhuysgasse wat deur ekonomiese bedrywighede vrygestel word, bou geleidelik op in die atmosfeer en verwarm die aardoppervlak en seetemperature wat weer ander veranderinge in klimaatsverskynsels veroorsaak, soos ekstreme droogtes en vloede. Die meeste van hierdie gasse, spesifiek koolstofdoksied (CO<sub>2</sub>), breek nie vinnig genoeg af nie en bou dus vir dekades en selfs eeue op in die atmosfeer om nie net die huidige klimaatpatrone nie, maar ook toekomstige weerstoestande te beïnvloed. Dit beteken uiters dat die huidige generasie van die mensdom 'n verantwoordelikheid het om daadwerklik op te tree sodat toekomstige generasies nie met 'n uitgediende planeet sit wat op 'n skrootwerf tuis hoort nie.

Volgens Grafiek 1 het die wêreldwye vrystelling van kweekhuysgasse vanaf 37 000 miljoen ton in 1990 tot 51 000 miljoen ton in 2016 gestyg. Dit is 'n toename van 38%. In 2016 kon 11,2% van die totale vrystellings van kweekhuysgasse direk aan primêre landbou-aktiwiteite toegeskryf word. Dit het 5 795 miljoen ton beloop wat 'n toename van 15% is teenoor 1990. Hierdie toenames in die vrystelling van kweekhuysgasse veroorsaak 'n verandering in die aarde se energiebalans wat daartoe lei dat sekere dele van die planeet warmer word en ander dele koeler word. Dit het weer tot gevolg dat hittegolwe en droogtes meer intens is en langer duur, windsnelhede en swaar reënval toeneem, die voorkoms van siklone en tornado's meer word, koue vortekse met swaar sneeuval op ongewone plekke voorkom en dat seevlakke styg. Dit is alles klimaatsveranderinge wat volgens aanduidings deur die mens se eie toedoen geskep word.




Bron: Our World in data

Hierdie veranderinge hou 'n wesentlike bedreiging vir boere in. Landbou is uiters afhanklik van goeie konstante weer, nie net reënval nie maar ook minimum en maksimum temperature, windintensiteit, verdamping en so meer. Ramings toon gevolglik dat klimaatsverandering wêreldwye landbouproduksie teen 2050 met tot 17% kan verminder. Dit gaan weer tot voedseltekorte lei wat uiteindelik in hongersnood gestalte gaan vind.

## Landbou se rol

Maar landbou is nie net 'n slagoffer van kweekhuysgasvrystellings nie. Dit lewer self 'n wesentlike bydrae daartoe. Die verandering in grondgebruik en grondbedekking sedert kommersiële landbou sowat 12 000 jaar gelede begin posvat het, het geleidelik, maar veral die afgelope 50 jaar, tot 'n aansienlike verlies aan grond-organiese koolstof (GOK) en gevolglike vrystelling van kweekhuysgasse, gelei. Hoewel die verlies aan GOK moeilik bepaalbaar is, is 'n statistiese model deur drie wetenskaplikes ontwikkel wat die verlies relatief tot die tydperk kan bereken vóórdat grond vir kommersiële landboudoeleindes gebruik is, die sogenaamde punt van *No Land Use* (NoLU).





Bron: Proceedings of the National Academy of Sciences (PNAS)

Grafiek 2 veronderstel dat die maksimum GOK wat in die grond vasgelê kan word by NoLU voorgekom het, gemeet aan grond wat nooit en nog steeds nie die afgelope 12 000 jaar versteur is nie. Soos wat grondgebruik vir landboudoeleindes begin toeneem het en die natuurlike grondbedekking afgeneem het, is al meer GOK uit die grond ontsluit. Daar was veral sedert die middel van die vorige eeu 'n skerp toename in die verlies aan GOK wat in landbougrond vasgelê was.

Anders as wat die geval met fossielbrandstofvrystellings is, is boerdery se verlies aan koolstof nie so langdurig nie. Dit kan weer herstel word en Grafiek 2 verteenwoordig terselfdertyd ook die kapasiteit wat landbou het om vrygestelde kweekhuysgasse in die grond te kan vaslê. Landbou het dus enorme potensiaal om 'n direkte invloed op die oorsake van klimaatsverandering uit te oefen om sodoende deel van die oplossing en nie 'n slagoffer daarvan te wees nie.

## Landbou as oplossing

In die Parys-ooreenkoms van 2015 het verteenwoordigers van 196 regerings, Suid-Afrika ingesluit, hulleself daartoe verbind om die gemiddelde styging in die aarde se temperatuur tot onder 2 °C te beperk. Hierdie doelwit is as die onomkeerbare punt beskou waar die ontwrigtende impak van klimaatsverandering tot humanitêre rampspoed sal lei. Ten spyte van hierdie baie duidelike boodskap skets die Verenigde Nasies se Emissions Gap Report van 2019 egter 'n sombere prentjie van die werklikheid. Wêreldwye kweekhuysgasvrystellings het oor die afgelope dekade aanhou styg en daar is geen aanduiding dat dit gaan afneem nie. Daadwerklike en meer aggressiewe regstellende maatreëls is dringend nodig om aardverwarming binne die perk van 2 °C te hou. Dit sal nog meer aggressiewe pogings verg om die uiteindelijke mikpunt van 1,5 °C te bereik. Om dit te kan doen, kan die bestaande koolstofvlakke in die atmosfeer nie net gehandhaaf word nie, die proses moet omgekeer word sodat koolstof onttrek word en weer in die grond vasgelê word. Ten einde 'n wesentlike ommekeer in klimaatsverandering te bewerkstellig, moet wêreldwye koolstofvrystellings teen 2030 dus gehalveer word van wat dit tans is en teen 2050 moet sulke vrystellings tot nul beperk word. Tans gebeur die teenoorgestelde.



Bron: PricewaterhouseCoopers (PwC)

PricewaterhouseCoopers se Netto Zero Ekonomiese Indeks, soos weerspieël in Grafiek 3, toon die wêreldwye koolstofonttrekkingskoers as % van Bruto Binnelandse Produk (BBP) vanaf 1990 tot 2019. Dit dui nie die wesentlike "positiewe" impak aan wat die Covid-pandemie op koolstofonttrekkings in 2020 gehad het nie. Lande wat inperkings ingestel het, het afnames van tot 25% in die vraag na energie ondervind, maar sedertdien is energieverbruik weer besig om na vorige vlakke terug te keer.

In 2019, vóór die pandemie, was die koolstofonttrekkingskoers 2,4% gewees. Dit is die vermindering in koolstofvrystellings per dollar se BBP. In ooreenstemming met verskeie ander bronne is dit ver onder die koers wat nodig is om die doelwit van die Parys-ooreenkoms te eerbiedig. Omdat die wêreld reeds agter geraak het op hierdie doelwit moet koolstof nou teen 'n jaarlikse koers van 7,7% uit die atmosfeer onttrek word en indien die uiteindelijke mikpunt van 1,5 °C bereik wil word, moet die ooreenstemmende onttrekkingskoers 11,7% beloop. Dit sal grootskaalse transformasie van elke ekonomiese sektor dwarsoor die wêreld, ongekeerde innovasie én oortuigende leierskap verg om hierdie mikpunt te bereik.

Soos wat koolstofonttrekking meer dringend word, draai die oë noodwendig toenemend na boere vir uitkoms, spesifiek hul vermoë om koolstof in die grond te kan vaslê. Daar is reeds bemoedigende koolstofmarkte vir boere in Australië, die VSA en Kanada met markte in die Europese Unie wat binne die volgende vyf jaar tot stand kan kom.

## GOK-kapasiteit


Fotosintese is 'n belangrike biochemiese proses waarmee plante, alge en sommige bakterieë die energie van sonlig benut om voedsel te vervaardig. Die meeste lewende organismes is per slot van sake direk of indirek afhanklik van fotosintese vir hul voedsel. Die organiese koolstof wat plante dus in die grond kan vaslê, is in wese organiesverpakte sonlig. Organiese materiaal, in die vorm van GOK, word deur grondkundiges as die belangrikste aanduiding van grond se kwaliteit en gepaardgaande produktiwiteit geag en word gevolglik as die hoeksteen van hernubare landbou beskou. Opsigself is dit nie 'n voedingstof wat deur 'n plant opgeneem kan word nie, maar grondmikrobes doen die omskakeling daarvan na plantbeskikbare voedingstowwe. Wanneer grond bewerk word, breek dit fyn en word dit belug. Hiermee word die organiese materiaal met die grond vermeng, die kontakoppervlakte word verhoog en die tempo waarteen die mikrobes dit afbreek, word versnel. Die rede hiervoor is dat die mikrobes onder sulke omstandighede vermenigvuldig omdat daar skielik meer voedingstowwe vir hulle beskikbaar is. Hulle verteer die koolstof wat van die organiese materiaal afkomstig is en sit dit om in CO<sub>2</sub> wat dan in die atmosfeer vrygestel word. Konvensionele bewerkingsmetodes, wat toenemend sedert die middel van die vorige eeu op plase toegepas is, ontsluit die opgebergde koolstof in die grond en dra dus by tot landbou se wêreldwye koolstofvrystelling van 11,2%. Gevolglik is ongeveer die helfte van landbougrond se vasgelegde koolstof van 50 jaar gelede as gevolg van bewerkingspraktyke in die atmosfeer vrygestel. Die rede hiervoor is dat daar elke jaar meer GOK verlore gaan as wat daar in die vorm van oesreste en dieregis herwin word. GOK kan weer in groot hoeveelhede opgebou word deur grondbewerkings tot die minimum te beperk, deur dekgewasse op kaal lande te plant en om dieregis in die grond vas te lê. In die VSA dui navorsing daarop dat daar gemiddeld tussen 32 en 65 ton koolstof vir elke hektar landbougrond in die grond vasgelê kan word en dat dit van 1,2 tot 2,5 ton/ha per jaar gedoen kan word. Dit sal gevolglik van 13 jaar teen die minimum tot 26 jaar teen die

maksimum neem om die grond se volle kapasiteit weer met koolstof te hervul. Dit beteken dat landbougrond die potensiaal het om na raming twee tot drie keer die hoeveelheid koolstof wat tans in die atmosfeer is in die grond te kan vaslê.

Die potensiele koolstofkrediete het uiteindelik 'n geldwaarde vir boere. Finansiële instellings en beleggers se sentiment is baie vinnig besig om ten gunste van groen energie en gevolglik groen finansiering te verskuif. Wêreldwyd is daar dus 'n toenemende aantal internasionale maatskappye wat hulleself teenoor hul finansierders en aandeelhouders verbind het om hul koolstofvrystellings te verminder. Verder verbind voedsel- en veselverwerkers hulle ook toenemend daartoe om omgewingsvriendelik geproduseerde produkte aan hul klante te verskaf en gevolglik raak die naspoorbaarheid terug na omgewingsvriendelike boerderypraktyke al meer die standaard en nie meer die uitsondering nie. Hierdie verbintenisse kan nie noodwendig deur die maatskappye self geïmplementeer word nie en moet onvermydelik op verskaffers afgedwing of na ander bronne uitgekonnekteer word en dit skep 'n vraag na markte waar koolstofkrediete gekoop kan word. Sulke krediete ontstaan wanneer kweekhuiskasse wat deur 'n goedgekeurde projek in die grond vaslê kan word verreken kan word teen die koolstof wat deur 'n ander instansie vrygestel word. Die vraag na sulke krediete is op die vooraand van 'n ontploffing en die aanbod daarvan is huidig die beperkende faktor. Dit behoort die prys van koolstofkrediete op te jaag en skep 'n unieke geleentheid vir boere om vergoed te word vir die toepassing van omgewingsvriendelike boerderypraktyke.

## Hernubare landbou

Die voordele van hernubare landbou is al deeglik bewys én gedokumenteer en die geleidelike opbou van GOK is fundamenteel tot die sukses daarvan omdat dit met beter grondvrugbaarheid, beter waterhouvermoë, beter grondstruktuur en beter ionenuitruiling geassosieer word. Dié boere wat hulleself reeds op 'n roete van hernuwingslandbou in terme van geen bewerking en dekgewasse bevind, sal die koolstofmark met geringe aanpassings kan betree. Dit gaan egter baie oorrading verg om diegene wat onwrikbaar tot konvensionele bewerkingspraktyke verbind is van die teendeel te oortuig. Die finansiële insentief van koolstofkrediete mag dalk net die finale motivering wees om die oorskakeling na hernubare landbou, veral in Suid-Afrika, te versnel. Dit gaan immers



Bron: Intergovernmental Panel on Climate Change (IPCC)

Soos reeds in Grafiek 2 getoon, is daar 'n duidelike interaksie tussen grondgebruik en grondbedekking aan die een kant en klimaatsverandering aan die ander kant. Grafiek 4 toon egter dat hierdie interaksie veelvlakdig is, naamlik dat die oormatige vrystelling van kweekhuiskasse tot



meer intense droogtes, vloede, windsneede en koele fronte lei. Hierdie ekstreme weerverskynsels lei weer tot die degradering van landbougrond in die vorm van erosie. Die verlies aan bogrond verminder op sy beurt die grond se GOK-kapasiteit en dit het op die lang duur weer 'n impak op die grond se produksiepotensiaal. Die uiteinde is dat landbougrond dan tot kweekhuiskasvrystellings en gevolglik klimaatsverandering bydra en dit nie teenwerk nie. Onvolhoubare boerderypraktyke verswak landbou se produksiepotensiaal en ontnem die sektor van die geleentheid om as 'n koolstofopbergfasiliteit te dien. Indien hierdie proses dus omgedraai kan word, kan landbou se redelik uitgeputte vlakke van GOK weer hervul word, kan die degradasie van landbougrond weer herstel word, kan die produksiepotensiaal van landbougrond verbeter word, kan klimaatsverandering teëgewerk word en kan boere finansiële voordeel daaruit trek om omgewingsvriendelike boerderypraktyke toe te pas.

## Erkenning

Landbou het op vele vlakke 'n invloed op die toestand van die omgewing. Selfs al dra boerderypraktyke tot 'n mindere mate as energie-opwekking of vervoer by tot die vrystelling van kweekhuiskasse, het dit die uitsonderlike potensiaal om as opgaarplek van koolstof te dien en kan dit met 'n aanpassing in boerderypraktyke koolstof uit die atmosfeer onttrek en in die grond vaslê. Landbou kan dus gebruik word, én daarvoor vergoed word, om die teikens van die Parys-ooreenkoms te help bereik.

Boere is veronderstel om op die voorpunt van besluite oor klimaatsverandering te wees. Daar is haas nie nog 'n ekonomiese sektor wat só direk deur veranderende weerpatrone geraak word soos landbou nie. Die landbousektor is ook waarskynlik die enigste sektor wat 'n direkte bydrae kan lewer om klimaatsverandering teë te werk. Tog is boere wêreldwyd baie huiwerig om na boerderypraktyke oor te skakel wat die proses van degradasie van landbougrond kan omkeer. In baie lande is boere selfs hewige teenstanders van regerings wat beleidsmaatreëls toepas wat klimaatsverandering aanspreek.

Die reëls is egter baie duidelik vir landbou uitgespel: vind maniere om 'n groeiende wêreldbevolking te voed en te klee op 'n wyse wat die huidige trajek van klimaatsverandering sal omkeer. Dit beteken dat hernubare boerderypraktyke tot 'n volgende vlak gevat moet word. Koolstofkrediete kan 'n finansiële insentief wees om sulke praktyke verder aan te moedig sodat die toekoms van die planeet beveilig kan word.

## BRONNE:

Hekker, G. *Smart farmers*. 24 Dec 2020.  
 IPCC Report. *Climate Change and Land: an IPCC special report on climate change, desertification, land degradation, sustainable land management, food security, and greenhouse gas fluxes in terrestrial ecosystems*. 2019.  
 Jonathan Sandermana,1,2, Tomislav Hengl,1, and Gregory J. Fiskea. *Soil carbon debt of 12,000 years of human land use*. PNAS. February 2018  
 McDowell, J. *Cover Crops and Carbon Sequestration: Benefits to the Producer and the Planet*. March 2019.  
 Trexler, M. *Soil carbon market could grow quickly globally*. January 2019.





# PIONEER.

GEMAAK OM TE GROEI™

## GEMAAK OM TE GROEI™

Ons toewyding en verbintenis om oplossings te vind wat oesopbrengste kan help verbeter en die produktiwiteit van boere regoor die wêreld te verhoog, bly die hoeksteen van ons besigheid.

[pioneer.com/za](http://pioneer.com/za)  
[info.rsa@pioneer.com](mailto:info.rsa@pioneer.com)



# Klimaatverandering: Die feite, gevare en moontlike oplossings

deur Hannelie Cronjé

Is klimaatverandering regtig so 'n bedreiging of word ons weer net bang gepraat deur die wêreld se regerings? En hóekom is klimaatverandering so 'n probleem? Kan jy onthou hoe jy as kind heeldag lank in die son kon deurbring – of dit nou om die huis, in die swembad, op die plaas of by die see was – sonder om jou gaar te verbrand? Kan jou kinders vandag dieselfde sê of doen? Het jy opgelet hoe anders is die weer en die seisoene deesdae as 'n paar jaar gelede? Sukkel jy skielik vir die eerste keer in jou lewe met hooikoors, sinus of asma? Dit alles is die gevolge van klimaatverandering.

Wêreldtemperatuur styg weens menslike aktiwiteit, en klimaatverandering bedreig nou elke aspek van menslike lewe. As daar nie daadwerklik ingegryp word nie, gaan die mens en die natuur katastrofiese verwarming beleef met droogtes wat net erger en erger gaan word, die seevlak wat gaan styg en grootskaalse uitsterf van spesies. Ons word deur 'n enorme probleem in die gesig gestaar, maar daar is potensieële oplossings.

## Wat is klimaatverandering?

Klimaat is die gemiddelde weer van 'n plek soos oor baie jare ervaar en aangeteken. Klimaatverandering is wanneer daardie gemiddelde toestande begin verander.


Die vinnige klimaatverandering wat ons nou beleef, word veroorsaak deur die mens se gebruik van olie, gas en steenkool vir hul huise, fabrieke en vervoer.

Wanneer hierdie fossielbrandstowwe brand, word kweekhuisgasse vrygestel – meestal koolstofdioksied ( $\text{CO}_2$ ). Hierdie gasse vang die son se hitte vas en veroorsaak dat die planeet se temperatuur styg.

Die wêreld is nou ongeveer  $1,2^\circ\text{C}$  warmer as wat dit in die 19de eeu was, en die hoeveelheid  $\text{CO}_2$  in die atmosfeer het sedertdien met 50% gestyg!

## Die wêreld word al warmer

Jaarlikse gemiddelde land- en seetemperature bo of onder aemiddeld. 1850 tot 2020



Let wel: Gemiddelde bereken vanat 1951 tot 1980-data  
Bron: University of California Berkeley

Temperatuurstygings moet verstadig indien ons die ergste gevolge van klimaatverandering wil verhoed, sê wetenskaplikes. Hulle sê aardverhitting moet gehou word by  $1,5^\circ\text{C}$  teen die jaar 2100. Tog, indien geen verdere stappe gedoen word nie, kan die planeet met meer as  $2^\circ\text{C}$  warmer word teen die einde van hierdie eeu.

Indien niks gedoen word nie, reken wetenskaplikes, kan aardverwarming meer as  $4^\circ\text{C}$  wees, wat tot vernietigende hittegolwe kan lei, miljoene mense sal hul huise weens die stygende seevlak verloor en daar sal 'n onomkeerbare verlies aan plante- en dierspesies wees.


## Wat is die impak van klimaatverandering?

Erge rampe wat deur die weer veroorsaak word en menselewe bedreig, kom al hoe meer en in erge grade voor. Met verdere verwarming sal party streke totaal onbewoonbaar raak soos wat landbougrond eenvoudig in woestyne gaan verander. In ander streke is die teenoorgestelde aan die gebeur, met erge reënval wat geskiedkundige oorstromings veroorsaak, soos in die afgelope paar jaar in China, Duitsland, België en Nederland gesien is.

Mense in armer lande sal die meeste daaronder ly aangesien hulle nie die geld het om by klimaatverandering aan te pas nie. Baie plase in ontwikkelende lande verduur reeds klimate wat te warm is en dit gaan net erger raak.

## Hoe die wêreld warmer word

Geprojekteerde jaarlikse gemiddelde temperatuurveranderinge relatief tot 1850-1900, by verskillende vlakke van aardverwarming



Ons oseane en die seelewe daarin word ook bedreig. Die Groot Barrière-rif in Australië, byvoorbeeld, het reeds die helfte van sy korale sedert 1995 verloor weens warmer seewater wat deur klimaatverandering veroorsaak word. Veldbrande kom al hoe meer gereeld voor soos wat klimaatverandering die gevaar van warm, droë weer veroorsaak. En soos wat bevrore grond in plekke soos Siberië smelt, word die kweekhuisgasse wat vir eeue vasgevang was, in die atmosfeer vrygelaat, wat die klimaatverandering vererger.

In 'n warmer wêreld sal diere dit moeiliker vind om die kos en water wat hulle vir oorlewing nodig het, te vind. Ysberge, byvoorbeeld, kan uitsterf aangesien die ys waarop hulle staatmaak, wegsmelt, en olifante sal sukkel om die 150 tot 300 liter wat hulle per dag benodig, te vind.

Wetenskaplikes is van mening dat minstens 50 spesies in hierdie eeu nog kan uitsterf indien daar nie drasties opgetree word nie.

## Hoe sal verskillende wêrelddele geraak word?

Klimaatverandering het verskillende gevolge in verskillende dele van die wêreld. Party plekke sal warmer word as ander, party sal meer reën kry en ander sal droogtes ondervind. Indien temperatuurstygings nie onder  $1,5^\circ\text{C}$  gehou kan word nie:

- sal die Verenigde Koninkryk en Europa meer oorstromings weens erge reënval ondervind;
- sal lande in die Midde-Ooste erge hittegolwe beleef en landbougrond sal in woestyn verander;
- kan binnelandse nasies in die Pasifiese streek onder die see verdwyn;



- sal baie Afrikalande droogtes en voedseltekorte ondervind;
- sal droogtetoestande meer in die westelike deel van Amerika voorkom terwyl ander streke meer intense storms sal ondervind; en
- sal Australië onder erge hitte en droogtes ly.



## Wat doen regerings?

Lande stem saam dat klimaatsverandering net aangespreek kan word wanneer almal saamwerk, en in die Parys-ooreenkoms van 2015 het lande hul samewerking belowe om alles te doen om aardverwarming op die 1,5 °C-merk te hou.

Die VK het in November weer 'n spitberaad, die COP26, gehou waar lande hul planne vir hoe om hul koolstofspoor te verminder vir 2030 moes voorlê.

Baie lande het onderneem om teen 2050 geen koolstof meer vry te stel nie. Dit beteken dat kweekhuisgas-vrystelling sover as moontlik verminder moet word en om die oorblywende vrystelling te balanseer deur 'n gelyke hoeveelheid uit die atmosfeer te absorbeer.

Kenners stem saam dat dit haalbaar is, maar dit sal vereis dat regerings, besighede en ook individue groot veranderinge moet maak.

# Wat kan individue doen?

Groot veranderinge sal van regerings en besighede se kant moet kom, maar wetenskaplikes sê party klein veranderinge in ons eie lewe kan die impak op die klimaat beperk:

- Vlieg minder met vliegtuie;
- Probeer om jou motor so min as moontlik te gebruik deur fiets te ry of te stap of om saamryklubs te stig sodat mense nie een-een in 'n motor iewers heen ry nie. Dit geld veral in die stede, waar geweldige spitsverkeer ondervind word en 'n mens oral mense sien wat stoksielalleen ry. Maak van openbare vervoer gebruik waar dit beskikbaar is. Of skaf 'n elektriese motor aan.
- Koop energie-doeltreffende produkte, soos wasmasjiene en yskaste wanneer jou huidige toerusting vervang moet word.
- Maak van sonkrag gebruik eerder as om elektrisiteit, waar steenkool as energiebron verbrand word, te gebruik.
- Maak seker jou huis is goed geïsoleer teen hitte en koue, eerder as om lugversorgers en verwarmers te gebruik.
- Herwin, herwin. Alle verpakking wat van plastiek, glas en papier gemaak word, behoort herwin te word. Jy dink miskien jou huishouding is klein en julle gebruik nie so baie van bogenoemde stowwe nie, maar as elke huishouding so redeneer, word die massa vullis op die vullisterreine reg oor die wêreld net groter en groter. As daar nie herwinningsgeriewe in jou omgewing is nie, is dit dalk die ideale geleentheid vir jôu om so 'n fasiliteit op jou dorp te begin.

Bron: <https://www.bbc.com/news/science-environment-24021772>



**WATEX**  
Since 1998  
QUALITY HOSE MANUFACTURER



**WATEX**<sup>®</sup>  
Since 1998  
QUALITY HOSE MANUFACTURER



## SLEEP WATERSLANG

- 10-Jaar Leef tyd
- 5-Jaar Leef tyd



## GEWAS SPUISSLANG

**Binnevoering:** NITRIEL PVC  
**Omhulsel:** BLOU PVC  
**Toepassing:** Insekdoder bespuiting, kompressorslang, pneumatiese gereedskap, ens.

**Binnevoering:** Wit, insekdoder- en kunsmisbestande Nitriël PVC.

WATEX "DRAGLINE" 5-JAAR WAARBORG	
PRODUK-KODE:	DL12030 DL20030
Nominale Deursnee (mm)	12 20
Drukbestand Kpa	4000 3500

WATEX QUALITY DRAGLINE HOSE 10-JAAR WAARBORG PLUS SABS GOEDGEKEUR			
PRODUK-KODE:	DL101230	DL102030	DL102530
Nominale Deursnee (mm)	12	20	25
Drukbestand Kpa	5000	4500	4000

**Ons vervaardig en verskaf ook slange vir:**

- Mynbou • Nywerheid • Boubedryf • Tuine

Asook Vooraf-verpakte Bybore vir tuinslange





Reinforced Hosing (Pty) Ltd

Tel: 011 769 2600

[www.watex.co.za](http://www.watex.co.za)

Die toer deur VELDWYSHEID duur voort...

Kern-etiese sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Veldwysheid* en hierdie etiese sakelesse word oor verskeie uitgawes bespreek.

# LEEUS brul KONING

Verbeel jou jy is 'n luislang wat op 'n prooi lê en wag. Dikwels tevergeefs. Vergelyk dit met die gedrag van 'n leeu. 'n Leeu lê nie en wag tot iets gebeur nie. Hy gaan soek proaktief na 'n prooi en basuin dit uit met 'n vreesaanjaende gebrul.

'n Leeu is aan die toppunt van die voedselketting omdat min diere so 'n gevaarlike dier sal uitdaag. Selfs in periodes van ekstreme hongersnood word die leeu nie maklik deur ander diere aangevat nie. As 'n mens nog hierby die leeu se ongelooflike reukvermoëns en nagsig voeg, word dit duidelik hoekom die leeu die koning van die oerwoud genoem word.

In die moeilike ekonomiese omstandighede wat ons tans weens Covid-19 beleef, kan sakelui heelwat by Koning Leeu leer: Openbaar leeu-gedrag en moenie toelaat dat vrese jou vermoëns om mee te ding verlam nie. Moenie soos die luislang bly lê en hoop vir geleenthede om jou kant toe te kom nie. Gaan doelgerig uit om jou "prooi" – sakegeleenthede – te jag.

Soek nuwe metodes of ontwikkel beter maniere om besigheid te verkry, soos die leeu wat sy reukvermoëns en nagsig inspan om enige moontlike prooi op te spoor. Onthou ook dat lig die donker verdryf, maar dat die donker jou óók toelaat om die sterre beter te sien. Die kans dat jy nuttige geleenthede sal opspoor, is oneindig groter as jy aktief daarvoor "jag"!

Terwyl 'n mens oor die ekonomiese feite nugter moet wees, moet jy terselfdertyd daarteen waak dat die resessie in jousêlf posvat. Geen sakepersoon kan bekostig om sy of haar verstand in 'n "resessie" te laat beland nie, want 'n emosionele resessie kan maklik tot depressie in jou kop lei! Dit laat my dink aan die verhaal van die groep paddas wat uitgedaag is om teen 'n geoliede paal op te klim. Die toeskouers het wild te kere gegaan en spottende aanmerkings na die deelnemers geskreeu. Hulle het vas geglo dat die paal te olierig was, en soos hulle verwag het, het die paddas keer op keer van die paal afgegly. Een klein paddatjie kon egter tot boaan die paal uitklouter. Hoekom? Want hy was doof en het gevolglik nie die negatiewe uitjouery van die toeskouers gehoor nie!

Vergelyk dit met die staaltjie van 'n ou man met 'n worsbroodjie-stalletjie in New York. Die ou man was feitlik doof en blind en kon nie koerante lees, TV kyk of radio luister nie. Hy was maar op homself aangewese oor hoe hy sy dinge doen.

Die ou man het al jare lank worsbroodjies verkoop en regtig goed gevaar. Sy wenresep was bloot voedsel en diens van goeie kwaliteit. Hy het ook nie net gewag vir kliënte om hom te kom opsoek nie, maar proaktief begin om sy worsbroodjies by die omliggende kantore af te lewer, en

hy het selfs meer werknemers aangestel om beter diens te lewer aan sy groeiende kliëntebasis.

Sy seun ontvang toe 'n graad in ekonomie van die plaaslike universiteit en besoek een aand sy pa en vra hom: "Pa, weet jy nie dat daar 'n resessie aan die gang is nie? Dis asof Pa net voortgaan soos altyd en glad nie aandag skenk aan wat noodsaaklik is om die besigheid te laat oorleef nie." Die pa het na sy seun geluister en besluit dat hy maar vir hom sal moet luister, want die seun het darem 'n graad in ekonomie, lees gereeld koerante en kyk gereeld TV. Hy moet daarom meer weet as sy pa.

Die volgende dag is die ou man terug werk toe en dié keer bestel hy net die helfte van sy normale voorraad en maak net die helfte van sy worsbroodjies – want die ekonomiese toestand is dan so swak, die publiek sal mos nie eintlik koop nie. Hy het ook van toe af nie meer broodjies by kantore afgelewer nie. Verder het hy van sy personeel afgedank, want is dit dan nie wat tydens 'n resessie gedoen moet word nie?

Nodeloos om te sê was die ou man se voorheen groeiende onderneming binne 'n paar maande heelwat kleiner, met minder kliënte en daarom minder wins. Die storie eindig waar die pa sy seun gaan besoek en vir dié sê: "Seun, dankie dat jy my vooraf gewaarsku het dat ons in 'n resessie leef, want ek sien nou aan my eie besigheidjie dat dit inderwaarheid so is!"

Die les wat dié storiëttjie wil leer, is dat ons bedag moet wees op wat met ons ondernemings kan gebeur as ons toelaat dat negatiewe gedagtes ons dade bestuur!

In die sakewêreld kan 'n mens óf soos 'n slang wegkruip en hoop dat kliënte jou sal uitsnuffel, óf jy kan die ingesteldheid van 'n leeu ontwikkel deur proaktief sakegeleenthede te gaan "jag" en op te volg. Só sal jy seker maak dat jou kliënte weet wat jy bied en waar jy is.

Vasbeslotenheid is die sleutel tot positiewe resultate, terwyl halfhartige pogings min of geen resultate oplewer nie. Ons houding en perspektiewe beïnvloed ons uitkyk op die lewe met sy vele uitdagings. As ons gemaksones bedreig word, sal ons perspektief op en ons houding teenoor dié uitdaging 'n groot impak hê op die uitkoms daarvan.

Die Bybelverhaal van Dawid en Goliat illustreer die impak van ons perspektiewe duidelik. Dit was Dawid se persoonlike perspektief wat tot sy oorwinning gelei het. Goliat se perspektief van homself en klein Dawid daarvoor het tot sy val gelei: Die jong man het geensins vir hom 'n bedreiging ingehou nie, dus was hy nie juis gemotiveer nie. Dawid, daarenteen, het nie 'n reus gesien wat hom wou vernietig nie, maar eerder die teiken van sy slingervel en klippe: Goliat se voorkop wat so groot was dat hy dit kwalik kon mis!



# THERE IS NO SUBSTITUTE FOR EXPERIENCE

QUALITY ITALIAN MADE SURFACE WATER PUMPS TRUSTED FOR GENERATIONS

Speroni has been the trusted leader of quality surface water pumps in the South African agricultural and industrial industry, providing reliable water management solutions which have been tried and tested for generations. Speroni has a wide product range available with a solution for every application.

**MADE IN ITALY**



**SPERONI**<sup>®</sup>

WATER PUMPS

Beskikbaar by jou  
naaste VKB of NTK  
handelstak.

Speroni is exclusively distributed by  Agrinet

AVAILABLE FROM PARTICIPATING VKB STORES

# Bly te alle tye bewus van veiligheid



Daar kan nooit te veel klem gelê word op hoe om so veilig moontlik te wees nie. Met die komende vakansie- en Kersfees-tyd is dit egter selfs nóg belangriker. Met hierdie artikel wil ons mense net weer bewus maak van wat hulle self kan doen om 'n groter mate van veiligheid te verseker.

## Landelike veiligheid 12-punt-plan

1. Opsporing van plaasaanvalle deur middel van 'n paneelbord.
2. Gebruik die tendensanalise om die brandpunte vir misdaad op die platteland te identifiseer vir toepaslike ontplooiing.
3. Ondersteun en maak voorspraak vir die Landelike Veiligheidsstrategie van die SAPD, en versterk vennootskappe met die SAPD.
4. Ontleed en implementeer distriksveiligheidsplanne in oorleg met die distriksmunisipaliteite.
5. Moedig die akkreditasie van plaaswagte aan.
6. Fasiliteer die opleiding van plaaswaglede deur middel van DGV-strukture.
7. Netwerk met alle agentskappe en entiteite wat betrokke is by landelike veiligheid, of dit nou landboubelanghebbendes is of alle regeringsfere en nie-regeringsorganisasies wat betrokke is by landelike veiligheidsinisiatiewe.
8. Spreek die oorsaak van gemeenskapskonflikte as gevolg van die hoë vlak van werkloosheid van plaaslike inwoners aan, insluitend betrokkeheid by die Departement van Binnelandse Sake en die Departement van Arbeid oor hoe maklik dit vir buitelandse burgers is om werkspermitte vir lae-geskoolde werk te verkry.
9. Skakel met Transnet Goederespoor oor die verskuiwing van vervoer van goedere van die pad na die spoor om nie net verkeersopeenhopings te verlig nie, maar ook die risiko dat ontevrede gemeenskappe kern-toegangstroetes kan blokkeer en sodoende die logistieke ketting ontwig, te verminder.

10. Herhaling van "Best Practice Farm Watch"-modelle.
11. Kyk "Briefing Unit" om die status van plaasaanvalle te monitor en borgtog teen te staan.
12. Uitgebreide gebruik van geïntegreerde tegnologiese oplossings.

## Wenke vir persoonlike veiligheid

- Wees misdaadbewus: Wees te alle tye bewus van misdaadgeleenthede!
- Probeer vermy om alleen te loop en moenie met vreemdelinge praat nie. Wees op die uitkyk vir vreemde motors of mense.
- Stap in goed beligte, besige strate en in 'n groep, indien moontlik.
- Maak seker dat u huis veilig is, en word lid van 'n gewapende reaksiediens. Maak seker dat u al die noodnommers ken of 'n toeganklike plek vertoon.
- Laat altyd iemand weet waarheen jy op pad is en hoe lank jy gaan weg wees.
- Dink twee keer voordat jy jou moontlike afwesigheid op sosiale media adverteer. Misdadigers het ook toegang tot Facebook en Twitter.
- Vertrou op jou instink.
- Vermy besige gebiede in die stad, want dit kan jou risiko verhoog om 'n teiken van misdadigers te word. Hulle steel maklik ongesiens 'n beursie uit jou handsak of gryp juweliersware van jou nek af sonder dat jy dit agterkom.
- Moenie waardevolle items ten toon stel waar misdadigers dit kan sien nie.

## Veiligheidsbewustheid tuis

### Omheining/mure

- 'n Hoë heining rondom die huis met hekke wat gesluit kan word, is baie veiliger as 'n hoë muur, vanweë die voordeel van die beter sigbaarheid wat dit bied. Die primêre doel van die heining is om toegang moeilik te maak en om honde vrylik om die huis te laat beweeg.
- Maak seker dat hekke te alle tye gesluit is, dat die sleutels nie maklik bereik kan word nie en nie rondlê nie.
- Veiligheidshekke met stewige slotte voor elke buitendeur, sowel as diewering wat alle vensters bedek, word aanbeveel.
- Die volgende toestelle verhoed maklike toegang:
  - Diefwering voor vensters
  - Veiligheidsdeure
  - Veiligheidshekke
  - Lemmetjiesdraad
  - Addisionele slotte aan deure
  - Versterking van deure
  - Loergate in deure
  - Veiligheidskettings by deure
  - Interkomstelsel tussen die huis en hek, voordeur of motorhuis.
- 'n Alarmstelsel, verkieslik gekoppel aan 'n gewapende reaksieonderneming, kan 'n doeltreffende afskrikmiddel wees.
- In die landelike omgewing word 'n sirene/alarm op die dak aanbeveel wat oor 'n lang afstand gehoor kan word en wat met 'n skakelaar/paniekknoppie in die huis geaktiveer kan word.
- 'n Paar skakelaars/paniekknoppies in verskillende vertrekke van die huis moet verkieslik geïnstalleer word.
- 'n Alarm moet ook die inwoners kan waarsku teen indringers in die huis.

## Voorbeelde van alarmstelsels

- Meganiese en/of elektriese (gekoopte soorte)
- Geïmproviseerde stelsels
- Gruis op vensterbanke, paadjies of om die huis
- Struikelblokke wat kan raas as hulle beweeg word
- Biologiese stelsels, soos honde, ganse en volstruise



## Veiligheidsligte

- Veiligheidsligte aan die buitekant van die huis verbeter die fisieke beskerming van 'n huis, plaas of kleinhoewe.
- Die ligte moet van die huis af gerig word en moet dit vir die inwoners moontlik maak om die vensters te gebruik sonder om van buite af waargeneem te word.
- Wees bewus van moontlike skaduwees en blinde kolle.

## Veiligheidsmaatreëls

- Sorg dat alle deure te alle tye gesluit is en dat vensters op knip is as u nie tuis is nie.
- Groot honde dien as afskrikmiddel. Ten minste een hond moet opgelei word om binne-in die huis te slaap.
- As jy jou woning verlaat, moet jy jou gesin/bure in kennis stel van jou bestemming, die tyd wat jy verwag om terug te keer en die roete waarop jy sal ry, veral as jy in 'n landelike gebied woon.
- Sorg dat gereedskap soos byle, grawe, pikke, lere, ensovoorts wat in 'n aanval gebruik kan word, weggesluit is as jy dit nie gebruik nie.
- Wissel jou daaglikse roetine af.
- Maak dit 'n gewoonte om nie onmiddellik aan die slaap te raak nadat die ligte afgeskakel is nie. Bly 'n rukkie wakker.
- Sorg dat jy nie van buite in die slaapkamer sigbaar is wanneer jy slaap nie.
- Hou altyd snags 'n flits naby en sorg dat jy nie jou posisie weggee as jy dit gebruik nie.
- As jy onseker is oor die veiligheidstatus van jou huis nadat jy van die werk/'n besoek af terugkeer – die honde kom byvoorbeeld nie na die hek toe nie – moenie die huis binnegaan nie. Kontak jou buurman om jou te help seker maak jou huis is veilig.
- Identifiseer relatief veilige plekke, dit wil sê 'n badkamer, toilet of stoorkamer. Hoe minder vensters en deure hierdie vertrekke het, hoe beter.
- Betrek werknemers aangesien hulle deel is van die gesin/span.
- Werknemers moet betrokke wees by die handhawing van veiligheid.
- Rapporteer verdagte gedrag en inligting aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens.
- Verwyder bosse en ander wegkruipplekke rondom hekke.
- Neem foto's van alle werknemers. Dit kan tot jou voordeel strek om hulle te identifiseer, indien nodig.
- Vergoed jou werknemers wanneer nuttige inligting verskaf word wat bydra tot die voorkoming van misdaad.
- Moenie werkers in diens neem sonder verwysings nie.
- Hou afskrifte van al jou werknemers se identiteitsdokumente.
- Sorg dat jy 'n goeie verhouding met jou bure het sodat julle in 'n goeie posisie sal wees om mekaar te ondersteun en te help.

## Toegang en sleutelbeheer

- Moenie vreemdelinge op jou perseel of in jou huis toelaat sonder om die persoon behoorlik te identifiseer nie, veral nie snags nie.
- Implementeer behoorlike sleutelbeheermaatreëls.
- Identifiseer sleutels aan die hand van kodes in plaas van om skriftelik op etikette aan te dui waar toegang tot hekke/deure verkry kan word.
- Kluisleutels moet op die persoon bewaar word.
- Moet nooit sleutels op tradisionele plekke, soos in potplante of onder deurmatte, wegsteek nie.
- Sleutels in die sleutelgat aan die binnekant van die voor- of agterdeur moet gedraai word sodat dit nie maklik verwyder kan word nie.
- Moet nooit toelaat dat vreemdelinge sleutels hanteer of na sleutelnommers kyk nie.
- Verander slotte wanneer sleutels verlore raak.
- Plaas versperringstoestelle in deurslotte.
- Verwyder die sleutels wanneer jy nie by die huis gaan wees nie.

## Telefoon

Laat die telefoon installeer waar dit maklik bereikbaar is vanaf enige plek in die huis. Leer jou kinders ook om, wanneer hulle die foon beantwoord as jy nie daar is nie, nie 'n aanduiding te gee dat daar geen volwassenes tuis is nie. Dit maak van hulle 'n sagte teiken.

## Basiese veiligheidsmaatreëls as jy in 'n afgeleë gebied woon

Doen die volgende om veiligheid en sekuriteit in afgeleë gebiede te verseker:

- Handhaaf gesonde veiligheidsmaatreëls en gewoontes tuis en lig jou bure, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die gemeenskapsorganisasies in oor verdagte gedrag en aktiwiteite in jou omgewing.
- Verseker dat alle deure (insluitend veiligheids- en motorhuisdeure) te alle tye gesluit is en dat vensters op knip is wanneer jy in die huis of nie tuis is nie.
- Hou 'n register met die besonderhede van alle persone op die perseel, insluitend werkers, en moenie onnodige toegang tot die perseel toelaat nie.
- Maak die gebied rondom jou huis gereeld skoon van bosse en maak die perseel en alle moontlike wegkruipplekke skoon. Sluit alle gereedskap en werktuie weg.
- Wees waaksaam en sorg dat alle persone op die perseel, insluitend werkers en besoekers, ook waaksaam is en weet wat om te doen in geval van verdagte gedrag en/of noodgevalle.
- Moenie blindelings reageer op verdagte aktiwiteite nie, veral nie snags nie.
- Moenie 'n groot bedrag kontant en/of waardevolle artikels op die perseel hou nie.
- Verseker dat addisionele veiligheidsmaatreëls toegepas word as jy produkte op die perseel verkoop.

## Wenke vir plaasveiligheid

- Verskeie plaasaanvalle word voorkom deur vroeë waarneming en opsporing van verdagte voertuie/persone wat deur landelike gebiede beweeg.
- 'n Misdadiger se primêre voordeel is die verrassingselement, en dit moet weggeneem word. Om dit te bereik, skep sirkels van verdediging wat strek vanaf die plaashuis tot by die gemeenskap.
- Die huis, erf, plaas, bure, gemeenskaps- en kommunikasiestrukture soos radio's en WhatsApp-groepe moet almal oorweeg word en geïmplementeer word waar enigsins moontlik.
- Wees bewus van jou omgewing wanneer jy 'n perseel betree of verlaat. Boere dink dikwels dat 'n aanval op hul buurman se plaas kan gebeur, maar nie op hul eie nie.
- Die stereotipiese rolle van mans en vroue moet ook weggemaak word. Vroue op plaas moet sekuriteit nie slegs as mans se verantwoordelikheid beskou nie.


## Huis

- Maak die huis jou eerste prioriteit. 70% van plaasaanvalle vind hier plaas. As jy nie die hele huis kan beveilig nie, beveilig ten minste die slaapkamer.
- 'n Stewige veiligheidshek wat die leefarea van slaapkamers skei, is 'n moet. Misdadigers breek dikwels in op 'n punt ver weg van die slaapkamer en 'n veiligheidshek sal jou tyd gee om jouself te beskerm of 'n panieknoppie te aktiveer.
- 'n Elektriese omheining is 'n goeie idee. As dit nie doenbaar is nie, moet jy 'n heining van ten minste vier voet hoog oprig om die honde om die huis te hou.
- Installeer bewegings-geaktiveerde ligte wat van buite die huis skyn. As jy iets buite hoor, hou die ligte binne af, aangesien jy dan beweging buite kan sien, maar iemand kan van buite af inkyk nie. Hou veiligheidskettings aan die deure.
- Moenie op 'n plek slaap waar jy van buite sigbaar is nie.

- Veiligheidshekke kan by die slaapplek binne en buite die huis geïnstalleer word. (Dit is vanselfsprekend dat jy diefstal en 'n effektiewe alarmstelsel moet hê).
- Moenie snags buitentoe gaan om geluide te ondersoek nie. Bel die polisie of plaaswag.
- 'n Heining, eerder as 'n muur, rondom die huis verseker beter sig.
- Hou 'n flitslig byderhand.
- Toets jou sirenes en alarmstelsels gereeld.
- Hou 'n noodhulpkissie en maak seker jy weet wat daarin is.

## Honde

- Boere moet goed opgeleide honde op die perseel hou, terwyl sommige snags in die huis gehou moet word.
- Hou ten minste 'n klein hondjie binne-in die huis om alarm te maak. Hou groter honde snags, of as jy uitgaan, binnenshuis. Honde wat buite gehou word, kan maklik vergiftig word. As dit gebeur, sal 'n plaasaanval waarskynlik op hande wees.
- Let op honde se gedrag, soos as hulle byvoorbeeld onverklaarbaar siek word of as hul gedrag anders is wanneer jy terugkeer na die huis (as hulle bang is of op 'n spesifieke plek blaf).
- Aan watter deel van die tuin spandeer hulle die meeste van hul tyd? Die ander kant verdien dalk aandag omdat dit jou kwesbaar maak.



## Arbeid

- Goeie verhoudings en kommunikasie met plaaswerkers is van kardinale belang.
- Ken elke persoon, wie sy/haar gesin is en waar hulle vandaan kom.
- Hou afskrifte van werkers se identiteitsdokumente.
- Afhangend van jou verhouding met hulle, kan hulle opgeneem word in 'n plaaswagstelsel. Hulle moet beslis aangemoedig word om bedag te wees op veiligheidsaangeleenthede en om iets ongewoons aan te meld – vreemde motors, vreemdelinge op die plaas, ensovoorts. Beloon werkers vir nuttige wenke en inligting.
- Wees bewus van ongewone gedrag en aktiwiteite van hulle kant, veral as jy pas iemand aangestel of afgedank het, en ook as hulle hul poste ontruim sonder enige rede.

## Fone

Selfone moet die telefoonnommers van die polisie en plaaswagde ingesleutel hê vir maklike toegang tydens 'n noodgeval.

## Toerusting

Sleutels moet noukeurig bestuur word om duplisering daarvan te voorkom. Verwyder alle sleutels uit alle voertuie wanneer dit nie gebruik word nie. Wees bedag as sleutels verdwyn of weer verskyn sonder 'n verduideliking.

## Geld

- Betaal lone elektronies
- Deur produkte vir kontant aan lede van die publiek op jou plaas te verkoop, word jy blootgestel.
- Vermoedlik groot bedrae geld op die perseel.

## Vreemdelinge

Wees versigtig vir vreemdelinge wat vee wil koop, veral as jy nie gewoonlik vee verkoop nie. Ook as hulle "werk soek" of navraag doen oor iemand wat in jou diens is.

## Kommunikasie en sosiaal

- Stel 'n noodplan op en oefen dit saam met jou gesin sodat elkeen weet wat om te doen.
- Laat jou gesin weet wat jou bewegings is.
- Skakel met jou plaaslike polisiekantoor of landbou-unie oor wat die wet jou toelaat om te doen.
- Luister met aandag wanneer jy gesprekke van ongewone gebeure hoor.
- Moedig veiligheidsbewustheid by jou kollegas aan.

## Plaasuitleg

- Moenie bome of struie naby hekke plant nie. Dit is wegstrooiingsplekke vir oortreders.
- Wees bedag op hekke wat gesluit is wanneer dit oop moet wees of andersom.

Bron: [https://www.saps.gov.za/alert/safety\\_awareness\\_home.php](https://www.saps.gov.za/alert/safety_awareness_home.php)



# Die landboubedryf en werksbeserings: Wat 'n boer moet weet

## Registrasie by die Vergoedingsfonds

Alle besighede in Suid-Afrika, insluitende produsente in die landboubedryf, is onderwysig aan verskeie arbeidswetgewing. Twee sulke wetgewings is die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (OHSA) en die Wet op Beroepsbeserings en Siektes (COIDA) wat handel oor die voorkoming en die administrasie van werksbeserings onderskeidelik. Die hoofdoel van COIDA is om vergoeding te betaal aan werkers wat seergekry, siek geword of gesterf het in die werksplek.

Daar is tans 22 regulasies in terme van OHSA, en die landboubedryf – in vergelyking met enige ander bedryf in Suid-Afrika – moet aan die meeste hiervan voldoen.

As gevolg hiervan betaal landbouprodusente ook van die hoogste tariewe aan die Vergoedingsfonds, want plaaswerkers het van die meeste beserings jaarliks.

In terme van COIDA word die landboubedryf in vier verskillende subklasse verdeel en elke subklas het 'n tarief waarvolgens 'n landbouprodusent se rekening bepaal word. Die nuwe tariewe is goedgekeur vanaf 2020 en word tot 2025 ingefaseer:

Bedryf subklas	2020	2021	2022	2023	2024	2025
Besigheid (A)	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%
Landbou (B)	1,00%	1,00%	2,00%	2,00%	1,00%	1,00%
Landbou (C)	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%
Landbou (D)	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%	1,00%

**VOORBEELD**  
 'n Landbouprodusent wat 'n werker wat 2 maande lank besig is betaal 2020 tot 2025. Hierdie voorbeeld is slegs vir illustratiewe doeleindes en is nie 'n aanbeveling nie.  
 01 800 000 000 • 011 400 000 000 • 011 400 000 000  
 01 800 000 000 • 011 400 000 000 • 011 400 000 000

Landbouprodusente moet jaarliks lone-opgawes indien, gewoonlik teen Maart, en die laat indiening hiervan sal lei tot 'n 10%-boete op die rekening van die produsent. Rekeninge is betaalbaar binne 30 dae en 'n addisionele boete van 10% sal bereken word vir die laat betaling.

Werksbeserings moet binne sewe dae aangemeld word op die Vergoedingsfonds se nuwe aanlyn stelsel, genaamd Compeasy, deur die volgende vorms aan te heg:

- Werkgewersverslag van die voorval
- Afskrif van beseerde se ID-dokument
- Salarisadviesstrokie
- Dokter se eerste mediese verslag

## Vergoeding betaalbaar

Hierdie dokumente sal die Vergoedingsfonds in staat stel om die beserings aan diens te oorweeg vir betaling van vergoeding en billike mediese onkoste. In terme van die COIDA is die produsent daarvoor verantwoordelik om die beseerde plaaswerker se loon te betaal tot en met drie maande wat hy of sy afgeboek is en dit dan terug te eis vanaf die Vergoedingsfonds. Die volgende vergoeding is betaalbaar:



Die aantal werksbeserings gerapporteer in alle bedrywe was as volg oor die afgelope vier jaar en die meeste hiervan het in die landboubedryf plaasgevind:

2016/2017	155 427
2017/2018	184 100
2018/2019	156 223
2019/2020	82 526

Die afname in die 2019/2020-syfer kan toegeskryf word aan die implementering van die nuwe aanlyn stelsel waar baie gebruikers nog steeds sukkel om te registreer, asook die uitbreek van Covid-19, wat daartoe gelei het dat baie werkers van die huis af gewerk het of wat vanweë die inperking glad nie kon werk nie óf hul werk verloor het.

Teen Julie 2021 het die Vergoedingsfonds reeds 25 010 aansoeke vir Covid-19 wat in die werkplek opgedoen is, ontvang.



## COIDA-wysigings in die pyplyn

Die Minister van Indiensneming en Arbeid het nuwe wysigings voorgestel wat wag op goedkeuring en sluit die volgende in:

- 'n Besering aan diens moet binne sewe dae aangemeld word en as dit nie gebeur nie, sal die werkgever 'n boete van 10% betaal wat gebaseer is op die lone wat verklaar is. As 'n boer byvoorbeeld lone van R300 000 vir die jaar bevestig het, is die boete 10% hiervan.
- Ingevolge die Wet moet die werkgever die salaris van die benadeelde betaal, en 'n boete van dubbel die vergoeding van drie maande plus rente moet betaal word indien die salaris nie betaal is nie.
- Enige inligting wat nie verstrekkend word nie sal lei tot 'n boete gelykstaande aan die volle vergoedingsbedrag plus rente.

Die administrasie van alle aspekte in terme van die Wet op Beroepsbeserings en Siektes is 'n groot uitdaging vir baie besighede in Suid-Afrika en spesifiek vir landbouprodusente wat ver geleë is van stede en dorpe, asook swak personeelprestasie by die Departement van Indiensneming en Arbeid.

Met die nuwe wysigings wat wag op goedkeuring moet landbouprodusente werk aan hul kennis oor die COID-wet en die interne prosesse om enige uitdagings te oorkom.



# Gemoedsrus het 'n nuwe betekenis Bayer-onkruiddoderprogram



## Hier volg die Bayer-onkruidprogram.

Verwys na die individuele etikette vir meer inligting oor elk van die onderstaande produkte.

MET PLANT		Dosis/ha				
Mengorde	Produk	Grondklei-persentasie				
		0 - 10%	11 - 20%	21 - 30%	31 - 40%	>40%
1	Guardian®	750 - 1000 ml/ha	1000 - 1300 ml/ha	1300 - 1650 ml/ha	1650 - 1800 ml/ha	2000 ml/ha
NA OPKOMS		Dosis/ha				
Mengorde	Produk	Grondklei-persentasie				
		Alle klei	0 - 10%	11 - 20%	21 - 30%	31 - 40%
1	Ammoniumsulfaat 500 g/ai	2%-oplossing				
2	Bullet®	2200 ml/ha				
3	Laudis®	180 ml/ha				
4	Harness® Xtra		430 ml/ha	630 ml/ha	900 ml/ha	900 ml/ha
5	Ballista®	500 ml/ha				

### Toedieningsinstruksies:

Vul die tenk tot 80% met water voordat die produkte bygevoeg word.

Na-opkomsprogram: 200 ℓ water/ha.

Waar atrasien en/of terbutilasien gebruik is, verwys asseblief na die etikette in terme van opvolggewasse. **Bullet®**-dosis is van toepassing op 'n wisselboustelsel.



# Gee jou huidige onkruidprogram die nodige gemoedsrus?

Onderstaande foto toon gewasskade van 'n kompeterende program:



## BAYER PROGRAM

- 1x Kompeterende program
- 2x Kompeterende program

*DIE BAYER-ONKRUIDPROGRAM STEL DIE STANDAARD IN GEWASVEILIGHEID.*

Die Bayer-onkruidprogram is deeglik getoets teen 1x- sowel as 2x-dosisse en is veilig op die volgende DEKALB®-basters.

## BASTERS

### BESPROEIING

DKC60-74R  
DKC60-76BR  
DKC64-52R  
DKC64-54BR  
DKC65-52BR  
DKC65-60BR

### GEEL DROËLAND

DKC72-74R  
DKC72-76BR  
DKC73-26R  
DKC72-54BR

### WIT DROËLAND

DKC75-65BR  
DKC76-73R  
DKC76-77BR  
DKC77-77BR  
DKC78-45BR GEN

**Guardian®** – steeds 'n staatmaker na meer as 50 jaar



**Die bewyse is in die resultate**



Bayer AG, Duitsland, is die registrasie-eienaar van die volgende produkte: Bullet® Reg. Nr. L5623, DEKALB®, Guardian® Reg. Nr. L4862 en Harness® Xtra Reg. Nr. L7703 (Wet Nr. 36 van 1947).

Die volgende produkte is handelsmerke van Bayer AG, Duitsland: Ballista® Reg. Nr. L7442 en Laudis® Reg. Nr. L8525 (Wet Nr. 36 van 1947).

# Sonneblom: Wat is die ideale plantdiepte?


Joubert Swanepoel, Agricol

Sonneblomsaailing-vestiging kan gesien word as die belangrikste fase van plantontwikkeling en uiteindelik optimale plantpopulasie. Gedurende saailingvestiging ontkiem die saad, die plantwortels begin ontwikkel, die plant se hipokotiel verleng en die jong saailinge breek deur die grondoppervlak.


Een van die grootste uitdagings vir Suid-Afrikaanse sonneblomprodusente is egter die hoë dag- en nagtemperature wat met planttyd gepaardgaan. Hoë temperature veroorsaak gewoonlik dat die grondvog in die saadbed vinniger verdamp en kan aanleiding gee tot sub-optimale grondtoestande wat nie ideaal is vir optimale saailingontwikkeling en opkoms nie. Die uitdaging is egter wanneer die grondvog nie meer ideaal is vir saailingvestiging nie, produsente geneig is om sonneblomsaad dieper te plant as wat voorgeskryf word om sodoende seker te maak dat die saad in grondvog geplant word.

Volgens studies behoort die optimale ontkieming en opkoms van sonneblom op 'n diepte van tussen 25 mm en 50 mm te geskied. Dieper plantdieptes kan die opkoms van sonneblom negatief beïnvloed. Daar moet ook in gedagte gehou word dat sonneblom sensitief is vir hoë grondtemperature (bo 45 °C). Wanneer die saad dieper as die optimale plantdiepte geplant word in tye wanneer die grondtemperature hoog is, is daar 'n groot waarskynlikheid vir swakker en onegalige opkoms. Daar is gevind dat sonneblom bevredigend kan ontkiem by grondtemperature van 41 °C, maar opkoms kan alreeds by grondtemperature van 35 °C negatief beïnvloed word. In ideale grondtoestande (10 °C tot 31 °C) kan sonneblom soveel as 5 mm per dag groei, maar kan so min as 1 mm per dag groei in sub-optimale toestande.


Gedurende die 2020/21-seisoen is die opkomsvermoë van sonneblom op verskillende plantdieptes getoets in kommersiële proefaanplantings in Noordwes en die Vrystaat. Die plantdieptes wat getoets is, is onder meer 30 mm, 50 mm en 80 mm. Die vlakker plantdieptes van 30 mm en 50 mm verteenwoordig die ideale plantdieptes vir sonneblom op die meeste grondtipes, terwyl die 80 mm-plantdiepte 'n ongewenste plantdiepte vir sonneblom is. Die proefaanplantings is gedoen op sand- en sandleemgronde in Sannieshof, Kroonstad en Hertzogville in Januarie.



**Grafiek 1: Gemiddelde plantestand per hektaar aangeplant vs gerealiseerde stand**



**Grafiek 2: Gemiddelde graanopbrengs per hektaar by verskillende plantdieptes**



**Grafiek 3: Gemiddelde plantestand per hektaar verloor by verskillende plantdieptes**

Wat opkoms betref, is die proefaanplantings geplant teen 'n plantestand van ongeveer 50 000 plante per hektaar. Soos in grafiek 1 was die gemiddelde gerealiseerde plantestand vir 'n 30 mm-plantdiepte ongeveer 46 000 plante/ha terwyl 'n 50 mm-plantdiepte ongeveer 37 000 plante per hektaar gerealiseer het. Die 80 mm-plantdiepte het gemiddeld slegs 23 000 plante per hektaar gerealiseer wat minder as die helfte van die plante is waarmee daar aanvanklik geplant is. Hierdie resultate kan ook duidelik in die aanplantings se opbrengste gesien word (grafiek 2) met die vlakker plantdieptes (30 mm en 50 mm) wat aansienlik beter gevaar het as die dieper plantdiepte van 80 mm.

## Gevolgtrekking:

Die regte plantdiepte kan 'n groot invloed op sonneblom se finale plantestand hê. Wanneer sonneblom te diep geplant word, kan dit aanleiding gee tot swakker plantpopulasies en uiteindelik laer opbrengste. Dit is belangrik dat sonneblomprodusente gedurende planttyd gereeld hul plantdieptes nagaan vir groter sukses. Wanneer die grondtemperature hoog is tydens planttyd is dit 'n goeie praktyk om sonneblom se plantpopulasie met 15-20% te verhoog om sodoende te kompenseer vir hoë grondtemperature wat 'n negatiewe invloed op opkoms kan hê.



# Sonneblombasters wat volle gemoedsrus gee



**Clearfield<sup>®</sup> Plus**

Produksiestelsel

AGSUN 5101CLP  
AGSUN 5103CLP  
AGSUN 5104CLP  
AGSUN 5106CLP  
AGSUN 5108CLP  
AGSUN 5109CLP

*Clearfield<sup>®</sup> Plus is 'n geregistreerde  
handelsmerk van BASF.*

## KONVENSIONEEL

AGSUN 8251  
AGSUN 5270  
AGSUN 5278  
AGSUN 5273

  
aan die groei



Opbrengsstabiliteit



Staygreen-eienskap



Saadvulvermoë



Siekteweerstand



Agronomiese eienskappe



Aanpasbaarheid

[www.agricol.co.za](http://www.agricol.co.za)





# Besproeiingskoring

Besproeiingskoring het 'n belangrike plek in die wisselboustelsel saam met somergewasse soos sojas, droëbone, sonneblom en mielies asook katoen in die besproeiingsgebiede van Suid-Afrika.

Lentetipes koring wat in die laat herfs en winter aangeplant word, is geskik vir besproeiing. Besproeiingskoring word in ses besproeiingsgebiede geplant, naamlik die koeler sentrale besproeiingsgebiede rondom die Oranje-, Riet-, Sand-, Vet- en Vaalrivier, die warmer noordelike besproeiingsgebiede in die Noordwes, Koedoeskop-area in Limpopo en in die Loskopdamskema by Groblersdal in Mpumalanga, KwaZulu-Natal, die Oos-Vrystaat, die Standerton-omgewing in Mpumalanga, asook in die Cradock-omgewing in die Oos-Kaap.

Daar is verskeie bestuursaspekte wat die suksesvolle produksie van koring onder besproeiing kan beïnvloed. Twee van die kosteaspekte wat besonder goeie bestuur verg, is besproeiings- en bemestingskoste.

Besproeiingskedulering is belangrik om te verseker dat die water op 'n ekonomiese wyse in die wortelzone van die koring teenwoordig is en gehandhaaf word. Sonder die regte hoeveelheid water teen die regte groeistadium, kan optimale groei en produksie nie plaasvind nie.

Hoë insetkoste en lae winsmarges noodsaak dat die regte hoeveelhede water op die regte groeistadium toegedien word. Daarom is grondwatermetings noodsaaklik om die skedulering optimaal te bestuur. Gereelde grondwatermetings op verskillende dieptes in die grondprofiel kan tydige maandelikse grondwatertekorte identifiseer.

Oorbeproeining het nie net verhoogde elektrisiteitskoste tot gevolg nie, maar kan ook waardevolle voedingstowwe uit die grond loog.

Gereelde verteenwoordigende grondontledings is ook nodig sodat die regte plantvoedingsprogram geïmplementeer kan word en om onder- of oorbemesting te voorkom.

Kultivarkeuse is van kardinale belang en produsente moet aspekte soos opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid, stabiliteit, graangehalte, staanvermoë en siekteverdraagsaamheid van die kultivar in aanmerking neem.

Syngenta het onlangs 'n paar boeredae in die noordelike besproeiingsgebied in Koedoeskop, Marble Hall en Makoppa aangebied waar produsente die nuutste Sensako-koringkultivars in die besproeiingssegment kon besigtig en ook met bestaande produkte op die mark vergelyk.

Syngenta beveel 'n kultivarpakket aan vir goeie risikoverpreiding en produsente kan hul besproeiingskoringpakket uit die volgende produkte saamstel. Van die bekende Sensako-staatmakers wat steeds deel van die pakket moet uitmaak, in die koeler oostelike Vrystaat is:

- SST 806 – Dié semi-dwerg-kultivar is 'n medium groeiperiode-besproeiingskultivar met uitstekende opbrengspotensiaal wat hitte kan hanteer en is by uitstek geskik vir aanplantings in die Oos-Vrystaat.
- SST 895 – Hierdie kultivar wat onlangs vrygestel is, is aangepas vir middel en laat plantseisoen-aanplantings in die warmer en koeler besproeiingsgebiede. Dit is 'n kort tot medium groeiperiode-besproeiingskultivar met baie goeie opbrengspotensiaal.
- SST 884 – 'n Kort tot medium groeiperiode-besproeiingskultivar met baie goeie opbrengspotensiaal. Wanneer die risiko groot is vir laat koue en ryp, is hierdie maandelik die ideale keuse omdat die plantdatums aangepas kan word.
- SST 843 – Hierdie kultivar is 'n dubbeldwerg met 'n kort groeiperiode en baie goeie opbrengspotensiaal wat ook weerstand bied teen geelroes. Die kultivar is aangepas vir die warmer sowel as die kouer besproeiingsgebiede en bied uitstekende graankwaliteit. Dit is goed aangepas vir middel- tot laatseisoen aanplantings.

## Van die nuwe Sensako-kultivars op die keuselys vir veral die warmer besproeiingsgebiede is:

- SST 8135 – 'n Kort tot medium groeiperiode-besproeiingskultivar met baie goeie opbrengspotensiaal.
- SST 8154 – 'n Kort groeiperiode-besproeiingskultivar met baie goeie opbrengspotensiaal, staanvermoë en graankwaliteit.
- SST 8175 – 'n Medium groeiperiode-besproeiingskultivar met baie goeie opbrengspotensiaal en graderingseienskappe.
- SST 8156 – Hierdie hoëpotensiaal semi-dwerg-kultivar het 'n medium groeiperiode en is wyd aangepas vir vroeë en middelseisoenaanplantings. Dit bied goeie uitloopweerstand asook matige weerstand teen stam- en geelroes. SST 8156 se pitvastheid is goed en die graangehalte is uitstekend.
- SST 8177 – 'n Lang groeiperiode-besproeiingskultivar met baie goeie opbrengspotensiaal en siekteverdraagsaamheid. Baie goed aangepas vir vroeë aanplantings.
- SST 8205 – 'n Medium groeiperiode-besproeiingskultivar met uitmuntende opbrengspotensiaal.

Syngenta se Sensako-kultivars word ontwikkel binne die beginsels van vooruitgang deur navorsing en alle nuwe produkte word eers deeglik binne navorsings-, laboratorium- en veldtoestande getoets voordat dit in die mark geplaas word.

Vir meer inligting kontak Pieter Craven by 082 388 0299.



# Feestyd-wense

Die SENSAKO-handelsmerk is al vir meer as 60 jaar aan die sy van die Suid-Afrikaanse graanprodusent. Dit gaan nie verander nie. Ons is steeds daar, aan jou sy, met navorsing en produkte wat presteer.

Ons by Syngenta wens almal 'n geseënde **SOMERSON-FEESSEISOEN** toe want die **KONINGSKIND** verjaar.

syngenta®



 [syngenta.co.za](http://syngenta.co.za)

  **SENSAKO**

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

®



# Suurgrond

behoorlike vermenging van kalk is 'n móét

deur dr. Pieter Haumann, hoof- uitvoerende beampste, Fertasa

**F**ertasa se grondsuurheidswerkgroep in samewerking met Graan SA, kyk na die oorsake, slaggate, invloed van en oplossing vir grondsuurheid. In hierdie artikel skryf dr. Pieter Haumann oor die beste praktykbeginsels vir bekalking van graangewasse in suurgronde.

Daar is drie beginsels vir effektiewe bekalking wat baie belangrik is, naamlik:

Beginsel 1: Landboukalk moet so suiwer en fyn as moontlik wees.

Beginsel 2: Die korrekte hoeveelheid kalk moet toegedien word.

Beginsel 3: Die kalk moet deeglik met die grond vermeng word.

Al drie beginsels is belangrik, maar die derde beginsel is van deurslaggewende belang. Landboukalkdeeltjies moet so na as moontlik aan mekaar in die grond wees om "neutralisasiesones" in die suurgrond te vestig (Barber, 1984). Vervolgens sal die bogenoemde beginsels toegepas word vir spesifieke aksies ten opsigte van die bestuur van grondsuurheid soos uiteengesit deur Nel (2020).



## Regstellende bekalking

Die doel hiermee is om die hele grondoppervlak tot 'n bepaalde diepte te bekalk volgens ontledings van die bo- en ondergrond en deeglik daarmee te meng. Hierdie proses behoort elke drie tot vier jaar uitgevoer te word. Waar daar na verminderde of geenbewerkingspraktyke oorgeskakel word, behoort regstelling vooraf gedoen te word.

## Produkte beskikbaar vir die doel

- Gewone of mikrofyn landboukalk – die algemene konsensus is dat mikrofyn of gewone landboukalk wat breedwerpig toegedien en gewoonweg of diep ingewerk word, die geskikste is vir hierdie doel.
- Gips of fosfogips – ondergrondsuurheid kan onder sekere omstandighede met 'n kombinasie van gips en dolomitiese kalk reggestel word waar aluminiumtoksiteit 'n probleem is. Die toksiteit van  $Al^{3+}$  kan deur die byvoeging van sulfaat ( $SO_4^{2-}$ ) in die vorm van gips verminder word deur die presipitasie van aluminiumsulfaatminerale of deur 'n selfbekalkingseffek in die teenwoordigheid van seskwioksiedes in die ondergrond. Sommige effekte is slegs tydelik, terwyl die selfbekalkingseffek meer permanent is (Sumner, 1990). 'n Verdere voordeel van gips is die toediening van

swael (S in die vorm van  $SO_4^{2-}$ ). Oppervlakkorsvorming van gronde kan ook behandel word met gips of fosfogips (Norton & Dontsova, 1998).

Hierdie prosesse word breedvoerig in hoofstukke 1.8 en 4.8.1 van 2016 se Fertasa-bemestingshandleiding bespreek.

## Noodsaaklike inligting en berekenings

Grondmonsters moet van relevante sones geneem en ontleed word.

Daar moet besluit word tussen dolomitiese of kalsitiese kalk. Dit word bepaal deur die ontleding van magnesium (Mg) en die kalsium:magnesium-verhouding (Ca:Mg-verhouding) in die grond.

'n Volledige ontleding van die kalk wat gebruik gaan word, moet gedoen word. Die KKE (KCl) en veral hars is belangrik vir berekening van die bekalkingskorreksiefaktor (BKF).

Die landboukalk met die beste effektiewe relatiewe koste (ERK) behoort aangewend te word.

Die korrekte volume grond (oppervlakte x diepte) van die land vir toediening moet bepaal word.

Die brutodigtheid op oonddroë basis van die onversteurde grond van elke laag (bo en onder) moet bekend wees.

Verder moet die brutodigtheid op oonddroë basis van die landboukalk bekend wees. Omdat daar van volume gebruik gemaak word met die laai-aksie van landboukalk met laaigrawe op die land, is dit noodsaaklik dat die brutodigtheid op oonddroë basis gebruik word om die korrekte massa toe te dien.

Landboukalk se brutodigtheid kan wissel van 1,1 t/m<sup>3</sup> tot 1,3 t/m<sup>3</sup>. (Let wel dat dit vir oonddroë kalk is.) Dit is dus noodsaaklik dat die brutodigtheid van die landboukalk

wat toegedien word, bekend moet wees. Hoewel die massa van klam of nat kalk per kubieke meter groter is as die droë produk, is die volume dieselfde. Die voginhoud van landboukalk kan soveel as 20% wees vir mikrofyn landboukalk en steeds aan die regulasies voldoen.

Aansienlike onderbekalking kan plaasvind indien hierdie faktor nie in berekening gebring word nie. Die kalkbehoefte van elke laag van die grond wat bekalk gaan word, moet omgeskakel word na ton landboukalk vir die gespesifiseerde gronddiepte per hektaar.

Die korrekte hoeveelheid landboukalk moet toegedien en ingewerk word.

Indien die kalk slegs vir bogrondregstelling nodig is, moet daar op baie sanderige gronde (veral met marginaal suur ondergronde) gemik word vir 'n 0%-suurversadiging of 'n pH(KCl) van 5,5 van die bogrond. Dit kan verhoed dat die ondergrond versuur.

Indien ernstige ondergrondversuring reeds bestaan, kan gips of fosfogips bykomend tot diep ingewerkte landboukalk aangewend word soos vroeër vermeld.

Dit is belangrik dat gips of fosfogips nie alleen toegedien word nie, maar saam met dolomitiese landboukalk. Die rede hiervoor is dat gips, wat relatief oplosbaar is, geneig is om Mg te verplaas op die gronduitruilkompleks. Dit kan tot versnelde uitloging lei. Dieselfde geld natuurlik ook vir kalium (K).

Indien dit aanbeveel word deur 'n gekwalifiseerde landboukundige, wat geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Raad van Natuurwetenskaplike Professies (SARNAP), kan voorskryfmengsels van geregistreerde landboukalk en geregistreerde gips sonder addisionele registrasie geformuleer word vir toediening op spesifieke produsente se grond om ondergrondsuurheid te neutraliseer (hoofstuk 1.8 van die 2016 Fertasa-bemestingshandleiding).

Al die berekenings waar gips ingemeng word, moet dienooreenkomstig aangepas word om onderbekalking te verhoed, aangesien gips kalk nie kan vervang nie.



Dié doel kan bakkies of seile gebruik word om toegediende kalk op te vang en te weeg. Sodoende kan verliese as gevolg van wind ook bereken word. Aanpassings moet gemaak word vir die persentasie vog in die kalk wat opgevang word.

## Kontrole en regstelling

Daar moet gedurende die seisoen of, indien moontlik, voor planttyd vasgestel word hoe doeltreffend die landboukalk met die grond vermeng is. Dit is veral belangrik indien kalk dieper as die gewone ploegdiepte van 20 cm ingewerk word. Hiervoor word die universele indikatormetodiek aanbeveel. Gebrekkige vermenging behoort dadelik reggestel te word.

Hierdie aanvanklike ondersoek moet gepaardgaan met monsterneming en ontleding van die verskillende sones wat betrokke is. Regstellende aksies, indien nodig, moet dan oorweeg word by die vroegste geleentheid.



Kalk diep geplaas, maar swak vermeng. Foto: Chris Gazey, Departement van Landbou, Wes-Australië

Oppervlak-toegediende kalk sonder inwerking sal op hierdie stadium uiters beperkte resultate lewer. Daar moet eerder ná die oes bykomende kalk op hierdie kolle toegedien en dan ingewerk word (beginsel 3). Dit is noodsaaklik dat hierdie proses deeglik uitgevoer word voordat oorsakeling na verminderde of geenbewerkingspraktyke suksesvol gedoen kan word.

Hierdie proses behoort elke derde tot vierde jaar herhaal te word vir konvensionele bewerkingspraktyke, afhange van die noodsaaklikheid soos bepaal deur verteenwoordigende grondmonsterneming en -ontleding.

## Instandhoudingsbekalking

Hierdie praktyk is daarop gerig om die herversuring van bekalkte gronde jaarliks te neutraliseer. Die redenasie is dat indien hierdie herversuring jaarliks effektief geneutraliseer word, dit nie nodig sal wees om algehele bekalking soos hierbo beskryf te doen nie.

Dit is natuurlik deurslaggewend om by minimum- of geenbewerkingspraktyke juis die noodsaaklikheid van algehele bekalking en die gepaardgaande bewerking te vermy. Die vorige artikel in hierdie reeks, genaamd "Strategieë om grondsuurheid in BL-stelsels te beheer"

(<https://sagrainmag.co.za/2021/07/12/strategiee-om-grondsuurheid-in-bl-stelsels-te-beheer/>), gee 'n breedvoerige uiteensetting van aanvullende aksies wat nodig is om herversuring te hanteer (Smith, Swanepoel, Liebenberg & Van der Nest, 2021).

## Bepaling van jaarlikse grondversuring

Jaarlikse versuring kan bereken word as die hoeveelheid  $\text{CaCO}_4$  benodig om die suurheid veroorsaak deur toegediende ammonium ( $\text{NH}_4$ ), gewasverwydering van basisvormende katione asook versuring as gevolg van logging deur jaarlikse reënval, te neutraliseer. Dit kan varieer van 300 kg  $\text{CaCO}_4$ /ha/jaar tot 500 kg  $\text{CaCO}_4$ /ha/jaar en selfs hoër. Inligting oor versuring met verskeie stikstofprodukte word in die Fertasa-bemestingshandleiding gegee.

Die monsterneming van grondlae moet daarop gemik wees om vas te stel of daar stratifikasie van suurheid is en op watter diepte dit voorkom. Die voorstel is dat die monsterneming ten minste op 10 cm-intervalle moet plaasvind.

## Produkte beskikbaar vir die doel

- **Gewone of mikrofyn landboukalk:** Die toediening hiervan benodig kalkstrooiers wat relatief klein hoeveelhede landboukalk kan uitstrooi. Die kalk moet dan ingewerk word volgens stratifikasiediepte vir optimale werking. Dit is raadsaam om die hoogste KKE-landboukalk te gebruik. Gips of fosfogips kan geredelik met gewone of mikrofyn landboukalk vermeng word vir toediening om ondergrondsuurheid ook te neutraliseer waar toepaslik. Die voorkoms van korsvorming van die grond kan ook behandel word met die toegediende gips, wat in hierdie geval baie vlak ingemeng moet word.
- **Verkorrelde mikrofyn landboukalk:** Hierdie produk het 'n KKE (HCl en hars) van hoër as 90% en 'n gemiddelde deeltjiegrootte van ongeveer 40  $\mu\text{m}$  (mediaan 0,040 mm). Die korrelgrootte wissel van 2 mm tot 4 mm in deursnit (dieselfde as kunsmiskorrels). Die vereistes waaraan hierdie produkte behoort te voldoen, moet noukeurig deur die produsent nagegaan word. Die belangrikste eienskappe verwys na blusbaarheid (blus van korrels binne tien minute ná byvoeging van water), korrelbestandheid teen verkrummeling (2 kg tot 3 kg), die deeltjiegrootteverspreiding asook oppervlak-tot-volume-indeks (SA/V) en KKE (HCl en hars) van die kalk wat verkorrel is.
- **Verkorrelde gips of fosfogips:** Dit kan geredelik met mikrofyn kalkkorrels ingemeng word vir toediening om ondergrondsuurheid ook te neutraliseer waar toepaslik. Die voorkoms van korsvorming van die grond kan ook behandel word met die toegediende verkorrelde gips. Ander voordele van gips of fosfogips is reeds vroeër bespreek. Omdat die produk relatief wateroplosbaar is, blus die korrels nogal geredelik in die grond.

Breedwerpig uitgestrooi: Verkorrelde mikrofyn landboukalk behoort teen dieselfde hoeveelhede as gewone of mikrofyn landboukalk toegedien te word volgens KKE. Die verkorrelde produk het die voordeel dat daar met toediening uiters min verliese as gevolg van wind is. Sorg moet egter gedra word dat die kalkkorrels eers volledig blus voordat dit ingewerk word volgens stratifikasie by konvensionele bewerkingspraktyke. Indien die verkorrelde produk dadelik ingewerk word, blus die produk nie na wense nie en belemmer dit die vereiste vermenging met die grond (beginsel 3).

By geenbewerkingspraktyke kan die gebluste verkorrelde kalk en verkorrelde gips net so gelaat word. Die koste van verkorrelde kalk of gips maak dit egter moeilik om dit ekonomies te regverdig vir kommersiële graanproduksie.

Verkorrelde kalk word wel met sukses aangewend in verskeie lande in Afrika waar gewone landboukalk onverkrygbaar is (persoonlike mededeling deur Rob Groot van die International Fertilizer Development Centre in Muscle Shoals, Alabama). Ondersteuningsorganisasies betrokke in hierdie lande bekom versakte verkorrelde kalk en skenk dit aan kleinboere wat suurgronde bewerk. Dit is maklik om te vervoer en om met die hand toe te dien. Die bewerkingsoppervlakte is ook relatief klein. Die netto resultaat is dat dié kleinboere mettertyd beter opbrengste begin kry waar uitermatig hoë grondsuurheid dit vroeër onmoontlik gemaak het. Die positiewe reaksie wat met kunsmis verkry word met die kalk wat toegedien is, bevorder die gebruik van beide produkte. Mettertyd sal landboukalkbedrywe waarskynlik in dié lande tot stand kom.

**Kunsmisbandplasing:** Hier word die mikrofyn verkorrelde kalk met kunsmis gemeng en toegedien deur plantbakke. Die verwagting is dat die verkorrelde kalk die versuring van die N-bemesting in die band toegedien, sal neutraliseer. Daar kan egter 'n beperkte hoeveelheid verkorrelde kalk so toegedien word. 'n Verdere nadeel is dat die verkorrelde produk nie blus nie, terwyl dit van alle kante deur die omringende grond gedruk word. Dit belemmer die vereiste van goeie vermenging met die grond (beginsel 3). In die Wes-Kaap dui voorlopige proefresultate daarop dat die klein hoeveelhede verkorrelde kalk wat deur die planters toegedien kan word, nie doeltreffend is om grondsuurheid te neutraliseer nie en dat breedwerpige kalktoediening steeds aanbeveel word (Smith, Swanepoel, Liebenberg & Van der Nest, 2021). Meer werk in hierdie verband is noodsaaklik.

**“Vloeibare” kalk (verdun en uitgespuut op lande):** Hierdie produk bestaan uit hoëgehalte- (KKE >95%), uiters fyn (<5 µm) dolomitiese en kalsitiese kalksteen. Dit bevat ook in sommige gevalle kalsiumhidroksied (Ca(OH)<sub>2</sub>). Omdat die produk in water gesuspendeer is, is daar geen wegwaairisiko van die kalkkomponent nie en baie akkurate toediening kan gedoen word. Die nadeel van hierdie produk is die groot hoeveelheid water wat saam toegedien moet word.



Goeie verspreiding van kalk met minimale verlies aan fynste fraksie. Foto: Dons Jordaan, Bastion

Dit beperk die hoeveelheid kalk wat prakties toegedien kan word tot hoogstens 50 kg/ha droë massa waar daar 200 kg/ha tot 500 kg/ha nodig word (beginsel 2). Die koste van hierdie produk per ton droë massa maak dit moeilik om ekonomies te regverdig vir die bestuur van grondsuurheid by enige graanproduksie.

Die bewering word dikwels gemaak dat hierdie produk so fyn is dat dit in die grond in beweeg tot by die plantwortels en so goed reageer met grondsuurheid dat enkele kilogramme van die produk ekwivalent is aan tonne gewone landboukalk. Bekalking volgens

hierdie ongefundeerde stellings sal beslis tot aansienlike onderbekalking lei.

Wees versigtig vir hierdie dwaling. Die spoed van reaksie van die uiters fyn kalk word verwar met die hoeveelheid kalk benodig om die grondsuurheid te neutraliseer. Die chemiese wet van ekwivalente behoort altyd in die praktyk besef te word.



Kalk diep geplaas met goeie vermenging. Foto: Chris Gazey, Universal Indicator, Departement van Landbou, Wes-Australië

## Opsomming

Dit is belangrik om die drie beginsels vir effektiewe bekalking noukeurig toe te pas. Die proses om 'n sukses van bekalking te maak, behels streng kontrole oor elke berekening, meting en aksie. Verskeie stappe waar onderbekalking moontlik kan ontstaan, is uitgewys. Daar moet nie geraai word wat die eienskappe van die kalk of die grond is nie. Dit kan lei tot onderbekalking – soos ervaring reeds bewys het in die Vrystaat, Wes-Kaap en waarskynlik landswyd.

## Vereistes vir landboukalk

Afgesien van die chemiese en fisiese eienskappe van landboukalk, geld die volgende vereistes vir landboukalk (Wet Nr. 36 van 1947):

Plantvoedingstofinhoud: Ca g/kg, Mg g/kg KKE(HCl)%. KKE(hars)% moet geregistreer word.

Potensieel skadelike elemente: Die volgende waardes (in mg/kg) vir bekalkings- en ander produkte (byvoorbeeld gips) – As: 20, Cd: 20, Cr: 750, Hg: 10, Ni: 200, Pb: 400, Se: 15, Zn: 2 750 – mag nie oorskry word nie.

Voginhoud: Die maksimum toelaatbare voginhoud van gewone landboukalk is 15% en dié van mikrofyn landboukalk 20%.

Die volledige regulasies vir landboukalk kan via die Fertasa-webblad bereik word by [www.fertasa.co.za](http://www.fertasa.co.za).

Baie belangrik: Gebruik slegs produkte geregistreer volgens Wet Nr. 36 van 1947.





# Die sewe doodsondes van kuddebestuur: **Geldsake**

– dr. Louis du Pisani, onafhanklike landboukonsultant

**Kroniese wanbestuur van 'n boerdery se geldsake lei uiteindelik tot 'n ineenstorting van die besigheid. Hoe harder die finansies knyp, hoe belangriker is dit om beheer daaroor te neem. Veeboerdery is 'n besigheid en enige besigheid wat wins wil maak, se geldsake moet goed bestuur word. Vermoeg dus die volgende doodsondes van geldbestuur by kuddebestuur.**

## **1. Geen begroting by kuddebestuur**

Die spreekwoord lui "Kontant is koning". Menige boerderye het al in die stof gebyt, nie as gevolg van swak produksiebestuur nie, maar weens swak kontantvloei-bestuur.

Vir 'n boerdery wat sy kontantvloei goed wil bestuur, is dit noodsaaklik om die patroon van inkomste en spandering so goed as moontlik met mekaar te sinkroniseer. Die manier om dit te doen is om 'n goed beplande begroting op te stel, wat as die onderneming se besigheidsplan vir die volgende jaar kan dien.

Die ideaal is om die inkomstestrome sodanig te beplan dat daar elke slag genoeg fondse in die bank beskikbaar is wanneer 'n groot betaling moet geskied, soos byvoorbeeld die jaarlikse paaiement op grondskuld. Dit verlaag die oortrokke banklimiet wat die besigheid benodig, met 'n aansienlike besparing aan rentekoste.

## **2. Swak kontantvloei-bestuur by kuddebestuur**

'n Goed beplande begroting is die eerste stap in goeie finansiële bestuur. Daarna moet dit van dag tot dag aktief bestuur word, anders is dit niks meer as 'n wenslys nie. Dit gebeur soms dat die beplande begroting nie 100% in praktyk uitwerk nie. 'n Onlangse voorbeeld is wolprodusente se drastiese afname in die woltjek tydens die tweede helfte van 2020. Die datum van die inkomste het met die begroting ooreengestem, maar die bedrag van die tjek was sowat 20% laer as beraam.



Kontantvloei moet behoorlik bestuur word sodat die besigheid nie noodgedwonge oortrokke fasiliteite nodig kry nie.

'n Mens kan natuurlik so iets óf ignoreer óf probeer wegedeneer, maar die beste besluit is om die begroting dadelik dienoreenkomstig aan te pas. Indien nie, sal die besigheid noodgedwonge 'n groter oortrokke fasiliteit

nodig kry as waarvoor daar reeds 'n reëling met die bank bestaan. Dit is altyd beter om eers te kyk of daar nie ander aanpassings gemaak kan word nie, aangesien banke gewoonlik nie geneë is om oortrokke fasiliteite gedurende die jaar aan te pas nie.

Die grootste sondebok by swak kontantvloeibestuur is onbeplande en onnodige uitgawes wat op die ingewing van die oomblik gemaak word, sonder om die effek daarvan op die kontantvloei te evalueer. Hier word nie gepraat van kostes van toerusting soos waterpompe wat onvoorsiens breek nie. Wanneer sulke probleme ontstaan, moet die begroting noodwendig dienoreenkomstig aangepas word.

### 3. Kapitale spandering sonder 'n uitvoerbaarheidstudie

Die gevaarlikste tyd van die jaar vir wanbesteding in die boerdery is kort voor die einde van die finansiële jaar, veral as dit blyk dat die boerdery belasting sal moet betaal. Een van die opsies wat dan dikwels oorweeg word om die belastinglas te verlig, is om uitbreidings van 'n kapitale aard te maak wat van inkomstebelasting aftrekbaar is. Daar is niks met die beginsel verkeerd nie, mits die besluit op 'n behoorlike uitvoerbaarheidstudie gebaseer is. Soms is dit beter om eerder die besigheid se na-belaste wins te maksimeer as om ten alle koste die belastinglas te wil verlaag.

'n Goeie uitvoerbaarheidstudie sal duidelik uitwys wat die effek van die projek op die besigheid se korttermynkontantvloei sal wees. Sonder 'n uitvoerbaarheidstudie lyk die uiteinde van 'n projek baie rooskleurig, maar dit plaas geweldige druk op die kontantvloei in die interim en die besigheid kan selfs vou voordat die projek sy finale wins realiseer.

### 4. 'n Toenemende oortrokke fasiliteit wat gate toestop

Een van die rooi ligte vir 'n besigheid is 'n kroniese toename in die behoefte aan korttermynfinansiering, waarvan die oortrokke fasiliteit die belangrikste is. As dit veroorsaak word deur 'n nuwe projek wat tydelik druk op die besigheid se kontant plaas en daar is deeglik daarvoor begroot en beplan, is dit aanvaarbaar.

'n Boerdery wat 'n uitgerekte droogte ervaar, tydig die nodige finansiële aanpassings maak en dit met die bank kommunikeer, is ook aanvaarbaar. Die situasie word egter problematies wanneer dit veroorsaak word deur 'n kroniese gebrek aan wins terwyl daar voortdurend vir 'n wins begroot word, en/of 'n toename in eie spandering deur die eienaar.

Die *Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)* verhoed banke om onverantwoordelik met kredietverlening om te gaan. Hulle raak dus onrustig wanneer 'n besigheid se oortrokke fasiliteit voortdurend styg en die banksaldo boonop nooit gedurende die jaar positief raak nie. Die bank is een van die boer se belangrikste medewerkers en 'n vertrouwensverhouding met die bank is daarom uiters belangrik. 'n Besigheid wat egter onder groeiende finansiële druk verkeer, breek hierdie vertroue af.

### 5. Geen onderskeid tussen die boerdery en eie finansies nie

Dit is waarskynlik net in boerderye (eenmansake) waar 'n mens vind dat die eienaar die besigheid se bankrekening ook as sy eie bankrekening gebruik. Veeboerderye is, as gevolg van hul sterk balansstate wat aan die hoë waardasie van hul vaste bates (grond) toegeskryf kan word, baie kredietwaardig en het relatief maklike

toegang tot korttermynfinansiering. Dit kan aan 'n mens 'n valse gevoel van welvaart gee, wat tot ondeurdagte persoonlike spandering kan lei.

Net soos die boerdery 'n eie begroting moet hê, moet die produsent ook 'n begroting vir sy eie geldsake hê. Hy moet vanuit sy boerdery se begroting besluit wat die besigheid as 'n salaris aan die eienaar kan bekostig. Dit is dan 'n goeie praktyk om hierdie salaris maandeliks na die produsent se eie, persoonlike bankrekening oor te betaal.

### 6. Verkeerde aanwending van finansiering

Daar is niks wat kontantvloei so onder druk plaas as 'n lening waarvan die terugbetaaltermyn uit pas is met die lewensduur van die projek nie. 'n Praktiese voorbeeld is om 'n mediumtermynprojek oor twaalf maande met 'n korttermynlening te probeer finansier. Gestel die aankoopprys was R500 000 (10% rentekoers), dan sal die maandelikse paaiement R43 957 beloop. Die totale terugbetaling is R527 495,29, waarvan die rente R27 495,29 uitmaak. Gestel die bate se lewensduur is vyf jaar en die lening word oor sy leeftyd van vyf jaar uitgeneem, dan sal die maandelikse paaiement R10 623 beloop, wat 'n veel kleiner impak op die kontantvloei sal hê. Die totale terugbetaling sal R637 411,20 wees, waarvan die rente R137 411,20 uitmaak, wat aansienlik duurder is, maar wat minstens nie die kontantvloei gaan vernietig nie. Dieselfde geld natuurlik ook vir 'n bate waarvan die finansieringstydperk langer as die bate se leeftyd is. Dan sal die bate alreeds vervang moet word, terwyl die skuld nog nie afgelos is nie.

### 7. Die boerdery se prestasie word nie ontleed nie



'n Jaarlikse ekonomiese en fisieke ontleding van die boerdery is onontbeerlik. Die jaarlikse state wat die rekenmeester opstel, is nie geskik hiervoor nie, aangesien dié state hoofsaaklik vir die doeleindes van inkomstebelasting opgestel is en nie net só as bestuurstate gebruik kan word nie. 'n Landbou-ekonomiese analise, wat ook die produksiesyfers van elke bedryfstak binne die boerdery ontleed, is nodig.

Dit is ook belangrik om die boerdery se syfers met die nodige maatstawwe (*benchmarks*) vir die betrokke boerderytipe te vergelyk. Hier speel betroubare studiegroepsyfers 'n baie belangrike rol. Dit help die produsent om sy vinger op beide die sterk en swak punte van die boerdery en elke bedryfstak te plaas, en korrektiewe stappe te neem. Raadpleeg 'n kundige wat die boerdery elke jaar volledig kan ontleed en korrektiewe stappe kan aanbeveel. Hou hiermee vol, selfs tydens moeilike jare. Produsente onderbreek dikwels dié gewoonte tydens droogtejare, maar dit is juis dān wanneer so 'n analise noodsaaklik is.



Beskikbaar by jou  
naaste VKB of NTK  
handelstak.



*Vir jou Huis en Tuin!*



Insekdoders

Onkruidodders

Swamodders

Spesialiteite

Knaagdierodders

Kunsmis

0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

# STOP TERMIETE IN HUL SPORE...



## Termite Stop:

- Beheer grasdraertermiete
- Gerieflike verpakking - gereed vir gebruik
- 300g behandel 150m<sup>2</sup> en 1kg behandel 500m<sup>2</sup>

## Terminex 350 SC:

- Beheer teen hout-verniëgende termiete
- Voorkomende en korrektiewe sloot- en nesbehandeling
- 50ml behandel 13.8m<sup>2</sup>, 200ml behandel 55.2m<sup>2</sup> en 500ml behandel 138m<sup>2</sup>

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoders	Onkruidodders	Swamodders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947  
**Terminex 350 SC:** reg no 9040, Imidacloprid (neonicotinoïd) 350 g/l, skadelik **Registrasiehouer:** Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 1726, Mt. Edgecombe, 4300, Maatskappy registrasienommer: 2009/019713/07 **Termite Stop:** reg no L5437, Sodium fluosilicate 50 g/kg, skadelik **Registrasiehouer:** Small Pack Solutions (Edms) Bpk, Posbus 3131, Kenmare, 1745, Maatskappy registrasienommer: 1997/17900/07  
**Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE-BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438, tel no (011) 812-9800 of 0861 PROTEK (0861 77 68 35), [www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)



**Vir jou Huis en Tuin!**



# DIE BESTE OPLOSSING OM VAN MIERPLAE ONTSLAE TE RAAK!



## Buitenshuis Nip-it Ant Control

- Gereed-vir-gebruik lokaas
- Wis hele kolonie binne een week uit, insluitende die koningin
- 99 % organies
- Suiker- en proteienbasis



## Binnenshuis en buitenshuis KONSENTRATE

### Knox Ant

- Waarde-vir-geld konsentraat met lang nawerking
- Reukloos, vlekloos
- Wis hele kolonie uit, insluitende die koningin

### Alphathrin

- Waarde-vir-geld konsentraat
- Reukloos, vlekloos
- Vinnige uitklop met lang nawerking

## GEREED-VIR-GEBRUIK

### AnTrap

- Gereed-vir-gebruik lokaas
- Unieke formulasie – tot 2 maande beheer
- Maklike, veiliger toediening, geen kontak met insekmiddel nie
- Wis die kolonie binne een week uit, insluitende die koningin
- 10 g lokaas per lokval
- Suikerbasis

### Guardian

- Gereed-vir-gebruik kontakinsektdoder
- Oppervlakbespuiting met 'n nawerking

### Fiprogel Ant Gel

- Gereed-vir-gebruik jel in spuit
- Veiliger groenbandprodukt
- Ware jel – droog nie uit nie
- 10 g bedek 55.55 m<sup>2</sup>

### Handige wenk:

Vir die beste resultate en om weerstand teen 'n plaagdoder te voorkom, word dit aangeraai dat daar gereeld oorgeskakel word na 'n insekmiddel met 'n alternatiewe werkswyse.

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Geregistreer kragtens Wet 36 van 1947  
**AntTrap:** L4600, Sodium Cacodylate 58 g/kg, Versigtig, Registrasiehouer: Corsam Developments (Pty) Ltd, Registrasienommer: 1972/011820/07, Posbus 4255, Luipaardsvlei, 1743  
**Knox Ant:** L7175, Diazinon 240 g/l, Versigtig, Registrasiehouer: Arysta LifeScience South Africa (Pty) Ltd., Registrasienommer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019  
**Alphathrin:** L7850, Alpha-cypermethrin (Pyrethroid) 100 g/l, Skadelik, Registrasiehouer: Arysta LifeScience South Africa (Pty) Ltd., Registrasienommer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019  
**Nip-it:** L8579, Hydramethylnon 200 g/kg, Versigtig, Registrasiehouer: Prinswer Manufacturing (Pty) Ltd., Registrasienommer: 2005/036309/23, Posbus 1610, Wingate Park, 0153  
**Fiprogel Ant Gel:** L9977, Fipronil (Phenyl Pyrazole) 0.5 g/kg, Registrasiehouer: Lifeguard Sciences (Pty) Ltd, Registrasienommer: 2014/079879/07, Posbus 13221, Cascades, 3202  
**Guardian:** L6493, Permethrin (Pyrethroid) 3 g/kg, Tetramethrin (Pyrethroid) 1 g/kg, Piperonyl Butoxide (Synergist) 6 g/kg, Registrasiehouer: Lifeguard Sciences (Pty) Ltd, Registrasienommer: 2014/079879/07, Posbus 13221, Cascades, 3202  
**Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Pty) Ltd, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 or 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)



Vir jou Huis en Tuin!

# RAAK VAN SIEKTEDRAENDE VLIËË ONTSLAE

MET PROTEK SE VOLLEDIGE REEKS VliegDODERS. PASGEMAAK VIR JOU SPESIFIEKE VEREISTES!



## Fly Bait

- Hoogs doeltreffende, gereed-vir-gebruik korrel-lokaas
- Kan gebruik word as droë lokaas, strooi-lokaas, nat as oppervlakbespuiting of aanverf
- Lok vlieë en maak hulle dood deur kontak- en maagaksie

## Flyzone

- Nie-toksies, organiese proteïenlokaas
- Veilig om te gebruik
- Vir landbou en huishoudelike gebruik
- UV-beskermd sakke om langer lewensduur te verseker
- Waarde vir geld



## AK47

- Beheer vlieë, weeluse, kakkerlakke en muskiete
- Lang na-werking
- Verpak in 'n wateroplosbare sakkie, geen afmeting/hantering van produk
- Reukloos, vlekloos



## Avi-stelspuit metered spray for insects

- Beheer vlieë, muskiete en motte
- Vir Avimatic of Stelsproeitoestel
- 300 ml stelspuit gee tot 30 dae beheer



## Alphathrin

- Beheer vlieë, miere, weeluse, kakkerlakke, vismotte, vlooië en muskiete
- Vinnige uitklop, lang nawerking
- Reukloos, vlekloos

**HANDIGE WENK:** Vir die beste resultate en om weerstand teen 'n plaagdoder te voorkom, word dit aangeraai dat daar gereeld oorgeskakel word na 'n insekmiddel met 'n alternatiewe werkswyse.

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoeders	Onkruiddoeders	Swamdoeders
Spesialiteite	Knaagdierdoeders	Kunsmis

Geregistreer kragtens Wet 36 van 1947

**AK47:** L7673, Lambda-cyhalothrin 100 g/kg, L7673, VERSIGTIG Registrasiehouer: Bitrad Consulting (Edms) Bpk, Registrasienumer 2002/025636/07, Posbus 51454, Wierda Park, 0149 **Alphathrin:** L7850, Alpha-cypermethrin (Pyrethroid) 100 g/l, SKADELIK, Registrasiehouer: Arysta LifeScience South Africa (Edms) Bpk., Registrasienumer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Avi-stelspuit metered spray for insects:** L4003, d-Phenothrin 10 g/kg, piperonyl butoxide 100 g/kg, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Avima (Edms) Bpk, Registrasienumer 1961/001744/07, Posbus 3131, Kenmare, 1745, Tel (011) 769-1300 **Fly Bait:** L8395, Methomyle (Carbamate) 10 g/kg, (Z)-9-Tricosene (Pheromone) 1 g/kg, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Lifeguard Sciences (Pty) Ltd, Registrasienumer 2014/079879/07, Posbus 13221, Cascades, 3202 **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)



Vir jou Huis en Tuin!



# RAAK ONTSLAE VAN BRĒEBLAAR ONKRUID OP JOU GRASPERK!



## Selektiewe onkruidodders: Pure Lawn / Versus / Scatterkill for Weeds

- Beheer breëblaaronkruid op grasperk
- Maak nie grasperk dood nie

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte,  
kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis



**Vir jou Huis en Tuin!**

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947  
**Pure Lawn:** MCPA 400 g/l, L7220, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk., Registrasienumer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Versus:** dicamba 120 g/l, 2,4-D 180 g/l a.e., MCPA 157,5 g/l, L8879, SKADELIK, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk., Registrasienumer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Scatterkill for Weeds:** reg no L4182, dicamba (dimethyl amine salt) 10 g/kg, MCPA (dimethyl amine salt) 5 g/kg, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Effecticide (Edms) Bpk, Maatskappy reg no 08/06493/07, Eenheid 5, King Court, Mineral Crescent, Crown Industrial, Johannesburg, 2001, tel no (011) 839 1636 **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE-BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438, tel no (011) 812-9800 of 0861 PROTEK (0861 77 68 35), [www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

# RAAK ONTSLAE VAN ALLE ONGEWENSTE GRAS EN ONKRUID!



## Nie-selektiewe onkruidodders: Clear All / Clear Pave / Two-Step SC / Comet GR

- Beheer alle ongewenste eenjarige- en meerjarige grasse, breëblaaronkruid, riete en indringerstruik

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte,  
kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis



*Vir jou Huis en Tuin!*

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947  
**Clear Pave:** glifosaat 360 g/l a.e, L7219, VERSIGTIG **Clear All:** glifosaat 360 g/l a.e, L7221, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk., Registrasienommer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Comet GR:** L7524, Bromacil (Uracil) 80 g/kg, Terbutylazine (Triazine) 120 g/kg, VERSIGTIG, **Two-Step SC:** L9401 Glyphosate Isopropylamine Salt 167 g/l, Glyphosate Acid 125 g/l, Simazine (Triazine) 175 g/l, Terbutylazine (Triazine) 175 g/l, VERSIGTIG **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE-BEE Agri (Edms) Bpk, Postbus 72, Heidelberg, 1438, tel no (011) 812-9800 of 0861 PROTEK (0861 77 68 35), [www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)



# Die beste groen voeding vir jou tuin!



- Verryk met koolstof om die gehalte van grond te verbeter
- Gekomposteerde pluimveemis
- Patogeen-, parasiet- en onkruidvry
- Verkorrel vir maklike en gerieflike toediening
- Ideaal vir gebruik in alle seisoene



## Gwano Pellets

- 100 % organiese groeikrag met makro- en mikro-elemente
- Gebalanseerde, algemene misstof vir jou hele tuin – ideaal vir grasperke, bome, struike, vrugtebome, rose, groente, kruie en blom- en vrugdraende plante

## Gro Green

- Organies gebaseer en chemies verryk met makro- en mikro-elemente
- Ideaal vir nuwe of gevestigde grasperke, insluitende immergroen grasperke sowel as immergroen plante en loof

## Flower Power

- Organies gebaseer en chemies verryk met makro- en mikro-elemente
- Ideaal vir ornamentele plante, insluitende eenjarige- en meerjarige plante, rose, struike, vrugtebome, bome, groente, kruie en alle blom- en vrugdraende plante

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947  
**Gwano Pellets:** N 21 g/kg, P 32.5 g/kg, K 27.6 g/kg, Zn 2000 mg/kg, Cu 70 mg/kg, Mo 4500 mg/kg, Fe 2200 mg/kg, B 1200 mg/kg, Mn 1000 mg/kg, C 350 g/kg, Groep 2 misstof, Reg nr B4904; **Flower Power:** N 48 g/kg, P 10 g/kg, K 36 g/kg, Zn 61 mg/kg, Cu 17 mg/kg, Mo 22 mg/kg, Fe 869 mg/kg, B 256 mg/kg, Mn 212 mg/kg, C 296 g/kg, B4652, Groep 2 misstof; **Gro Green:** N 39 g/kg, P 10 g/kg, K 40 g/kg, Zn 61 mg/kg, Cu 17 mg/kg, Mo 22 mg/kg, Fe 869 mg/kg, B 256 mg/kg, Mn 212 mg/kg, C 315 g/kg, B4655, Groep 2 misstof; Geregistreer deur FarmWorx (Pty) Ltd, Reg no 2012/092415/07, Posbus 645, Heidelberg, 1438, Tel no 011 812 9800. **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.proteksa.co.za](http://www.proteksa.co.za).



Vir jou Huis en Tuin!



# Maak jou bure groen met afguns met Protek korrelkunsmis!



#### Lawn & Foliage Fertilizer 7:1:3 (15)

- Algemene voeding vir grasperke en loof
- Kragtige groen groei

#### General Fertilizer 2:3:2 (14)

- Algemene voeding vir groeiagtige blomstruik, blomme, groente, bome en saailinge
- Sterk wortelontwikkeling

#### Nitrogreen LAN 17 %

- Vinnige reaksie
- Weelderige groen groei van grasperke en plante

#### Rose & Flower Fertilizer 8:1:5 (17)

- Spesiaal geformuleer vir rose, saailinge en blom- en vrugtedraende plante
- Gesonde loofontwikkeling

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte, kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

[www.protek.co.za](http://www.protek.co.za)

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Registered in terms of Act 36 of 1947  
**Lawn & Foliage Fertilizer 7:1:3 (15):** 95 g/kg N, 13 g/kg P, 41 g/kg K, Reg No K9915, Groep 1 misstof  
**General Fertilizer 2:3:2 (14):** 40 g/kg N, 60 g/kg P, 40 g/kg K, Reg No K9913, Groep 1 misstof  
**Nitrogreen LAN 17 %:** 170 g/kg N, Reg No K9947, Groep 1 misstof  
**Rose & Flower Fertilizer 8:1:5 (17):** 96 g/kg N, 12 g/kg P, 60 g/kg K, Reg No K9914, Groep 1 misstof  
 Geregistreer deur FarmWorx (Pty) Ltd, Co Reg no 2012/092415/07, Posbus 645, Heidelberg, 1438, Tel no 011 812 9800.  
**Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE BEE Agri (Pty) Ltd, Posbus 72, Heidelberg, 1438. Tel (011) 812 9800 of 0861 PROTEK (0861) 77 68 35, [www.proteksa.co.za](http://www.proteksa.co.za)



Vir jou Huis en Tuin!

Beskikbaar by jou naaste VKB of NTK handelstak.





# UF – A world of precision

Mounted sprayer | 900 l – 2,000 l | 12 m – 30 m  
Extension to 1,000 l or 1,500 l with FT front tank

## » Perfect boom ride

The booms in an aircraft wing design are both super-light and super-stable. The free-hanging boom suspension with multiple damping and spring mounting provides an extremely steady boom ride.

## » DUS pressure circulation system

The DUS pressure circulation system provides a uniform spray agent concentration.

## » Automatic boom guidance

Perfect adherence to the desired distance between the nozzle and the area to be sprayed thanks to the DistanceControl plus automatic boom guidance system with 4 sensors.

## » Automatic 50 cm part-width section

Precise switching at the headland and in wedge shaped fields by combining the GPS-Switch automatic part-width section control and the AmaSwitch single nozzle control.

» A reduction in the use of plant protective agents of approx. 5 to 10% depending on the conditions



## SmartCenter operator station for the UF 02 mounted sprayer

The complete operation of the machine is simple, central and logically structured

- The optional **Comfort-Pack** with TwinTerminal enables remotely controlled and automated activation of the spray agent circuit. This includes the automatic filling stop, automatic agitator switch-off, reliable residue draining without foaming and automatic cleaning at the end – very simple and effective.
- The high-performance 60 l **induction bowl** with a suction capacity of 150 l/min guarantees the induction of plant protection agents and micro-nutrients.



AmaTron 4 ISOBUS terminal



ready for agrirouter



Beskikbaar by jou naaste VKB of NTK Meganisasie-tak.

info@falconequipment.co.za  
www.falconequipment.co.za  
Tel: +27 (0) 33 330 4764  
Sales: +27(0) 33 330 5787

# Kruipvoer vir lammers bied n t voordele

Deur jou lammers 'n goeie begin in die lewe te gee, dek jy die tafel vir 'n gesonde, vinnig groeiende lam wat maksimumwins tot gevolg het. Na die voortdurende ondersoek om dinge beter te doen en winsgewendheid te verhoog, word navorsing al vir jare gedoen. Van die vroegste aangetekende resultate wat met kruipvoer gedoen is, dateer terug tot 1930. In 1930 het hulle slegs mielies gebruik as kruipvoer met swak resultate. Jare en 'n groot aantal proewe later is die praktyk vandag egter algemeen, en met verskeie voordele. Byvoeding van slegs mielies en ander graan het plek gemaak vir gespesialiseerde voeding. Hierdie produkte is smaaklik, hoogs verteerbaar en voldoen aan al die voedingsbehoefte wat die lam op daardie stadium addisioneel tot melk benodig om groei en gesondheid te bevorder.

Kruipvoer kan reeds vanaf tien dae-ouderdom aan lammers gegee word. In lamhokkies is al meermale gesien dat selfs kleiner lammers aan pille peusel uit die ooi se bak. Dit is belangrik om aan die begin van kruipvoeding meer gereeld vars voer in die bakke te sit en wanneer lammers sterk vreet en ouer is, kan meer voer in bakke of selfs selfvoerders gesit word.

Plasing van kruiphokke speel 'n groot rol om inname te verhoog en lammers te leer om te vreet. Hokke moet droog bly en in 'n area wees waar ooi gereeld tyd spandeer. Naby lekbakke en waterkrippe is ideaal. Kruiphokke moet ook dien as 'n veilige omgewing vir lammers en in die praktyk is al baie gesien dat lammers rustig lê en slaap rondom kruiphokke. As ouer lammers sterk vreet, leer die jonger lammers baie vinnig om ook te gaan kruipvoer soek.

Die vraag wat baie gevra word, is oor die afmetings van kruiphokke. Daar is vandag baie verskillende opsies in die mark beskikbaar. Die algemeenste afmetings waardeur die lammers moet kruip, is tussen 18 en 26 cm en kan ook verstelbaar gemaak word om by lammers aan te pas. 'n Horisontale balk kan ook ingesit word wat 'n verdere hoogtebeperking kan plaas. Die voerbakke moet so ingesit word dat lammers nie in die bakke kan klim nie. Vreetspasie van 3 tot 5 cm per lam behoort ook voldoende te wees.

## Voordele van kruipvoer:

1. Lammers leer op vroe  ouderdom om te vreet.
2. Vinniger ontwikkeling van rumen en verhoogde benutting van voer.
3. Verhoogde groei en speenmassa.
4. Lammers is vinniger markgereed.
5. Lammers kan vroe r gespeen word.
6. Lammers pas makliker en vinniger aan in voerkraal.
7. Dit is meer ekonomies om lammers te voer as ooi.
8. Lammers se voeromset is baie beter op 'n jong ouderdom en maksimum voeromset word dus verkry.
9. Laer stresvlakke tydens speen en minder gewigverlies n  speen.



Kruipvoeding is 'n bestuurspraktyk wat speenmassa aansienlik kan verhoog. Kwaliteit en smaaklikheid van kruipvoer speel egter die grootste rol in die eindresultaat. By QPro Voere word 'n gebalanseerde hoeveelheid deurvloeiprote ien en energie & lusern, saamgevoeg om 'n uitstekende kwaliteitpil te vervaardig. Die pille is ureumvry en bevat ook die nodige minerale en spoorminerale. Lammers begin al van 10 tot 14 dae-ouderdom aan die pille peusel. Begin met 200 g/lam/dag en verhoog innames oor 'n periode van 10 tot 14 dae tot 800 tot 1 000 g/lam/dag.

QPro se Super Skaapkonsentraat kan gebruik word waar self gemeng word, soos aanbeveel in tabel 1. N  speen kan die rantsoen aangepas word en lammers kan direk oorgeskuif word in die voerkraal in.



## Tabell

QPro Super skaapkonsentraatmengsels.

Mengsel	Volledige lamkruipmeel	Voerkraalaanvangsrantsoen	Voerkraalgroeirantsoen
Grondstowwe	kg	kg	kg
QPro Super Skaapkonsentraat	200	200	200
QPro Bypass 34	50	25	
Mieliemeel/Chop	550	550	600
Melassemeel	80	80	80
Lusermeel (fyngemaal)	150	175	125
<b>Totaal</b>	<b>1030</b>	<b>1030</b>	<b>1005</b>
<b>Aanbevole inname</b>	<b>Ad lib</b>	<b>Ad lib</b>	<b>Ad lib</b>



**Vir aanpassing sit ruvoer apart uit en begin teen 1,5% van liggaamsmassa en vermeerder tot 3% oor 7 tot 10 dae.**

Qpro Voere beskik oor 'n volledige reeks skaapprodukte wat in elke produksiestadium se behoefte kan voldoen. Die verpilde reeks sluit in: Ram-, Lam- en Ooipille, Lamhokkie, Stoetram, Lamkruip asook Skaapafroondpille. Vir die volledige produkreeks besoek gerus ons webblad of kontak een van ons bemarkers.

**VKB-gebied: Tiaan Jacobs 064 088 1762**

**NTK-gebied: Leon van Dijkhorst 072 910 4040**



# Qpro feeds

## SKAAPREEKS/SHEEP RANGE



QPro Ram, Lam en Ooi Korrels

QPro Stoetram Korrels

QPro Skaap Aanvangs Korrels

QPro Skaap Afrond Korrels

QPro Lamhokkie Korrels

QPro Lamkruip Korrels

For the **LOVE** of your **ANIMALS**

For any queries call  
Bethlehem: 058 303 9587/9, Vrede: 087 358 8708


# Verstaan die speenvark



Die produksie van speenvarke is dikwels 'n aspek waaraan daar nie genoeg tyd en bestuur bestee word nie, maar dit is waarskynlik die mees stresvolle tydperk in die lewe van 'n kleinvarkie. Hierdie stresvolle tydperk raak hulle sosiaal en fisiologies wat kan lei tot ernstige groeiprobleme en dit kan selfs verhoogde na-speen sterftes veroorsaak.

Die tydperk van spening en die stres verwant daaraan het 'n direkte impak op die groei van die werpsel, wat kan lei tot laer wins. Deur die verbetering van bestuur en die skenk van meer aandag aan detail, kan die na-speningsverliese verminder word en verbeterde groeikoerse verwesenlik word. 'n Kortere soogtydperk sal meer gesofistikeerde behuising, voeding en bestuursvaardighede vereis om kleinvarokies optimaal te laat groei.





### Spening word meestal gedurende die volgende tye gedoen:

- op 21 dae ouderdom (3 weke)
- op 28 dae ouderdom (4 weke)
- Gespesialiseerde spening: geskeide vroeë spening (GVS) en medisinale vroeë spening (MVS)

### Konvensionele spening (3 - 4 weke): 5 - 10 kg lewendige gewig

Teen ongeveer 28 dae ouderdom word dit aanvaar dat varkies vir hulself kan sorg onder gemiddelde boerderytoestande. Ons moet daarvan bewus bly dat die ouderdom van spening 'n integrale deel van die teelprogram vorm en spening op 'n vervroegde ouderdom sal die dek- en jongingsprogramme beïnvloed. Melkproduksie van die sog daal drasties in die vyfde week van laktasie, en dit is dan nie meer ekonomies winsgewend om die varkies te soog nie.

Bykomende voeding is nodig om optimale groei van die varkies in stand te hou. Op hierdie stadium behoort die varkies al droë voer te kan eet en in staat te wees om beter aan te pas by veranderende temperatuur en stres, aangesien hulle genoeg blootstelling gekry het aan kruipvoer terwyl hulle aan die sog gedrink het.

'n Hoë standaard van nasorg en higiëne moet egter nog in stand gehou word. Speningsfasiliteite moet voorberei word voordat die varkies oorgeskuif word. Die speningshuise moet vooraf tot 'n geskikte temperatuur verhit word en voer moet uitgesit word waar die varkies dit in die nuwe hokke maklik kan vind.

Die verskaffing van vrystaande water is ook 'n hulpmiddel in die proses van aanpassing by die nuwe omgewing en het 'n positiewe uitwerking op voerinnam. Goeie aanpassing twee tot drie dae ná spening is kritiek om optimale groei te verseker. Indien die geskikte omgewing gehandhaaf word en die produsent oor die nodige kundigheid beskik oor hoe om na die speenvarkies om te sien, kan stres gedurende die speningstydperk verminder word.

### Vroeë spening: 4-5 kg lewendige gewig

Vanaf twee tot drie weke ouderdom bereik speenvarkies 'n stadium wanneer hul spysverteringstelsel daaraan gewoond is om meer komplekse koolhidrate in die meer soliede diëte te hanteer. Gedurende hierdie ouderdom begin die varkies se hitte-regulerende stelsel ook meer doeltreffend funksioneer en dit stel hulle in staat om aan te pas in die nuwe omgewing.

Gedurende 21 tot 28 dae ouderdom is dit nie ongewoon dat die varkies diarree ontwikkel nie, as gevolg van die verskillende immunologiese en fisiologiese veranderinge wat in die nuwe omgewing mag voorkom. Die graad van diarree sal afhang van die organismes teenwoordig, die algemene vlak van higiëne, die tipe voeding en algemene bestuur. Die implementering van gespesialiseerde fasiliteite sal aansienlik bydra tot die sukses van vroeë spening. Soos voorheen genoem: om op 'n jonger ouderdom te speen moet daar meer aandag gegee word aan die daarstelling van goeie fasiliteite vir die varkies wat hulle 'n beter kans gee op oorlewing en aanpassing en daardeur word winsgewendheid verhoog.

### Gespesialiseerde spening

- Geskeide vroeë spening

Dit is spening op 'n vroeë ouderdom, gewoonlik op jonger as 18 dae ouderdom, en verwydering van die res van die werpsel onmiddellik ná spening, om sodoende sover as moontlik verspreiding van siektes in die hokke te beperk of ten minste te probeer verminder. Dit is 'n hoogs gesofistikeerde proses en word nie aanbeveel nie, tensy dit absoluut noodsaaklik is.

### Medisinale vroeë spening

Hierdie tegniek word gebruik om varke vry te hou van endemiese patogene in die werpsel. Sôe word gedoseer met hoë vlakke van antibiotika wanneer hulle die jongingshuise betree totdat hul werpsels gespeen word. Die varkies word op vyf dae ouderdom gespeen en word in 'n geïsoleerde vroeë-speningseenheid geplaas. Dit is 'n gespesialiseerde fasiliteit en 'n mens kan dit 'n neonatale waakeenheid vir varkies noem. Varkies word vanaf geboorte tot ongeveer tien dae ouderdom gedoseer met middels soortgelyk aan dié wat aan die sôe gegee word. Hierdie soort spening is ook hoogs gespesialiseerd en word nie aanbeveel tensy dit absoluut noodsaaklik is nie.

## Komplikasies wat verband hou met spening

Probleme kan verskeie vorms aanneem:

- die ontwikkeling van stresvolle gedrag, bv. kannibalisme;
- slegte toiletgewoontes;
- vertraagde groei;
- diarree;
- verswakte immuunstelsels; en
- lae voer- en waterinname.

'n Kardinale faktor is die hoeveelheid kruipvoer wat geëet word voor spening. Afgesien daarvan om die varkies gewoon te maak aan die eet van droë voer, help die inname van kruipvoer ook om die werking en aanpassing van hul spysverteringstelsels te versnel.

## Die nuwe omgewing

Varkies verseker hul "rangorde" kort na geboorte.

Gedurende die speningstydperk word die varkies dikwels nie in ideale omgewings geplaas nie. Werpsele word dikwels hergroepeer volgens grootte en geslag en verhuis na nuwe en vreemde omgewings waar hulle die volgende paar dae spandeer om by 'n nuwe "rangorde" en nuwe omgewing aan te pas. Hierdie aanpassing het 'n negatiewe effek op voer- en waterinname wat weer stres plaas op die algemene ontwikkeling van die varkies in hierdie brose stadium in hul ontwikkeling.

Die belangrikste dinge wat die varkie moet doen, is om te leer waar om water en kos te vind. Daar is 'n aantal metodes of maniere om die varkies te help om hierdie belangrike noodsaaklikhede te vind en stres te help verminder.

## Bronne van voedsel

Gedurende spening moet die varkies aanpas by 'n vaste dieet in teenstelling met die melkdieet waaraan hulle by die sog gewoon was. Selfs al het die varkies kruipvoer geëet, het hulle steeds 'n keuse gehad tussen kruipvoer en melk en dit kan 'n paar dae neem vir hul verteringsensieme om aan te pas. Vandaar die belangrikheid van die verskaffing van 'n kruipvoer terwyl hulle nog aan die sog drink om sodoende droëvoerinname aan te moedig en na-speningsaanpassing te verbeter. Dit plaas aanvanklik 'n las op die spysverteringstelsel, en die uitwerking daarvan sal afhang van die kwaliteit van die voer en die omgewing waaraan die speenvarkies blootgestel word. Indien die voor-spening-voerverbruik laag is en die na-spening-voervoorsiening swak bestuur word, is daar die risiko van 'n antigeniese reaksie op die voer.

## Die ingewande en ensieme

Die spysverteringstelsel van die varkie is ontwikkel om 'n melk-gebaseerde dieet te hanteer as die eerste bron van voer. Soos die varkies volwasse word, ontwikkel die ensieme in hul spysverteringstelsels ook. Daarom is varkies wat op 28 dae ouderdom gespeen is meer in staat om nie-melk-koolhidrate en proteïene te verteer as varkies wat op byvoorbeeld 14 dae ouderdom gespeen is. Hoe vroeër die varkies gespeen word, hoe meer moet die alternatiewe kruipvoer die samestelling van die sog se melk naboots. Die 20% vastestowwe in die sog se melk bestaan rofweg uit 8% vet, 6% proteïene, 5% laktose, 1% minerale en ander komponente en is heeltemal verteerbaar. In die lig hiervan het diëte vir die vroeggespeende varkies (10 tot 16 dae) die meeste sukses wanneer hulle beduidende hoeveelhede (30 tot 40%) van die melkfastestowwe (afgeroomde melk, volroommelk, karringmelk, weipoeier en/of laktose) en verteerbare vetbronne bevat. Alternatiewe energiebronne soos stysel en suikers kan ook gebruik word, maar die sleutel is om dit in 'n maklik-verteerbare vorm en binne die ensiemvermoë van die varkies te verskaf sodat hulle dit suksesvol kan verteer en optimaal gebruik kan maak van al

die voedingstowwe.

## Die maag se pH-balans

Die graad van suurheid wissel deur die kleinvarkie se spysverteringskanaal. Die pH van die maag is geneig om baie suur (algemeen pH 2 - 3) te wees. Hierdie lae pH is te danke aan HCL-suurafskeiding wat nodig is vir die funksionering van proteïenverterende ensieme, maar nog belangriker sover dit die jong varkies betref; dit voorkom die oormatige vermenigvuldiging van ingeneemde bakterieë. Tydens voeding styg die pH volgens die pH van die kos soos die suur in die maag verdun. Die maag skei HCL-suur af en die pH val weer na 'n pH van 2 - 3. Wanneer voer in groot hoeveelhede en met ongereelde tussenposes geëet word (wat dikwels die geval is tydens spening), neig die maag-pH om hoër te bly vir langer periodes. Dit laat bakterieë vinnig vermeerder en die bakterieë vloeï dan deur die maag na die ingewande. Op sy beurt lei dit weer tot 'n verhoogde vlak van bakterieë, en as onverteerde proteïene beskikbaar is, kan E.Coli floreer en kan dit verskeie komplikasies soos diarree, oedeem en verhoogde na-speningsmortaliteit veroorsaak. Die gemiddelde varkie moet 18 tot 22 maaltye per dag eet, dus kleiner maaltye meer dikwels.

## Immunologiese stelsel

Varkies word met geen beskermende immuniteit gebore nie en maak staat op kolostrum vanaf die sog vir die oordrag van passiewe immuniteit. Passiewe immuniteit duur tien tot 14 dae, maar die varkies se eie immuunstelsel ontwikkel eers vanaf 21 tot 28 dae ouderdom. Ons kan dus aanvaar dat varkies wat op 14 tot 28 dae gespeen is 'n hoër risiko is omdat hul vermoë om 'n siekte te weerstaan op sy laagste is. Gelukkig is daar doeltreffende entstowwe en inentingsprogramme beskikbaar vir voor en ná spening. Bespreek die implimentering van hierdie programme met jou veearts.

### Identifiseer "risiko"-varke deur te kyk na die volgende:

- geestelike status – observasie ten opsigte van opgewonde/depressief;
- kondisie – vet of normaal vs dun;
- abdominale vorm – opgeblaas of maer;
- vel – glad vs wollerig;
- eetlus – eet by die voerbak vs staties en in 'n bondel;
- bewys van urinering en/of ontlasting; en
- tekens van dehidrasie – versonke oë/droë neus.

## Samevatting

Spening is die stresvolste tydperk in die lewe van 'n potensiële spekvark ("baconer"). Die varkies het lae immuniteit nadat hulle van die sog en die res van die werpsel verwyder is en saam met dieselfde grootte en geslag in 'n vreemde omgewing geplaas is, terwyl hulle op 'n nuwe manier hul kos en water moet inneem in 'n vreemde omgewing. Dit alles moet gebeur in die eerste twee tot drie dae ná spening om die minimum afname in groei te verseker.

Behoorlike voorbereiding verminder swak prestasie. Beplan om die speenhokke vooraf korrek voor te berei om die nuwe aankomelinge te verwelkom. Maak dit so gemaklik moontlik vir hulle om vinnig aan te pas en sodoende winsgewendheid te verbeter.

Laat 'n geskoolde, toegewyde persoon toe om in die speningshokke toesig te hou en tyd te spandeer met elke werpsel. Moenie net probleme bestuur nie, maar gee van die begin af aandag aan die kleinste detail.

**Verwysings: Graeme Taylor en Greg Roese, Veebeampies: Varke; Bedryfsontwikkeling, Tamworth - Primefact is een van vyf artikels wat 'n oorsig gee oor basiese varkboerdery, inligting i.v.m. bere, jong sôe en speenvarkies; Die Vark Webwerf; SAVPO Artikel Argief.**



Beskikbaar by jou  
naaste VKB of NTK  
handelstak.



# MALASOL®

## INSEKDODER-KONSENTRAAT

Die mag is in u hande om u tuin en huis te beskerm – gryp dit aan met **Malasol®**. Ons insekdoder-konsentraat help u om u tuin, grasperk en binnenshuise indringers te tem met ongelooflike pesbestrydende krag.



*Astyluskewers  
& Wolluise*

*Australiese Wolluis  
& Vrugtevlieë*

*Grasperkruspes &  
Ruitrugmotlarwes*

*Miere &  
Kakkerlakke*

Landswyd beskikbaar by 'n wye verskeidenheid  
groothandelaars, kwekerie en tuinsentrums.

[efekto.co.za](http://efekto.co.za) [@mygardensa](https://www.facebook.com/mygardensa)



Laai die Green  
Fingers-toep af.

Registrasiehouer: Agro-Serve (Edms.) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07 | Posbus 652147, Benmore 2010 |  
Kliëntesorglyn: 0861 333 586 | [info@efekto.co.za](mailto:info@efekto.co.za)

Malasol® Reg. Nr. L1353 en G635 N-AR0137 Wet 36 van 1947 W130186. **Aktiewe bestanddeel:** Mercaptotioin (organofosfaat)  
500 g/l (VERSIGTIG)

# Kruipvoer

## Begin voer op 'n jong ouderdom



Daar is 'n paar belangrike redes waarom varkies in die kraamhuis reeds kruipvoer gegee kan word:

- Varkies word gebore met lae vlakke van amilase en hoë vlakke laktase. Hierdie aanvanklike ensiemprofiel help die varkies met die vertering van melkproteïene, maar nie met die vertering van plant- en/of dierlike proteïene wat in volvoere voorkom nie. Die verskaffing van voeraanvullings in die kraamhuis maak voorsiening vir 'n goeie begin met betrekking tot die verandering van hierdie ensiemprofiel.
- Die sê se melk en na-speen-voeding het albei 'n negatiewe effek op die lengte van die derm-villi. Hoe vroeër die varkies aan 'n soliede dieet blootgestel word, hoe minder sal diarree en aanpassingsprobleme in 'n latere stadium ontwikkel.
- Nog 'n rede vir die verskaffing van kruipvoer vir aanvulling is om die aantal onderontwikkelde of wanaangepaste diere gedurende die eerste dae ná spening te verminder en dit is voordelig vir beide die 21-dag- en 28-dag-laktasies.


Veranderinge wat ook met spening geassosieer word, is merkbare veranderinge aan die histologie en biochemie van die dunderm, soos atrofie van die villi en kriptiese hiperplasie, wat verminderde spysvertering en absorpsievermoë veroorsaak en bydra tot na-spening-diarree. Om die varkies so vroeg as moontlik aan vaste kos bloot te stel, help hulle om makliker aan te pas ná spening wanneer hul hele dieet uit vaste kos bestaan. Navorsing het ook getoon dat met die verhoging in kruipvoerinnome die voorkoms van diarree ná spening verminder.

## Voerinnome

Spesiale aandag moet aan die rol van voerinnome (energie) gegee word as 'n tussenganger vir die dermstruktuur en funksie ná spening. Daar is egter ook ander invloede soos die bron van proteïene wat by die dieet gevoeg word wat kan wissel met voerinnome en wat die dermstruktuur en funksie kan verander. Hierdie is 'n area wat produksie beïnvloed en toekomstige navorsing op hierdie gebied – soos die manipulasie van die onvolwasse spysverteringskanaal met eksogene groeifaktore en/of dieetaanvullings met nie-noodsaaklike aminosure soos glutamien – is nodig.

Om op 'n vroeë ouderdom te begin eet, is een manier om die oorgang by spening te verlig met minimale prestasieverlies. Kruipvoeding is die “kuns” om vastekos aan varkies te begin voer terwyl hulle nog aan die sog drink en dus hul spysverteringstelsels voor te berei vir spening. Dit bevorder en ontwikkel die derm- en spysverteringskanale, waardeur die varkie voedingstowwe kan begin verteer uit ander voedselbronne as dié van melk.

Dit moedig voedselinnome aan, wat een van die grootste uitdagings is om na-spening te verrig. Kruipvoer word toenemend belangrik en voordelig aangesien speenouderdom toeneem. Namate varkies groei, neem hulle vereistes vir voedingstowwe toe en hierdie vereistes word uiteindelik meer as wat die sog met die verskaffing van melk kan voorsien, aangesien melkopbrengs op ongeveer drie weke 'n piek bereik en dan stadig afneem.



Figuur 1. Varkies groei slegs op melk teenoor melk plus kruipvoer.

## Bevorder kruipvoerinnome:

- Om die oorgang so glad moontlik te maak, voer dieselfde kruipvoer voor spening en onmiddellik daarna.
- Voer goeie gehalte, smaaklike en hoogs verteerbare voer wat varkies smaaklik sal vind.



- Verseker dat daar vars water beskikbaar is, aangesien dit die inname van die voer beïnvloed.
- Pille en mengsels van pille en meel is ook baie effektief, en veroorsaak gewoonlik minder vermorsing.
- Hou kruipvoer weg van hoeke, drinkbakke en verhittingslampe om die waarskynlikheid van verrotting van voer te voorkom.
- Daar sal in elke werpsel varkies wees wat niks eet nie, selfs al eet die ander varkies goed. Kyk uit vir hierdie varkies en bestuur hulle versigtig om te verhoed dat hulle nie voldoende groei nie.

### Basiese bestuur van goeie kruipvoervoorsiening:

- Hou kruipvoer vars en skoon en buite bereik van die sôe.
- Begin blootstelling aan kruipvoer op drie tot vyf dae ouderdom, of volgens die vervaardiger se aanbevelings.
- Begin deur die kruipvoer op 'n plat oppervlak te sit, byvoorbeeld op 'n vlak skinkbord (swaar metaal of plastiekbakkies kan aan die kant vashaak).
- Plaas voerbakke naby aan die varkies, maar nie onder direkte hitte nie, aangesien dit die voer se vars smaak sal beïnvloed. Hou dit ook weg van die ontlastingsareas.
- Begin met baie klein hoeveelhede voer en vervang dit minstens twee keer per dag, selfs meer kere indien moontlik. Verwyder altyd alle kruipvoer wat nie geëet is nie. Slegs afvalkruipvoer sonder medikamente kan aan die sôe gevoer word.

- Voer kruipvoer terwyl die sôe self vreet aangesien die varkies dan self aktief is en nie dan drink nie.
- Moenie oorvoed nie – voer volgens die varkies se eetlus.
- Begin met klein hoeveelhede en voer soos die varkie meer eet.
- Maak altyd vuil bakke en trôe skoon.
- Die sukses met die voer van kruipvoer hang af van die toegewydheid van die bestuur en personeel.
- Onthou die belangrikheid van die sog: dit is noodsaaklik om die melkopbrengs te maksimaliseer aangesien sy die meeste voeding aan die varkies voorsien. Kruipvoer help die derms om te ontwikkel en aan te pas om vaste voer te gebruik en het 'n minimale invloed op speengewig.



Verwysings: [www.wageningendadacemic.com](http://www.wageningendadacemic.com),

[www.thepigsite.com/artides/4226/creep-feeding](http://www.thepigsite.com/artides/4226/creep-feeding).



**IDEES  
VOLVREES**  
© KOBUS GALLOWAY

**PLAASGRAPPIES**

**vkb**





# BREEDZ+

Professional Pet Care



# @delights

LAMPS & LAMPOILS



**Extremely Safe**  
For Indoor & Outdoor Use  
Smoke Free

- ✓ It is long lasting
- ✓ 500ml burns for 80 hours
- ✓ It is cost effective
- ✓ Create ambience for an event
- ✓ Handy during load shedding





# HOU DIE KINDERS BESIG

Die woord “skoolvakansie” is dikwels vir ouers sinoniem met: “Wat doen ek vir die volgende twee/drie/ses weke met die kinders?”

Nie net wil jy hulle besig hou (én hul mae vol hou, want 'n kind met vakansie wil mos die heeltyd peusel!) nie, jy wil ook hê hulle moet die vakansie geniet. Dit beteken egter nie dat julle elke vakansie moet weggaan iewers heen nie. Soms is 'n saamkuier by die huis die ideale geleentheid om die wonderlikste herinneringe bymekaar te maak.

Dit is dalk ook 'n tyd om daardie goed waarvoor jy nooit andersins tyd kry nie, saam met jou kinders te doen, soos om die kleinspan te leer swem, te leer fietsry of te help om saam Kersgeskenke te maak.

In hierdie boekie wil ons fokus op goed wat jy saam met jou kinders kan doen – vaardighede wat jy vir hulle kan leer om hulle toe te rus vir hul toekoms, maar ook pret te hê wat nie 'n plaas te geld hoef te kos nie.

## LAAT JOU KINDERS HELP MET HUISTAKE



deur Hannelie Cronjé

**A**s ouers is dit ons taak om ons kinders voor te berei om verantwoordelike, selfstandige grootmense te wees. Een van die maniere waarop ons dit kan bereik, is om hulle van kleins af te leer dat hulle sekere verantwoordelikhede in die huishouding het, aangesien die huishouding 'n mikro-kosmos is van die groter gemeenskap. Daaruit vloei die verantwoordelikheid van respek teenoor hul huisgenote, hul medemens, die groter gemeenskap en die natuur.

In 'n artikel op die webblad <https://jougesin.solidariteit.co.za/laat-kindere-huistake-volgens-ouderdom-doen/> word ouers leiding gegee ten opsigte van watter huistake om vir kinders volgens hul ouderdom te laat doen.

“Kinders kan van baie klein af alreeds help met takies in die huis. Moet egter nie blindelings taak-lyste volg sonder om daarvoor na te dink nie.

“Elke kind is anders en ontwikkel teen sy eie tempo. Moet ook nie van jou kind verwag om elke dag 'n hele lang lys take te verrig nie. Onthou dat hulle reeds hard werk by die skool, nog huiswerk het om af te handel en dat ontspanning ook ontsettend belangrik is. Vra jouself dan af watter takies belangrik is vir jou kinders om te leer doen en wat hulle in staat is om te doen.

“Dit is soms moeilik om kinders so ver te kry om wel te doen wat jy van hulle verwag. 'n Goeie begin is om 'n goeie voorbeeld te stel. Indien jy altyd kla en ongelukkig is wanneer jy huis skoonmaak, sal jou kinders daardie voorbeeld mooi navolg.

“Indien jy wil hê dat jou kind jou uit die goedheid van sy hart moet help, sal jy hom ook moet help met wat vir hom belangrik is. Nee, nie deur die huis skoon te maak of sy huiswerk vir hom te doen nie, maar help hom met goed wat



hy as belangrik sien, soos rekenaarspeletjies of om aan sy fiets te werk.

"Kinders word gelei deur wat hulle geniet en wat vir hulle belangrik is in hulle wêreld. Huis skoonmaak kom vir hulle nie eens voor op daardie lys nie!"

Dink terug aan hoe jy as kind byvoorbeeld op Maandae en Donderdae verantwoordelik was vir die skottelgoed ná middag- en aandete. Onthou jy hoe jou ma inspeksie kom hou het om te sien dat daar nie nog droë eiergeel aan die vurk se tande sit nadat jy afgedroog het nie? En onthou jy hoe sy jou geleer het hoe om 'n pan behoorlik skoon te was? Of hoe jy Saterdag nie toegelaat is om by maats te gaan speel voordat jy nie die gesnyde gras op die komposhoop in die hoek van die tuin gaan gooi het nie? Hoewel jy dit dalk gehaat het om dit te doen, was dit noodsaaklik om daardie lesse te leer.

Hier is riglyne wat leiding kan verskaf sodat jy soortgelyke lyste vir jou kinders kan opstel.

"Twee- en driejariges moet nie onderskat word nie. Hulle kan al help om hul beddens op te maak. Hulle kan ook hul eie speelgoed optel, troeteldiere kos gee, afstof en (met Mamma se hulp) self skoonmaak waar hulle gemors het. Laat hulle ook vuil klere optel en in die wasgoedmandjie gaan gooi.

"Vier- en vyfjariges kan al self aantrek, hul eie beddens opmaak, hul eie goed uit die kar haal wanneer julle by die huis aankom en self hul speelgoed optel. Laat hulle ook self hul hande was, jou help om die tafel te dek en af te dek, help met kosvoorbereiding en ligte inkopies van die kar af indra huis toe. Hulle kan ook al die foon beantwoord, handdoeke ophang, die nat badkamervloer droog mop, help met skoon wasgoed uitsorteer en vir die troeteldiere kos en water gee.

"Ses- en sewejariges kan 'n lys van takies begin volg. Jy kan prentjies by elke taak teken om dit vir hulle prettig te laat lyk. Laat hulle gerus self kies wat hulle wil aantrek en

hul tande en hare self borsel. Hulle kan saam met die diere speel en met die hond gaan stap, stofsuig, vloere skoon mop, wasgoed vou en wegpak en binnenshuise asblikke leegmaak. Hulle kan ook al skottelgoed wegpak en help met die voorbereiding van etes.

"Tussen agt en elf kan jou kind meer verantwoordelikhede kry. Hy kan verantwoordelik wees vir sy persoonlike higiëne, die netheid van sy kamer, vir huiswerk en sy eie besittings. Hy kan ook met 'n wekker begin wakker word. Hy kan ook skottelgoed en die kar was, maklike maaltye sonder hulp voorberei, die badkamer skoonmaak, die wasmasjien gebruik, wasgoed wegpak, swart sakke op die sypaadjie gaan sit en die foon beantwoord nadat hy gekyk het wie dit is wat bel.

"12- en 13-jariges kan alles doen wat die agt- tot elfjariges kan doen, asook self 'n wekker stel, beddegoed vervang, hul kamers netjies en skoon hou en sorg dat persoonlike items se batterye volgelaai word. Gras sny, kleiner kinders oppas, die stofsuier leegmaak en gloeilampe vervang, is ook nie bo hul vuurmaakplek nie.

"Take wat jy vir 14- en 15-jariges kan byvoeg, is om verantwoordelikheid te neem vir biblioteekboeke, hul eie huiswerk, aankope te doen vir die huis, vensters te was en die erf te help netjies hou.

"16- tot 18-jariges kan begin om te werk vir sakgeld, hul eie klere gaan uitsoek en koop, leer hoe om 'n motor te onderhou, die huis en erf help in stand hou en huishoudelike items skoonmaak, soos om 'n vrieskas te ontvries."

Dit is ook die ouderdom waarop hulle leer motor bestuur sodat hulle teen 18-jarige ouderdom self vir die weeklikse inkopies winkel toe kan ry, die kleiner sibbe by sportoefening of buitemuurse aktiwiteite kan gaan aflaai en haal en ook buitemuurs kan werk om hul eie sakgeld te verdien.

Dit is ook 'n goeie idee om kinders van kleins af te leer dat hulle hul sakgeld moet verdien. Jy kan hulle ook met insentiewe help – as hulle 'n spesifieke paar tekkies of 'n rekenaarspeletjie wil hê, moet hulle ekstra take benewens dié op hul taaklys voltooi. Kom ooreen op die bedrag wat hulle vir spesifieke take sal kry en hou by die ooreenkoms. Leer hulle ook van kleins af om te spaar vir dié wat hulle wil hê. As een keer se fliek saam met maats meer kos as sy weeklikse sakgeld, leer hom of haar dat hulle dan daardie week se sakgeld moet spaar ten einde volgende naweek saam te gaan fliek. As ouers móét ons vir ons kinders leer van opoffering ten einde 'n sekere einddoel te bereik en dat jy nie dadelik alles kan kry sonder om iets in ruil te doen of om iets op te offer nie.



#### Bronne:

**Living Joyfully:** <http://livingjoyfully.ca/blog/2013/08/chores-unschooling-childhood/>

**Focus on the family:** <https://www.focusonthefamily.com/parenting/parenting-challenges/motivating-kids-to-clean-up/age-appropriate-chores>

**WebMD:** <https://www.webmd.com/parenting/features/chores-for-children#2>



# Leer jou voorskoolse kind



## 1-2-3 om te tel

deur  
Hannelie Cronjé

**Die ontwikkeling van 'n klein mensie is vir my een van die wonderlikste dinge om te aanskou. Veral as ouma sien ek nou al hoe meer hoe klein kindertjies soos sponse is en hoe hulle elke liewe ding opsuig wat jy vir hulle leer – óf voor hulle doen. In hierdie artikel kyk ons na die raad wat kenners gee ten opsigte van hoe jy jou voorskoolse kind kan leer tel sonder dat dit eens soos leer voel. Speel-speel kan julle hierdie vaardigheid ontwikkel en onder die knie kry.**

In 'n artikel op die webblad <https://af.drafare.com/maklike-maniere-om-voorskoolse-kindere-te-leer-om-te-tel/> lees ons: "Opvoeders begin tipies met die onderrig van begrippe vir kinders in die kleuterskool en in hul eerste graad op skool, maar jy kan vroeër vir jou kind wiskundevaardighede begin leer. Die vaardighede wat jy jou kind leer, kan dien as 'n fondament waarop die kind kan aanhou wanneer onderwysers wiskunde-konsepte in die kleuterskool bekendstel."

Deur eenvoudige strategieë te gebruik, kan maklik en pret wees en kan hulle help om 'n liefde vir getalle te ontwikkel.

### Voordele verbode aan voorskoolse tel-onderrig

Deur jou kind voorskools te leer tel, sal hul gereedheid vir ander wiskunde-begrippe (bv. optelling en aftrekking) verbeter wanneer hulle in die toekoms daarin onderrig word. Jy kan deur middel van speletjies al op eenjarige ouderdom vir jou baba van getalle en tel leer. Sê byvoorbeeld vir jou kind hoe oud hy is terwyl jy die korrekte aantal vingers ophou. Vra hom dan om dieselfde te doen. Hou aan om dit te herhaal indien hy dit nie dadelik regkry nie. Maak seker om hom te prys wanneer hy dit wel uiteindelik regkry.

Onthou om hierdie lesse prettig en sorgeloos te hou. Die idee hier is om begrip te demonstree totdat jou kind dit self begryp en kan demonstree. Om met hom te raas of om hom te druk om dit reg te kry, veroorsaak dat hy angstig raak en nie verder wil leer nie.

Kinders ontwikkel teen hul eie spoed en sal wel mettertyd alles aanleer.

### Voorbeelde van tel-onderrig

- Tel byvoorbeeld elke skeppie kos wat jy vir hom inskep hardop.
- Wanneer jy vir hom 'n vetkryt aangee, sê vir hom: "Dit is een vetkryt!" of gee vir hom twee en sê: "Dit is twee vetkryte."
- Wys ook vir hom verskillende voorwerpe in die huis terwyl jy dit tel.



Wanneer jy dit 'n natuurlike deel van julle interaksie maak, sal hy nie eens agterkom dat hy besig is om te leer nie. Hou hierdie lesse kort en soek geleenthede waar jy dit wel kan inbring sonder om dit te oordoen. Voorskoolse kinders se aandagspan is baie korter, so wees kreatief met die speletjies wat jy uitdink sodat hulle nie agterkom dat dit 'n les is nie. Jy sal sien dat hulle soms selfs spontaan sal deelneem en ook wil tel. Laat jou kind ook toe om aan die voorwerpe te raak soos wat julle dit tel. Onthou dat demonstrasie die belangrikste deel is van die bekendstelling van syfers aan jou kind en moenie moedeloos raak as hy nie dadelik die taak verstaan of aanleer nie. Hou vol met die speletjie en jou kind sal dit gou aanleer en self demonstree.



- Hannelie Cronjé

**H**oe vinnig kan jy 'n kind leer swem? Dit is die vraag van menige ouer – veral wanneer daar 'n swembad by die huis is of waar 'n vakansie by die see of in 'n oord, waar daar swembaddens is, beplan word. Maar ook vir algehele veiligheid in en om die huis, want of dit in die bad of 'n skottel water is, ons weet hoe maklik 'n klein kindjie kan verdrink.

## Leer jou kind vroeg reeds van waterveiligheid

In 'n artikel op die webblad <https://af.eferrit.com/hoe-vinnig-kan-jy-n-kind-leer-om-te-swem/> kom jy maklik by die antwoord op hierdie vraag as jy die volgende vrae vra: Hoe vinnig het jou kind geleer loop? Hoe vinnig het jou kind geleer praat? En hoe vinnig het jou kind geleer lees? Om te leer swem is nie veel anders nie – dit is 'n proses en nie 'n gebeurtenis nie. Deur jou kind met dieselfde entoesiasme te ondersteun as toe hy of sy begin loop en praat het, het jou kind nou weer dieselfde geduld, opgewondenheid en onvoorwaardelike ondersteuning nodig.

Daar is 'n paar dinge wat in ag geneem moet word wanneer jy wil bepaal hoe vinnig 'n kind kan leer swem:

- Jou definisie van swem
- Die ouderdom van die kind
- Ervarings
- Natuurlike vermoëns
- Individuele fokus, inspanning en motiveringsvlak
- Die instrkteur se vlak van kundigheid en onderrig

### Jou definisie van swem

Indien jy vir tien mense sou vra wat hul definisie van swem is, sal jy heel moontlik tien verskillende antwoorde kry. Hier volg 'n paar maatstawwe om te bepaal wat kinders, binne rede, in staat is om in die water uit te voer:

- **3 maande:** Baba is heel gelukkig wanneer water liggies oor sy kop gegooi word.
- **6 maande:** Baba kan vir 'n kort rukkie onder water omdraai.
- **12 maande:** Baba kan vir 'n kort rukkie onder water wees sonder om paniekerig te raak.
- **18 maande:** Die peuter kan vir drie tot vyf sekondes deur die water beweeg deur sy bene te gebruik om onafhanklik te beweeg.
- **24 maande:** Die peuter kan self terugkom na die kant van die swembad.
- **30 maande:** Die peuter kan vir twee tot drie meter met sy gesig onder die water swem.
- **36 maande:** Die kleuter kan self terugkom na die ingang van die swembad.
- **3 jaar en 6 maande:** Die kleuter kan met sy gesig in die water swem en self sy kop uit die water lig of op sy rug omrol om asem te skep.
- **4 jaar:** Die kleuter kan vir ses meter vryslag swem met sy kop onder die water.
- **5 jaar:** Die kind kan vir nege meter rugslag swem.
- **6 jaar:** Die kind kan 100 meter (met 25 meter-invalle van elk vlinder-, bors-, rug- en vryslag) vaardig swem.

Sommige onderwysers voel dat alle kinders die vyfjarige-maatstawwe moet slaag (vryslag met korrekte asemhaling en rugslag vir nege meter) en verkieslik ook die sesjarige-maatstawwe (100 meter swem met 25 meter-invalle van elk vlinder-, bors-, rug- en vryslag). Dit is die basiese beginsels van swem. Terselfdertyd is dit ook belangrik om te beseft dat nie alle kinders (veral die jongeres) in staat is om alles te kan doen nie.

### Ouderdom van die kind

Hoe ver 'n kind is in terme van sy ontwikkeling en ook sy motoriese vaardighede, speel 'n kritieke rol in sy vordering. Die kind se motoriese vaardighedsontwikkeling bepaal hoe vinnig hulle 'n sportvaardigheid aanleer. Soos wat hulle ouer word, ontwikkel hulle motoriese vaardighede, byvoorbeeld: terwyl 'n kind van driejarige ouderdom 25-30 lesse nodig het om te leer om vyf meter met hul gesig in die water te swem, kan 'n sesjarige dit binne slegs tien tot 15 lesse leer omdat sy motoriese vaardighede verder ontwikkel is. Terwyl daar voordele in is om later te leer (bv. 'n sesjarige wat vinniger leer as 'n driejarige), is daar ook nadele, want 'n kind wat op 'n jonger ouderdom leer swem, is meer natuurlik en gemaklik in water.

### Ervarings, frekwensie, langtermyn en duur

Vorige positiewe ervarings in water sal die kind se vordering verhoog, terwyl negatiewe ervarings die kind se vermoë om teen normale tempo te vorder, beslis strem. Die gereeldheid en aantal klasse per week kan ook 'n belangrike rol in die kind se vordering speel. Vir jonger kinders is dit beter om twee tot drie lesse per week te hê. Om die lesse oor 'n langer tydperk uit te rek, strem die kind se vordering. Lesse vir 'n kind van onder ses jaar moet verkieslik nie langer as 30 minute duur nie. Twee lesse van 30 minute elk per week is baie meer effektief as 'n uurlange les – nie net uit 'n fisiologiese oogpunt nie, maar ook vanuit 'n motiverende een.

### Natuurlike vermoë

'n Kind se natuurlike vermoë (genetiese en fisieke samestelling), speel beslis 'n rol in die tydsduur wat 'n kind nodig het om te leer swem. Dit is belangrik vir die ouers asook die sweminstrukteur om te verstaan dat elke kind kan leer swem al skiet die kind se natuurlike vermoë tekort. Moet geen vergelykings tref nie en veral nie voor 'n kind met 'n tekort aan natuurlike vermoë nie. Dit sal hul vordering belemmer en hul selfvertroue knak en hulle laat glo dat hulle nooit so goed sal wees soos hul eweknieë nie.



## Individuele fokus, inspanning en motiveringsvlak

'n Kind wat gefokus is, kan baie maklik 'n gebrek aan natuurlike vermoëns oorkom, want hulle is hoogs gemotiveerd. Dit versterk juis die rede waarom jy moet aanhou om jou kind se selfvertroue op te bou en nie af te kraak nie. Selfs 'n kind met natuurlike aanleg sal stadiger leer as hy nie gemotiveer word om gefokus te wees nie.

## Die instrukteur se vlak van kundigheid en onderrig

Hoewel 'n instrukteur en afrigter se doeltreffendheid tot 'n mate beperk word deur die kind se vlak van vordering, kan hulle met vaste onderrigbeginsels en 'n sak vol truiks 'n groot verskil maak in hoe vinnig 'n kind leer swem.

## Hoe vinnig kan 'n kind leer swem?

Babas se leervaardigheid is baie laer as 'n ouer kind s'n, aangesien hul motoriese vaardighede nie so goed ontwikkel is nie. Daarom sal gevorderde swem- en veiligheidsvaardighede dus langer neem om aan te leer as by 'n ouer kind.

## Waterveiligheid

In 'n ander artikel op [www.parent.com](http://www.parent.com) word ook aanbeveel dat swemlesse vir kinders van kleins af oorweeg moet word, veral omdat verdrinking die hooforsaak van sterftes onder kinders is volgens die American Academy of Pediatrics (AAP).

“Hoewel geen kursus jou kind teen verdrinking vrywaar nie, kan 'n progressiewe swemprogram jou kind beslis toerus met vaardighede wat lewenslank gaan hou,” sê Connie Harvey, 'n kenner van gesondheid-en-veiligheid van die Amerikaanse Rooi Kruis.

Die AAP beveel aan dat daar gewag word met formele swemlesse tot ná die kind se eerste verjaardag en dat die kind se “emosionele volwassenheid, fisieke en ontwikkelingsvermoëns en beperkinge, en hoe gemaklik hulle in en met water is” in ag geneem moet word voordat die kind vir swemlesse geneem word.

“As jy voel jou kind is nog nie gereed daarvoor nie, oorweeg dan 'n ouer-kind-program waar jy saam met jou kind in die water speel en waar die vaardighede ontwikkel word om in en om die swembad veilig te wees.”



## Kinders van een tot twee jaar oud

Op hierdie ouderdom wil jy net jou kind aan die water bekend stel. Speel self met jou kind in die water of sluit by 'n groep aan wat daarop fokus om pret in die water te hê terwyl die kind gemaklik gemaak word met die idee van die groot hoeveelheid water eerder as wat die kind soseer geleer word om te swem.

## Veiligheidswenke:

- Hou die baba te alle tye in jou arms vas.
- Moenie enige kind onder driejarige se kop onder die water dompel nie. Hulle kan maklik 'n groot hoeveelheid water sluk wat die chemikalieë in hul bloed kan verdun, die kind slaperig of naar kan maak en selfs in ekstreme gevalle tot aanvalle kan lei. Selfs watervergiftiging kan plaasvind, wat fataal kan wees.
- Trek vir die kind 'n swemdoek aan om te keer dat daar nie ontlasting in die water beland nie, wat 'n gesondheidsrisiko vir ander swemmers kan wees.
- Babas kan binne 30 sekondes in 4 cm water verdrink. Wees dus te alle tyd bewus van die gevare, ook in opblaas-swembadgies, emmers, toilette, skottels en die bad.

## Twee- tot driejariges

Op hierdie ouderdom is jou peuter beslis al meer nuuskierig en sal ook baie meer aktief wees in die water, hoewel hulle steeds deur 'n volwassene vasgehou moet word. Wanneer julle saam in die swembad is, speel prettige speletjies en moedig hulle aan om hul arms te beweeg (deur byvoorbeeld vir hulle 'n bal te gooi sodat hulle moet strek om dit te bereik), met hul bene te skop en op hul maag of rug te dryf terwyl hulle ondersteun word. Wys hulle hoe om borrels in die water te blaas sodat hulle kan leer hoe om hul gesig nat te maak sonder om die water te sluk. Teen die tyd wat hulle drie jaar oud is, sal hulle hierdie dinge sonder veel hulp van jou af kan doen.

## Waterveiligheidswenke:

- Jou peuter voel dalk nou al so gemaklik in die water dat hulle dink hulle kan op hul eie swem. Maar moet hulle nie eens vir een minuut alleen los nie. Hulle het konstante volwasse toesig nodig wanneer hulle naby water is.
- Maak altyd seker dat die swembad se hek toe is en dat die slot buite peuters se bereik is. Dit gebeur te dikwels dat kinders verdrink nadat hulle op hul eie toegang tot die swembad verkry het.
- Beklemtoon swembad-veiligheid, soos dat hulle nie om of naby die swembad moet hardloop nie en slegs in die swembad mag klim as Pappa of Mamma by is.
- Vermy swemvlerkies, swemkostuums wat met lug gevul is of speelgoed wat kan dryf in die swembad. Jou kind kan sink wanneer enige van hierdie items afblaas en dit gee aan julle (en ook aan jou) 'n vals gevoel van veiligheid. 'n Reddingsbaadjie wat deur die Suid-Afrikaanse Kuswag goedgekeur is, is ideaal indien jy sou verkies om wel iets wat opblaas vir veiligheid te gebruik.
- Haal ook alle speelgoed uit die water nadat die kinders klaar geswem het, want hul mag dit dalk in hul kop kry om dit te probeer uithaal.

## Vier- tot vyfjariges

Noudat jou kind se koördinasie genoeg ontwikkel is om op sy eie te swem, kan jy hom inskryf vir swemlesse. Kies 'n program wat jou kind gemaklik sal laat voel indien hy nie baie ondervinding in water het nie. Jy mag selfs met die eerste les toegelaat word om saam met hom in die water te gaan om hom veiliger te laat voel en die oorgang makliker te maak.

In vlak water sal jou kind geleer word hoe om op die water te dryf, om sy kop vir 5 tot 10 sekondes onder die water te hou, hoe om sonder hulp van 'n staande posisie oor te gaan in 'n swemposisie, hoe om deur die water te gly, hoe om die uitgangspunt te bereik en hoe om hul arm- en beenbewegings te koördineer. Die intrukteur moet fokus op water- en veiligheidsvaardighede.

### Waterveiligheidswenke:

- Selfs al hoef jy nou nie meer jou kind vas te hou nie, moet daar te alle tye 'n volwassene binne reikafstand van jou kind wees.
- Wees geduldig – jou kind mag moontlik een dag heel tuis in die water wees en dan weer die volgende dag onseker. Moet hom nie forseer om enige aktiwiteit te doen as hy self nie gereed voel nie.
- Merk die swembad waar die diep kant begin sodat dit maklik is vir die kind om die onderskeid tussen die diep en vlak kant te kan maak. Deur 'n tou oor die swembad te span, sal jy vir julle albei gemoedsrus gee.
- Moet nie net aanvaar dat 'n ander volwassene 'n ogie oor jou kind gaan hou nie – selfs as dit 'n lewensredder is.
- Indien jou kind nie daarvan hou dat sy gesig nat raak nie, kan julle by die huis onder die stort oefen totdat hy gewoond is daaraan.

### Ses jaar en ouer

Jou ouer kind kan sy asem vir langer tye ophou, onderwater swem en voorwerpe op die bodem van die swembad optel. Hy kan in die water spring en self weer opkom en selfs leer om rug- en borsslag te swem. As sy uithouvermoë hoog is, sal hy langer afstande ook swem.

Hoewel dit nie meer vir jou nodig gaan wees om saam met hom in die swembad te bly nie, moet jy nog steeds te alle tye langs die swembad wees om seker te maak dat hy nie homself ooreis nie.

### Waterveiligheidswenke:

- Daar moet te alle tye 'n volwassene teenwoordig wees om 'n ogie oor al die wateraktiwiteite te hou.
- Maak dit 'n reël dat hy slegs mag swem wanneer daar 'n volwassene teenwoordig is en moedig hom aan om saam met 'n maat te swem.
- Leer hom om te duik in diep water wanneer daar 'n volwassene by is.
- Wees ekstra versigtig wanneer julle in 'n dam of in die see swem. Jou kind se vaardighede in 'n swembad is nie noodwendig genoeg vir oop water nie.
- Maak seker jou kind dra 'n reddingsbaadjie wanneer julle op 'n boot is of waterski, self al kan jou kind goed swem.





# Leer jou kind fietsry

deur Hannelie Cronjé



Om te leer fietsry, kom nie vir almal ewe maklik nie. En om jou kind te léér fietsry, is ook nie vir alle ouers ewe maklik nie. Boonop weet ons dat as die leerproses met drama en trauma gepaard gegaan het, is die kans dat jou kind dit ooit op 'n fiets wil waag baie klein.

In talle lande in die wêreld is fietsry een van die vernaamste vorms van vervoer. In Suid-Afrika het hierdie gewoonte nog nie tot dieselfde mate posgevat nie, maar fietsry as sportsoort groei feitlik daaglik met rasse skrede. Daarom is dit belangrik dat jou kind se leerervaring van hierdie vaardigheid so pynloos moontlik moet wees.

In 'n artikel op die webblad <https://www.bicycling.com/skills-tips/a20032688/never-make-these-7-mistakes-when-teaching-someone-to-ride/> word sewe foute aangedui wat jy moet vermy wanneer jy jou kind leer fietsry.

## Moenie die leerproses in die straat begin nie.



Jy wil hê die kind moet heeltemal gemaklik voel wanneer hy of sy die eerste keer in die fietssaal sit, en tensy jy in 'n baie stil doodloopstraat woon, is die straat beslis nie die plek waar jou kind gemaklik of veilig gaan voel nie. Daar is die gevaar van motors wat ry, stilstaande motors waarteen hy of sy kan vasry of val, die teerpad wat sy eie bedreiging van stukkende knieë inhou... Die "potensiële gevare" is eindeloos. 'n Leë parkeerterrein, 'n park, 'n fietsroete in die veld of op die plaas gaan 'n baie beter plek wees vir hierdie les.

## Moenie die kantwiele gebruik nie.



Hoewel baie van ons met die kantwielletjies geleer ry het, het navorsing intussen bewys dat die "gly-metode" baie beter werk. Jy hoef nie 'n spesiale fiets hiervoor te koop nie. Haal net eers die pedale van die gewone fietsie af en stel die sitplek laer sodat die kind albei voete op die grond kan

neersit terwyl hy of sy op die saal sit. Leer hom of haar dan om met hul voete weg te skop en die fiets net vorentoe te laat loop. Wanneer hulle dit regkry om vir 'n redelike tyd hul balans op die fiets te kan hou sonder om om te val, kan die pedale weer aangesit en die sitplek hoër gestel word. Dan kan jy hulle leer hoe om die pedale te trap. Hierdie metode blyk baie meer effektief te wees om hulle die nodige balansering te leer as wat die geval met die kantwiele is.

Baie kinders sal met hierdie manier van leer kan assosieer aangesien hulle reeds van daardie swart plastiek-skopfietsies wat soos 'n motorfiets lyk, gehad het, waar hulle met die voete op die grond moes trap en hulself vorentoe moes "skop". Hierdie keer is die wiele net 'n bietjie smaller as met die swart skopmotorfietsies.

'n Mens kry wel ook balanseerfietsie te koop waar die beginsel presies dieselfde werk. Vir die kind is dit groot pret om dan sy voete op te lig en met 'n redelike spoed vorentoe te "vlieg". Só bou die kind die nodige selfvertroue op om hom of haar op twee wiele te balanseer.

## Maak seker die fiets is die regte grootte vir die kind.



Maak seker die kind kan gemaklik bo-oor die fiets staan sonder om skuins oor die dwarspyp te hang. Maak ook seker dat haar of sy hande gemaklik by die stuurstang bykom. As die fiets te groot is dat hulle gemaklik op en af kan klim, sal dit hulle van selfvertroue beroof.



## **Moenie die fiets vashou en saam hardloop nie.**



Ons almal onthou waarskynlik hoe die persoon wat ons geleer fietsry het, saam gehardloop het met die een hand onderaan die saal en die ander hand op die stuurstang, of albei hande onder die saal en gesweer het om nie te los nie. En dan tóg gelos het en 'n doodse vrees in ons gelaat het dat jy nie weer die fiets gestop kan kry nie! Dit blyk hierdie is nie so 'n goeie taktiek nie. Deur saam te hardloop, versteur jy eintlik die balans van die kind op die fiets. Daarom is dit beter dat die kind self momentum opbou deur op hul eie tyd die pedale te trap.

## **Moenie druk op hulle plaas om te gou te vinnig te ry nie.**



Jy is opgewonde, want jy het sopas jou kind geleer om fiets te ry! Maar nou is die tyd om daardie nuut verwerwe vaardigheid vir 'n tydjie te laat insink en broei. Om nou dadelik te verwag dat jou kind nou vinniger en verder moet ry net omdat hy 20 m bemeester het, is 'n bietjie veel gevra. Laat hy of sy eers vir 'n tyd teen hul eie tempo oefen. Moenie nou druk toepas dat hulle dadelik op straat gaan ry nie – bly vir eers nog op die parkeerterrein of in die park. Hulle sal self 'n aanduiding gee van wanneer hul selfvertroue genoeg is dat hulle langer afstande kan aanpak of vinniger kan begin ry.

## **Moenie jou eie doelwitte op hulle afforseer nie.**



Dit is baie soortgelyk aan die punt hierbo, maar dit het meer te doen met einddoel.

Moenie nou dadelik begin droom oor hoe julle twee saam-saam die volgende fietsresies gaan aanpak en dan 'n oefenprogram saamstel vir hierdie fietser-in-wording nie. Laat die kind teen sy of haar eie tempo ry, komplimenteer hulle met hul vordering en wag totdat hulle self belangstelling toon om van die vaardigheid 'n stokperdjie te maak. Geniet vir eers net die les vir wat dit is, naamlik om tyd saam met jou kind deur te bring en vir hom of haar 'n nuwe vaardigheid aan te leer.

## **Moenie vergeet dat dit veronderstel is om pret te wees nie.**



Dit gebeur baie gou dat die leermeester ongeduldig kan raak omdat die kind nie so maklik leer soos wat jy verwag nie. Om dan jou ongeduld te wys of moed op te gee, laat die kind net senuagtig en onseker en na 'n mislukking voel. Maak grappies van foute en probeer 'n prettige benadering tot die leerproses.

Vir jou moet dit ook nie soos werk voel nie. As jy besef jy het nie die nodige geduld nie, vra iemand anders met wie jou kind baie goed oor die weg kom om die taak namens jou aan te pak. Dit maak beslis nie van jou 'n slegte ouer nie party mense is net beter met sekere goed as ander.





# Raak 57 lewens aan deur orgaan- en weefselskenking

As jy al bloed geskenk het, jou kop laat kaal skeer het of gekleurde stroke in jou hare laat verf het ter ondersteuning van kankerpatiënte, of as 'n stamselskenker geregistreer is, is die kans goed dat jy dit ook al oorweeg het om as 'n orgaan- en weefselskenker te registreer.

**W**eet jy dat jy sewe lewens kan red deur jou organe te skenk en tot 50 mense kan help deur weefsel te skenk?

Die gedagte van orgaanskenking kan dalk morbied klink, maar die realiteit is dat die dood onvermydelik is. Daarom maak dit sin om met iemand na aan jou of iemand wat jy vertrou te bespreek wat ná jou dood met jou liggaam moet gebeur. Jy moet vir jou familie laat weet as jy graag jou organe ná jou dood wil skenk. Dit maak dit ook vir diegene wat agterbly makliker wanneer daardie besluit vir hulle geneem is in 'n tyd wanneer hulle soveel emosies soos skok, hartseer, ongeloof en oorweldiging moet hanteer.

Nie baie mense weet dat sowat 85% van mense wat sterf, ander kan help deur hul weefsel te skenk nie en dat een weefselskenking tot 50 mense se lewe kan verbeter nie. Het jy geweet dat menslike weefsel (vel, hartkleppe, senings, korneas en been) nog tot vyf dae ná afsterwe van 'n persoon geskenk kan word? Of dat iemand 'n dybeenkop kan skenk wanneer 'n heupvervanging uit keuse gedoen word?

Been- en weefselskenkings verbeter die lewensgehalte van duisende Suid-Afrikaanse pasiënte wat beenoorplantings nodig het om van beenfrakture te herstel, gebreke in bene te vul of om been te skep waar dit weens trauma, kanker of ander siekte verlore gegaan het.

Het jy geweet dat wanneer iemand erge brandwonde opdoen (en in Suid-Afrika is dit dikwels kinders) word pyn verminder en hulle herstel vinniger wanneer 'n skenker se vel opgesit word as 'n tydelike bedekking vir die brandwonde dien?

'n Wrede werklikheid is dat op enige gegewe tydstip daar in Suid-Afrika duisende pasiënte is wat desperaat wag vir 'n orgaanoorplanting wat hul lewe kan red en te veel van hulle sterf weens die tekort aan beskikbare organe vir oorplantings.

In Suid-Afrika wag duisende mense – babas, kinders, broers, susters, ma's, pa's en uitgebreide familie en geliefdes – desperaat vir 'n orgaan- of wefseloorplanting.

Die grootste probleem is dat selfs al is daar duisende mense wat 'n oorplanting nodig het, is daar baie min families wat JA sê vir orgaan- en wefselskenking nadat 'n geliefde gesterf het, en daarom sal net 'n paar van daardie mense wat dit benodig 'n oorplanting kry.

Orgaanskenking is 'n lewerreddende ingryping wanneer die ontvanger se orgaan ingegee het of beskadig is weens siekte of besering. Een voorbeeld om die behoefte te illustreer is dat 15% van Suid-Afrikaners deur chroniese niersiektes geraak word met soveel as 20 000 nuwe pasiënte jaarliks wat behandeling moet ontvang. Die behoefte vir orgaanoorplantings is nie 'n rariteit wat net 'n paar mense raak nie, aangesien enigeen wat aan diabetes of hoë bloeddruk ly, ook die gevaar staan om eendag 'n lewensreddende orgaanoorplanting te benodig.

## So, hoe presies het orgaanskenking begin?

Die eerste menslike hartoorplanting in op 3 Desember 1967 deur prof. Christian Barnard in die Grootte Schuur-hospitaal uitgevoer. Die pasiënt was Louis Washkansky, wat vir nog 18 dae geleef het ná die prosedure voordat hy aan longontsteking gesterf het. Sy orgaanskenker was Denise Darvall, 'n jong vrou wat in 'n motorongeluk noodlottige beserings opgedoen het.

Oorplantingsprosedures het sedertdien dramaties verbeter danksy die ontwikkeling van tegnologie en omdat mediese gemeenskappe konstant die oorplantingsprosedures ge oefen het om dit te vervolmaak en daarop te verbeter.



## Wat presies is orgaanskenking?

Orgaanskenking is die proses waartydens 'n orgaan of weefsel chirurgies van een persoon (die orgaanskenker) verwyder word en oorgeplant word in 'n ander persoon (die ontvanger).

## Wat is die verskil tussen orgaan- en weefselskenking?

'n Orgaanoorplanting vind plaas nadat 'n persoon breindood verklaar is maar nog deur 'n respirator aan die lewe gehou word, terwyl weefsel nog vir selfs 'n paar dae nadat die persoon oorlede is, onttrek kan word.

Nog 'n verskil is dat die ontvanger die geskenkte orgaan sal kry kort nadat dit onttrek is, terwyl weefsel gewoonlik in 'n spesiale weefselbank gebêre word en dan beskikbaar is vir gebruik wanneer dit benodig word.

## Watter organe kan oorgeplant word?

Jou hart, lewer en pankreas kan drie lewens red en jou niere en longe kan tot vier mense help. Jy kan dus sewe lewens red met jou organe.

## Watter weefsel kan oorgeplant word?

Jy kan tot 50 mense help deur jou korneas, vel, been, senings en hartkleppe te skenk.

## Wat is van die voordele van orgaan- en weefselskenking?

- Red lewens;
- Verlaag gesondheidsorgkoste;
- Verhoog lewensgehalte van die ontvanger, en
- Bevorder onafhanklikheid en ekonomiese produktiwiteit van die ontvanger.

Baie mense glo verkeerdelik dat hul kultuur, tradisies en geloof nie orgaan- en weefselskenking ondersteun of toelaat nie. Dit is nie waar nie, aangesien die meeste gelowe orgaan- en weefselskenking ondersteun en aanmoedig. Ons vra die publiek om met hul geestelike of geloofsleiers hieroor te praat.

So, asseblief, hersirkuleer alles van my sodat my dood nuwe lewe vir iemand anders kan beteken. As ek deel is van die 1% wat in 'n hospitaal sterf terwyl ek op 'n ventilator is en breinstamdood verklaar is, neem asseblief my organe (hart, lewer, pankreas, niere en longe) en gee dalk vir 'n jong vrou 'n kans om 'n ma te word of om haar kinders te sien grootword. Indien nie, gebruik my kornea-weefsel sodat iemand anders helder kan sien of dalk kan studeer. Of gebruik my hartkleppe sodat iemand anders gesond kan word sodat hulle hul werk kan doen en vir hul gesin kan voorsien en kan bydra tot die samelewing.

Orgaanskenking is 'n nalatenskap. Dit is die geskenk van hoop wat selfs ná ons leeftyd hoop vir ander bring. Ek gaan nie meer my organe of weefsel nodig hê wanneer ek gesterf het nie. Miskien kan my organe vir 'n persoon gegee word wat nog die wêreld kan verander en waarsonder hy of sy nie sy of haar lewensdoel sal kan vervul nie.

Al wat jy moet doen om 'n skenker te word is om by die Orgaanskenkerstigting van Suid-Afrika te registreer en dan jou wens om 'n skenker te wees met jou naastes te deel.

Dit is gratis en maklik om te registreer en behels geen indringende prosedures nie. Onthou om jou vriende en familie in te lig van jou wens sodat hulle ten tyde van jou afsterwe toestemming mag gee. So maak jy die besluit vir hulle makliker en hulle sal dankbaar wees vir die geleentheid om jou laaste wens toe te staan.

Om te registreer besoek [www.odf.org.za](http://www.odf.org.za) of skakel 0800 22 66 11 (tolvry).

Dit is maklik om sewe lewens te red en 50 mense te help.





www.bieliemielie.co.za

Kaartjies beskikbaar by:



COMPUTICKET



**DIENKIE  
DOEDELS**



**RETIEF  
BURGER**



**EARLY  
B**



**SUNSET  
SWEATSHOP**




**RIANA  
NEL**



**IVAN  
ROUX**




**JAN JAN  
JAN**




**BERNICE  
WEST**



**RIAAAN  
BENADE**



**CHRISTIA  
VISSER**



**GERMANDT  
GELDENHUYS**



**MATHYS &  
DANIE**



**APPEL**



**(MC) MARTIN  
VD MERWE**



# VKB BIELIEMIELIEFEES 24 -27 FEB 2022

**EEN VAN DIE GROOTSTE  
LANDBOUSKOU IN DIE VRYSTAAT**

Sangers • Kompetisies • Stalletjies  
Pretpark • Kindervermaak • Kuintent  
Kampeerterrin • kykNET-sepiesterre • Sport  
Vee-uitstallings • Kosstalletjies • Landbouskou  
en nog vele meer



COVID-19 is steeds met ons. Maatreëls sal gevolg word om u veiligheid te verseker.



# VKB MILLING

## Ryke verlede, dinamiese hede, belowende toekoms

**V**KB Milling verseker sy eie toekoms deur relevant te bly in die mark. Die visie bly steeds om volumes te groei sodat kapasiteit van die meulens ten volle benut word terwyl onnodige kostes uitgeskakel word. VKB Milling wil bydra tot groei in die maatskappy. Met Gustav Nel aan stuur van sake en 'n sterk ondersteunde bestuurspan, lyk VKB Milling se toekoms "Magnifisan"!

VKB Milling het egter 'n ryke geskiedenis wat begin met NTK en nou trots deel is van die VKB Groep. Sou jy jou hande kon lê op die 75 jaar- of 100 jaar-gedenkboeke van NTK, sal jy lees van die ryke geskiedenis van NTK se meulens. Waar die eerste meule was, is onbekend maar reeds in 1910 is daar heelwat inskrywings opgeteken vir maalloon. Tydens die ledevergaderings van 1962 word verduidelik dat die oprigting van 'n eie meule deur die Mielieraad afgekeur is. In 1964 tree NTK egter direk toe tot die maalbedryf met die koop van die Meule in Potgietersrus by mnr. Bobrow. Later het NTK ander meulens bekom en weer verkoop, maar dat die belangrikheid van die maal van mielies sedert die vroegste tye raakgesien is, is 'n feit.

Gustav Nel vertel dat die laaste jaar verskeie uitdagings vir Milling gebied het, die grootste waarvan die tekort aan grondstof terwyl vraag na mielies hoog was. Dit het fyn bestuur geverg om die balans te vind en kliënte te diens. Ten spyte van die uitdagings het VKB Milling steeds 'n goeie jaar beleef. Dit was vir seker 'n leerkurwe vir almal, maar met positiewe resultate.

Die primêre fokus in hierdie balanseertoertjie was steeds die plaaslike mark, want VKB Milling se verantwoordelikheid en verpligtinge is eerstens teenoor ons mense. Die behou en uitbou van verhoudings met ons landgenote bly die kern van die besigheid. In die proses bly dit kardinaal om almal in die ketting billik en regverdig te behandel.

In onsekere tye het VKB Milling 'n goeie groei getoon. Toe mense produkte met 'n langer raklewe begin soek, was meel beslis op die lysie. Dit het Gustav en sy span weereens die waarde van landbou en voedselvoorsiening laat besef. Ook toe onrus in die land vroeër vanjaar sy kop uitsteek, het die realiteit van voedselsekureit na vore gekom. Meel

is 'n stapelvoedsel vir baie Suid-Afrikaners en vir die mense van VKB Milling was en is dit 'n lekker gevoel om 'n bydrae te maak om, selfs in die moeilikste tye, kos te voorsien aan die mense. VKB Milling sal, soos altyd, relevant volhoubare planne maak om kos op die mense se tafels te sit.

Die personeel van VKB Milling is lojaal. Die personeel is goed vir Milling, want Milling is goed vir die personeel. Dit is waarlik tweerigting-verkeer en die een kan nie sonder die ander nie. 360 permanente werkers werk saam met een doel voor oë: kos vir die nasie. Maar nie enige kos nie – die beste gehalte teen die beste prys op die beste tyd en met die beste uitkoms vir VKB.

Meulens in bedryf is Potgietersrus, wat die vlagskip is, Louis Trichardt en Lydenburg met 'n kleiner meule op Frankfort wat nou ook onder die VKB Milling-vaandel maal. Verder het VKB ook 'n aandeel in Vembe Meule.

Met 'n mark wat al meer mededingend raak, is gehalte ononderhandelbaar. Bestuur moet die vinger op prosesse hou aangesien gehalte Magnifisan onderskei van baie ander handelsname. Dit is belangrik om die goue draad van 'n bekende handelsmerk deur te trek en daarom wag opwindende nuwe verwickelinge vir die handelsmerk. Die waarde van 'n handelsmerk moet nooit gering geag word nie.

Verkope deur handelstakke en Foods is van kardinale belang vir VKB Milling en hulle waardeer die ondersteuning geweldig baie. Voorts word VKB Milling se produkte versprei deur depots wat Milling self bestuur en dan dwarsdeur die land, maar veral Limpopo, deur kleinhandelaars wat strategies naby die verbruikers geleë is.

In die toekoms gaan daar gefokus word op die uitbreiding van kanale sodat geografiese uitbreiding kan plaasvind. Volume-uitbreiding sonder addisionele vaste kostes is die sleutel tot die toekoms.

VKB Milling is hier om te bly – vir die liefde van die mense van die land.



Gustav Nel (besturende direkteur), Elsabe du Plooy (rekenmeester), Joseph Dichabe (kredietbestuurder), Anton Geelhuizen (kredietbestuurder), Jo-Anne Fillis (MH-bestuurder), Rudolph Kruger (kosteberekenaar) en Johan Koen (finansiële bestuurder)



Leon Armstrong (verpakkingsbestuurder), Judith Maluleka (gehaltekontra-teursbestuurder), Peet Oosthuizen (produksiebestuurder), Neels Roux (hoof-meulenaar), Chase Fillis (senior gesondheid- en veiligheidsbeampte)





for the LOVE of the LAND

www.vkb.co.za



# GARDENING



**R64<sup>00</sup>**

Gardenftech  
Sprayer 2 L

**R217<sup>00</sup>**

Gardenftech  
Sprayer 5 L



**R377<sup>00</sup>**

Gardenftech  
Knapsack 16 L



**R49<sup>00</sup>**

Etko  
Snailban 1 kg



**R53<sup>00</sup>**

Etko Ant  
100 ml



**R135<sup>00</sup>**

Etko  
Kamikaze 1 kg



**R60<sup>00</sup>**

Etko  
Molosol 100 ml

WONDER LAWN & LEAF



**R89<sup>00</sup>**

7:1:3 5 kg

**R165<sup>00</sup>**

7:1:3 10 kg



**R111<sup>00</sup>**

Wonder LAN 5 kg



**R57<sup>00</sup>**

Profek Flyzone  
Disposable



**R94<sup>00</sup>**

Profek Eose  
Guard 100 ml



**R145<sup>00</sup>**

Profek Avic Spray  
300 ml



**R495<sup>00</sup>**

Profek Termhex  
3c 200 ml



**R125<sup>00</sup>**

Profek  
Alphanin 50 ml



**R185<sup>00</sup>**

Profek Guano  
2 L



**R200<sup>00</sup>**

Profek Clear All  
1 L

SEBOR SUPER POT SET 3 PACK



**R95<sup>00</sup>**

Assorted 20 cm

42181 | 42184  
42187 | 42190  
42193



**R60<sup>00</sup>**

Sebor Watering  
Can Blue/Teal 5 L

42175 | 42176

Head Office | 31 President CR Swart Street | Bellville | 7815 | Tel: 021 567 388 8111 | vkb@vkb.co.za | VBS (Pty) Ltd is an Authorized Credit Supplier NCRCP 7874

**vkb**

**23 NOVEMBER - 31 DECEMBER 2021**

**ntk**



# Happy Holidays

PROMOTION

for the LOVE of the LAND

www.vkb.co.za

## GARDENING

**R64<sup>00</sup>**  
GardenTech Sprayer 2 L

**R377<sup>00</sup>**  
GardenTech Knapsack 16 L



**R49<sup>00</sup>**  
Ekelo Snailban 1 kg

**R53<sup>00</sup>**  
Ekelo Ant 100 ml

**R135<sup>00</sup>**  
Ekelo Kamikaze 1 kg

**R60<sup>00</sup>**  
Ekelo Malasol 100 ml

WONDER LAWN & LEAF

**R89<sup>00</sup>**  
7:1:3 5 kg

**R165<sup>00</sup>**  
7:1:3 10 kg

**R111<sup>00</sup>**  
Wonder LAN 5 kg

**R57<sup>00</sup>**  
Profek Flyzone Disposable

**R94<sup>00</sup>**  
Profek Rose Guard 100 ml

**R145<sup>00</sup>**  
Profek Avitpray 300 ml

**R495<sup>00</sup>**  
Profek Terminex 5c 200 ml

**R125<sup>00</sup>**  
Profek Alphathin 50 ml

### SEBOR SUPER POT SET 3 PACK

**R185<sup>00</sup>**  
Profek Guanoflo 2 L

**R200<sup>00</sup>**  
Profek Clear All 1 L

**R95<sup>00</sup>**  
Assorted 20 cm

**R60<sup>00</sup>**  
Sebor Watering Can Blue/Teal 5 L

Head Office | 21 President CF Swart Street | Bellville | 7818 | Tel: 287 288 9111 | vkb@vkb.co.za | V&B Landbou (Pty) Ltd is an Authorised Credit Supplier NCRCP 7884

**23 NOVEMBER - 31 DECEMBER 2021**







for the LOVE of the LAND

vkb.co.za

# HOUSEHOLD PRODUCTS



**R10<sup>00</sup>**  
Household Rubber Yellow Glove Large  
746073



**R20<sup>00</sup>**  
Dux Dishwashing Liquid Lemon/Cherry 750 ml  
417348 | 417349



**R22<sup>00</sup>**  
Dux Dishwashing Liquid Anti-Bacterial 750 ml  
417351



**R125<sup>00</sup>**  
Dux Bleach Assorted 750 ml  
418990 | 418991 | 418992 | 418993



**R26<sup>00</sup>**  
Dux Germ Buster Assorted 750 ml  
418994 | 418995 | 418996



**R18<sup>00</sup>**  
Dux All Purpose Cleaner Assorted 750 ml  
418997 | 418998 | 418999



**R29<sup>00</sup>**  
Dux Windows Non Drip Formula 750 ml  
419000



**R119<sup>00</sup>**  
Dux Germ-O-Kill 5 L  
419001



**R70<sup>00</sup>**  
Dux Superbac Lavender 5 L  
419002



**R210<sup>00</sup>**  
Dux Maxi-Gel Assorted 500 ml  
419003 | 419004 | 419005 | 419006 | 419007



**R46<sup>00</sup>**  
Dux Drain-O-Liquid 1 L  
419008



**R53<sup>00</sup>**  
Dux Block Dip 1 L  
419009



**R55<sup>00</sup>**  
Dux Breeze Hand Washing Powder 2 kg  
419010



**R72<sup>00</sup>**  
Dux Power Plus Auto Washing Powder 2 kg  
419011



**R39<sup>00</sup>**  
Dux Fabric Softener Assorted 2 L  
419012 | 419013 | 419014 | 419015 | 419016 | 419017



**R38<sup>00</sup>**  
Fankasia Linen Spray Country Fresh 300 ml  
419018



**R210<sup>00</sup>**  
Dux Starfresh Assorted 250 ml  
419019 | 419020 | 419021 | 419022



**R310<sup>00</sup>**  
Fankasia Pearl Hand Soap Assorted 500 ml  
419023 | 419024 | 419025



**R88<sup>00</sup>**  
Dux Delights Lamp Assorted  
420010 | 420011 | 420012 | 420013 | 420014 | 420015 | 420016



**R85<sup>00</sup>**  
Broom Complete Black Fibre Gb4  
419026



**R55<sup>00</sup>**  
Mop Complete With Wooden Handle W5  
419027



**R55<sup>00</sup>**  
Microfibre Cloth 5 Piece  
420017



**R44<sup>00</sup>**  
Dux Pro-Spot 4 Degreaser Cleaner 500 ml  
419028

Head Office | 21 President CF Swart Street | Bellville | 7818 | Tel: 087 288 8111 | vkb@vkb.co.za | VEB Landbou (Pty) Ltd is an Authorized Credit Supplier NCRCP 7894

**23 NOVEMBER - 31 DECEMBER 2021**







## Fabian Doras meets the beauty through donation

VKB Milling sponsored 30 bags of 25 kg Magnifisan to Thelma Kgomo, a finalist in the Mrs. Universe Africa competition. She works in collaboration with the Mapelo Mashishi Foundation and Fabian Doras (Marketing VKB Milling) had the privilege to arrange the donation and to receive the certificate of appreciation from the beauty.



Fabian Doras with Mrs. Kgomo and the lady of Mapelo Mashishi

## Veiling op Messina goed ondersteun

Waar die boer is, is NTK. En waar NTK is, is staatsmaker-verskaffers.

Die Nuwelus Jongbees-veiling op Messina het goeie aftrek gekry. Cobus en Annemarie du Plessis van NTK was natuurlik daar om die produsente te ondersteun. Hesmarië Barkhuizen van Afrivet was ook daar met 'n pragtige stalletjie. Ander verskaffers was DJ van Virbac, Jan van Antrovet en Noël van MSD. 'n Geslaagde dag vir NTK en sy verskaffers in aksie!



## Morne Smith bestuur die massiewe DC te Potties



Morne Smith is op 1 Februarie as bestuurder aangestel van die Distribusiesentrum in Mokopane, 'n man met baie ondervinding asook die nodige kwalifikasies. Vir hom is sy werksbeskrywing eenvoudig: Dienslewering aan al VKB se winkels in die Limpopo-streek. Dit doen Morne en sy span akkuraat, professioneel en so gou as moontlik.

## Coenie Engelbrecht sien Potties handel as 'n uitdaging

Die nuwe takbestuurder van Potties Handelstak is Coenie Engelbrecht, 'n man met genoeg ervaring in kleinhandel en 'n passie vir 'n uitdaging. Hy wil graag Potties Handel 'n suksesvolle tak binne die VKB Groep maak en sien reeds geleentheid raak.



## Bikers for a good cause

Bikers from all over Limpopo and even Gauteng recently got together to give much needed supplies to the Abraham Kriel Children's Home in Modimolle. NTK Nylstroom donated maize meal towards the good cause and our own biker lady, Santie van Rooyen (she goes on the back of hubby, Renier's bike), made the link between the two parties. Of course, Janneman Henn was also part of the group.







**CAPRICHEM** (Pty) Ltd.

*Committed to Service*

SPECIALISTS IN INDUSTRIAL CHEMICALS & CONTRACT MANUFACTURING

AVAILABLE AT ALL **vkb** BRANCHES

**Mighty Powerful**  
**DUK**  
*Unbeatable Value*

**Hygienie**  
Magical Hygiene  
**F&B**

**eco**  
clean living

**Wizard**  
MAGICAL FLOORCARE

**Fantasia**

**STALLION**  
CAR CARE

*Professional Solutions*

**Degrasol**

# SA boer se skotteleg staan sy man teen ingevoerde werktuie

'n Boer maak 'n plan, lui die spreekwoord. En as 'n boer se gevestigde melkery skielik sukkel om die syfers uit die rooi te hou, maak hy soos Wilhelm du Toit van Bethlehem 'n plan en spits hom toe op een van sy ander passies: die ontwerp en vervaardiging van implemente om die meganisering van landbou te vergemaklik.

Die gevolg van hierdie plan is die BOK.I-handelsmerk van Wilhelm, ook bekend as Bokkie, en sy drie seuns, Hendri, Wikus en Wilhelm jr.

Volgens hul webblad [www.boki.co.za](http://www.boki.co.za) het hierdie eienaar-bestuurde besigheid ontstaan uit 'n passie vir landbou en landboumeganisasie.

“Ons gebruik moderne tegnologie vir die vervaardiging van en bly op hoogte met die nuutste verwikkeling en aanvraag in die veld vir topgehalte produkte,” sê hulle.

“Gesamentlik het ons 30 jaar ondervinding van ontwerp en vervaardiging en ons leef ons passie vir vernuwing en verbetering uit om in ons kliënte se veranderende behoeftes te voorsien.”

Volgens 'n artikel wat onlangs in Landbouweekblad verskyn het, bou Bokkie al jare lank werktuie, soos voermengers, hamermeulens en stropertafel-karre, vir sy Oos-Vrystaatse medeboere, maar “deesdae is hul spogprodukt uit die plaas se werkwinkel die kompakte skotteleg-reeks BOK.I van Bokwerktuie”.

Hendri, Wilhelm se oudste seun, was voorheen 'n kontrakteur vir Eskom-kragstasies. Hy was die eerste van die drie broers wat op die plaas kom hand bysit het. “Sy sterk punt is administrasie en bemaking. “Wilhelm en Hendri het op een van die Nampo-oesdae die beginsel van die kompakte skotteleg raakgesien. Dié werktuie se werkverrigting in die grond het hulle beïndruk, maar hulle was geskok oor die 'astronomies hoë aankoopprys'.

“In 2016 het hulle hul eie kompakte skotteleg gebou toe die moderne skotteleg nog slegs by groter boerderyeenhede te sien was. Die Du Toits se eerste demonstrasie in 2017 het gemengde reaksie by die aanwesiges ontlok, maar hulle het wel een bestelling gekry.

“Wilhelm, Hendri en een handlanger het daardie jaar sewe werktuie gebou om Wilhelm se droom van een bekostigbare werktuig vir stoppelsbewerking, onkruidbekamping en saadbedvoorbereiding te bewaarheid.”

Wikus, die tweede oudste broer, is die een wat met die ontwerp van die toerusting help. Hy sê die BOK.I-reeks het verskeie kenmerke wat dit plaaslik aanlokliker maak as ingevoerde werktuie.

“Die Du Toits skryf dit toe aan die gehalte wat verband hou met die snit, afwerking en raam van die implemente. Dit is ook aansienlik goedkoper as buitelandse werktuie, onderhoudsvriendelik en bied 'n verskeidenheid modelle,” lui die artikel in Landbouweekblad.

“Die BOK.I het een van die aggressiefste, beproefde snyhoeke op die mark. Dit is 'n paar grade wyer as

die algemene markstandaard van 17 grade. Net soos sy Europese eweknieë het dit ook 'n onafhanklike, rubbergeveerde skottelarm en onderhoudsvrye verseëelde laer,” sê Wikus.

“Die verseëelde laer is oral beskikbaar en nie aan 'n bepaalde verskaffer gekoppel nie. Die plaaslike koniese skottel is goedkoop en 6 mm dik. Die afstand tussen skottelgange is groot om die deurvloei van die materiaal te vergemaklik.”

“Die staafroller is glad en ferm, en loop op Amerikaans ontwerpte koeëllaers. Die roller self is stewig van 25 mm-rondestaaf vervaardig en het 'n groot deursnit.

Die roller bepaal ook die diepte van die snit. Die diepteverstelling geskied gerieflik met 'n verstelarm.

“Die hoofraam en rollerraam is as 'n eenheid ontwerp. “Die hele werktuig is dus versterk,” sê Wikus.

Die raam word van laserprofiel-plate van 16 mm aanmekaar gesit en met vierkantige buispype van 8 mm en 10 mm wat dit deurkruis. Die Du Toits roem hulle daarop dat die sweisproses uniek is.

“Ons draai die raam deur 360 grade om te verseker daar is geen vertikale sweislaste nie,” sê Wikus.

“Wilhelm het hiervoor 'n draairoosterstruktuur van afvalmateriaal gebou waarmee die werktuig gedraai kan word.

“Die BOK.I-skottelwerktuie word in halfmeter-inkremente vervaardig. Die reeks strek nou van 1,25 m, wat vir wingerdtrekkers ontwerp is, tot 'n opvoumodel van 8 m vir groter boerderye.

## Voordele van 'n kompakte skottelwerktuig

- Kompakte uitleg. Danksy die kompakte aard word dit as 'n driepuntwerktuig beskou wat die onderhoud en koste van 'n hidrouliese wielstelsel uitsny. Driepuntwerktuie draai ook gerieflik op die wenakkers.

- Werkverrigting. Dit kan teen 'n betreklik hoë spoed goeie werkverrigting lewer. Aangesien dit 'n intensiewer bewerking vlakker doen, word diesel en tyd bespaar.

- Saadbedding. Kompak-êe is veral bekend vir die saadbedding wat hulle voor planters kan maak. Met hul hoë werkverrigting bly hulle net so gemaklik voor die planters soos saadbedskoffels. Enige onkruid word ook weggesny. Saad word dan in 'n skoon en ferm saadbedding geplant.

- Stoppelsbewerking. Die beheer van mieliereste is een van graanboere se grootste knelpunte. Nuwe kultivars met 'n ultrahoë opbrengs veroorsaak dat baie materiaal agterbly en indien dit nie reg bestuur word nie, kan dit in planttyd 'n probleem wees. Skottelwerktuie kan stoppels opkerf sodat dit nie teen plantereenhede oppak nie. Die pitte wat in strooptyd gemors word, word ook begrawe sodat dit voor die nuwe plantseisoen kan ontkiem.

- Opslag en onkruid. Danksy die doeltreffende snyhoek word onkruid en opslag teen 'n lae diesilverbruik uitgeskakel.





'n Mens kan die helderkleurige 4 m-skottelwerktuig kwalik miskyk. Die skottels word met slegs SKF- of NSK-laers gemonteer, en vir die saadbeddingroller Amerikaanse ontwikkelde laers. Foto's: JOHAN NORVAL



Die skottelwerktuig van 6 m aan die werk. Die werktuig se wydte word tot sowat 2 m verminder wanneer die kante met hidrouliese arms opgelig word.



Die hoek van die skottels wat voldoende vloei van materiaal deur die werktuig verseker. Die skottelgange is ook ver uit mekaar geplaas sonder om die massamiddelpunt van die werktuig prys te gee.



Die BOK-I het 'n geïntegreerde raam/roller-ontwerp wat die hele werktuig stabiel maak.



Die Du Toit-viermanskop by een van hul groen skeppings. Op die agtergrond is die nederige "blikskuur" waar die werktuie gebou word. Agter is Wilhelm jr. (links) en Wilhelm sr., en voor is Hendri (links) en Wikus du Toit.

## Ander implemente

Hoewel die skotteleg tans die nuusblaai haal, is die Du Toits se ander implemente ook baie gewild op die plaaslike mark. Op hul webblad is die volgende inligting beskikbaar:

Die **BOK.I KD**-reeks is ideaal vir saadbedvoorbereiding in konvensionele én minimumbewerkingspraktyke. Dit word ook aangewend in die stoppelbewerking in oesreste, inwerk van kunsmis, effektiewe onkruidbeheer en is uitstekend vir grondvermenging in die suurstofsonne.

Op die webblad word die kenmerke van die KD-reeks beskryf as "stewige, moderne konstruksie; uitstekende vakmanskap; lae onderhoud; hoë werkspoed – van 8 km/h tot 16 km/h; lae dieselverbruik en lae totale implementkoste per hektaar."

Die rubbergemonteerde veerbelading sorg vir egalige grondkontak en beskerm skottels teen skade. Die onderhoudsvrye geseëde laers verseker hoë

betroubaarheid en die swaardiensrollers verseker goeie konsolidasie van grond. Die implemente is toegerus met standaard 20" 6 mm-skottels wat 'n goeie balans tussen hoë rotasie vir beter grond- en materiaalvermenging, penetrasievermoë en 'n lang leeftyd verseker. Dis beskikbaar in 2 m tot 8 m in driepunt-, sleep-, vasteraam- en opvou-modelle.

Die **BOK.I IR**-reeks is inlyn-skeurploë en bied maksimum deurbreek van verdigingslae in minimumbewerkingspraktyke sonder om grondstruktuur totaal te vernietig. Bogrond en materiaal word tot die minimum versteur. Die kenmerke word aangegee as "stewige, moderne konstruksie; uitstekende vakmanskap; lae onderhoud; en swaardienstand-ontwerp". Die werktuie bied 'n 1 200 kg-wegbreekaksie met betroubare bladveer, vervangbare skoen- en vlerk-skare en 'n algemeen beskikbare aanslaan-skaar word gebruik. Dan het die werktuie ook verstelbare rubbergemonteerde kouters en onderhoudsvrye geseëde NSK-laers wat hoë betroubaarheid bied. Die werktuig kom uit met standaard 20"-geriffelde kouters en is in viertand tot nege-tand beskikbaar in driepunt-vasteraam-modelle wat 25 tot 30 kW per tand lewer.

Die **BOK.I AIR**-reeks word gebruik vir die saai van voer- en dekgewasse. Dit kan geïntegreer word met die BOK.I-reeks implemente of afsonderlik gemonteer word op die boer se bestaande implemente. Dit het 'n 12 V-gedrewe sisteem met vele uitlaat- en uitmeter-opsies wat kan voldoen aan wye boerderymonteringsgeleenthede.

Die kenmerke sluit in dat dit in elektriese of outomatiese weergawes voorkom tot en met 6 m-werkswydte. Daar is verskeie meter-rollers vir verskeie saadopsies. Die masjiene het plastiektenks van 130 en 400 liter onderskeidelik. "Rate control", 'n spoedwiel en loopvlakmonteerstukke is beskikbaar as opsionele opsie op die BOK.I-reeks implemente.

Die **BOK.I SPREAD**-reeks bied 'n kostedoeltreffende metode vir die saai van dekgewasse en voer, of die uitstrooi van ongedierte-beheermiddels. Die lae 12 V-kragverbruik, asook totale gewig van die reeks strooierjies open 'n wye moontlikheid van monteringsgeleenthede. Hierdie implement is tot en met 12 m-werkswydte beskikbaar en het 'n plastiektenk van óf 60 óf 95 liter.



#### Waarom n BOK.I KD reeks?

Die KD reeks is n Kompakte skottel eg wat vir hoe spoed primere & sekondere bewerkings gebruik word. Die kombinasie van die skottels en rollers stel die BOK.I KD reeks in staat om aan die veel-eisende uitdagings van die moderne boer te voldoen – van n vlak intensiewe bewerking tot dieper inkorporasie. Die veelsydigheid van die KD reeks bespaar bewerkings en drae by tot n lae totale koste per hektaar en die beste moontlike begin vir n nuwe oes.

Stoppelbewerking.



Inkorporasie.



Saadbedvoorbereiding.



Saai van voer en dekgewas



Meganiese opslag-beheer



**Die KD reeks is n ware veelsydige speler . Produsente wat n hoe prys plaas op veelsydigheid gebruik dit in talle fassete van gewas produksie, Die KD reeks kan vir 5 hoof areas gebruik word, Stoppel bewerking, inkorporasie, saadbedvoorbereiding, Saai van voer en dekgewas (Pro Air Reeks) & meganiese opslag beheer.**





**Case Magnum 335 Full AFS**  
2010-model  
6 773 ure  
Nico van der Walt  
**R1 280 000** + BTW



**Quantum Railed Sprayer**  
Nuut  
18 m 2000 L  
Theo Roux  
**R245 000** + BTW



**Case 310**  
2006-model  
7 800 ure  
Johan van Zyl  
**R865 000** + BTW



**John Deere 6110M ROP**  
2017-model  
4 500 ure  
Nico van der Walt  
**R620 000** + BTW



**Case Magnum 225**  
2008-model  
Theo Roux  
**R750 000** + BTW



**Case Flextafel + karretjie**  
2020-model  
Nico van der Walt  
**R325 000** + BTW



**Case Maxxum 125 ROP**  
2013-model  
16x16-ratkas, 3 999 ure  
Bertie Mienie  
**R465 000** + BTW



**CTC 6m 21Tand Demo**  
Winskoop  
Johan van Zyl  
**R765 000** + BTW



**Landini Landforce 125**  
Coenrad Bruwer  
**R415 000** + BTW



**Case Farmall 140A**  
2013-model  
4 052 ure  
Jaco Els  
**R465 000** + BTW



**Case STX 450**  
2005-model  
Autopilot, Easy Steer  
Nico van der Walt  
**R1 485 000** + BTW



**Hardi Ranger 2500**  
2012-model  
Muller-sistiem  
Phil Brits  
**R330 000** + BTW




**Case JXM90 4WD**  
2017-model  
1978 ure, 5\*  
Bertie Mienie  
**R335 000** + BTW



**BPI 21T-tapkar**  
Nuut  
Theo Roux  
**R429 000** + BTW



**Basak 2080 Cab Demo**  
Volle waarborg  
64 ure  
Garreth Spaumer  
**R435 000** + BTW



**Jacto Vortex-spuut**  
Baie mooi toestand  
Johan van Zyl  
**R235 000** + BTW



**Gaysa Troner 3000 L Spuit**  
18 m Boom, 5 seksies  
Elektroniese kleppe  
Phil Brits  
**R250 000** + BTW



**John Deere 6105M CAB**  
2015-model  
9 931 ure  
Nico van der Walt  
**R485 000** + BTW

**Kontakbesonderhede: Vrystaat & Limpopo**

David Exley  
082 554 7116  
Bethlehem

Sarel Fourie  
083 627 8353  
Bethlehem

Coenrad Bruwer  
083 255 6223  
Reitz

Nico van der Walt  
082 494 8907  
Reitz

Theo Roux  
082 818 9705  
Warden

Johan van Zyl  
084 245 0576  
Frankfort

Phil Britz  
060 636 6258  
Vrede



for the **LOVE** of the **LAND** | [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)   

# BUY **PETROL OR DIESEL** AND STAND A CHANCE TO:

# WIN



# 1 OF 2 JOJO TANKS

## 2 700 L

**01 DECEMBER 2021 - 31 JANUARY 2022**

**AFTER YOUR PURCHASE, SCAN THE QR CODE  
PROVIDED BY THE FUEL ATTENDANT TO ENTER**

**AVAILABLE AT YOUR NEAREST VKB,  
NTK OR VKB FUELS BRANCH.**



Head Office | 31 President CR Swart Street | Reitz | 9810 | Tel. 087 358 8111  
[vkb@vkb.co.za](mailto:vkb@vkb.co.za) | VKB Landbou (Pty) Ltd is an Authorised Credit Supplier  
NCRCP 7894

Terms and Conditions apply. Visit the competition page on [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)  
for more information. VKB cannot be held responsible for any changes or print  
errors that may occur.

**vkb  
fuels**

**TotalEnergies**